

896.3977231 MOFO

~~896.3909 MOFO.~~

74/10622



UNIVERSITY OF CAPE TOWN LIBRARIES

896.3909 MOFO
74/10622

2
3,50



197401404401







Thomas Mofolo

Tjhaka

Vertaal deur
Chris Swanepoel

Tafelberg

Kopiereg © 1926 Morija Sesuto Book Depot, Paris
Evangelical Mission, Morija, Lesotho onder die titel *Chaka*
Uit Suid-Sotho vertaal deur Chris Swanepoel
Kopiereg © 1974 Afrikaanse Uitgawe
Tafelberg-Uitgewers Beperk
Geset in 10 op 12 pt Times Roman Intertype
Gedruk en gebind deur
Nasionale Boekdrukkery Beperk
Elsiesrivier, K.P.
Eerste druk 1974

ISBN 0 624 00596 8

826.3977231 MOFO

2/10352

Nandi kies Senzangakhona

Suid-Afrika is 'n breë punt tussen twee see, die see van die ooste en die see van die weste. Die volke wat hier woon, is van verskillende soorte en praat verskillende tale. Nogtans kan hulle maklik in drie groot groepe verdeel word: die stamme langs die westelike kus is geel van kleur, dit is die Boesmans en Hottentotte; in die middel is die Basotho en die Batswana; in die ooste is die Bakone, die Mazulu.

Hulle grense is groot en duidelik. Dit is grense wat deur God gemaak is, nie deur mense nie. Want die stamme van die weste is geskei van dié in die middel deur groot waterlose sandwoestyne; die stamme in die middel van dié in die ooste deur 'n groot, hoë bergreeks wat uit die Kolonie opwaarts strek, parallel met die see, maar ver daarvandaan.

Die verskil tussen die stamme is inderdaad groot. So groot dat iemand wat van die weste af ooswaarts reis, self voel en sien dat hy in 'n ander land en tussen ander mense gekom het as hy by die Basotho in die middel is, en so is dit ook as hy afgaan na die stamme van die Zulu oorkant die Drakensberg.

Ons verhaal handel oor die mense van die ooste, die Bakone. Maar voordat ons daarmee voortgaan, moet ons kyk hoe die stamme aan die begin gewoon het, sodat die leser kan verstaan waarvan in die hoofstukke wat volg, vertel word.

Die grootste deel van hierdie land van die Bakone, dié tussen die Drakensberg en die see, is ruig met bos begroei. Hier word dit nooit baie koud nie, want dit is naby die see. Dit is 'n groen land met vet weivelde. Die leemgrond wat hier aangetref word, beteken baie kos. Daar is rooigras en blouveigras. Die water is moerassig. Dit is dus goeie beeswêreld. Daar is baie riviere wat 'n teken is van goeie reëns. Dit is 'n baie mistige land. Die mis klaar gewoonlik eers op as die son al hoog is. Dit is 'n teken dat daar nie droogtes is nie, want die land bly lank vogtig. Vroeër was Bokone die digstbevolkte deel van hierdie landstreek. Daar was baie en groot statte.

Wat die kultuur betref, kan ons sê dat hierdie 'n volk was wat towermiddels beter geken het as al die ander stamme van Suid-Afrika, veral ook omdat hulle tussen die bosse en bome gewoon het waarvan die towermiddels gemaak is: middels om iemand op die proef te stel of te

laat jy; middels om iemand se liefde te wen; om iemand te roep; om die vyand te verstrooi. Hierdie mense se gelyke was daar nie. Selfs nie eens die Masarwa wat beroemd was vir hulle kennis van toorgoed, kon by hulle kom nie. Hulle was verder bekend vir hulle vermoë om met diegene wat lank reeds dood is, te praat. En hulle het die raadgewinge aanvaar wat van die voorvadergeeste kom.

In Bokone was waterslange belangrik; egter nie net waterslange nie, ook reptiele soos die rinhals en die pofadder. As iemand 'n slang gesien het, het hy 'n groot ding gesien wat geluk kon voorspel of ongeluk wat van die voorvadergeeste kom. Slange is in Bokone nie doodgemaak nie. Die mens wat een doodmaak, het 'n daad gepleeg wat alle ander lelike dade oortref, en solank hy lewe, sal hy die blaam dra dat hy 'n slang doodgemaak het. Daar word geglo dat 'n mens die voorvadergeeste vloek as jy 'n slang doodmaak. Jy beledig hulle deur hul boodskapper dood te maak. Want in Bokone is 'n slang bekend as 'n boodskapper wat die sake van die gestorwenes aan hulle nageslag oordra. As 'n slang in 'n hut ingegaan het terwyl die mense weg was, sal hulle nie in daardie hut ingaan nie. Hulle sal buite wag totdat hy vanself uitkom. Hulle glo dan die voorvadergeeste verlang na hulle, of dit is 'n teken dat iets gaan gebeur. Met vreeslike strawwe soos plaë en vyande sal die geeste met hulle afreken. As 'n slang in 'n hut ingaan, begin die bewoners al dankie sê, of bid en smeek om genade by die voorvaders wat vir hulle kwaad is. Omdat hulle nie doodgemaak word nie, is daar baie slange in Bokone.

As 'n mens afgaan tussen die see en die Drakensberg tot by Delagoabaai in die noorde, is die eerste Bakonestam die Swazi. Oorkant die Swart-Umfolozi was die stam van die Ndwandwe wat deur Zwide regeer is. Tussen die Swart-Umfolozi en die Wit-Umfolozi was die stam van die Bathethwa wat deur Jobe regeer is; of miskien moet ons sê, sy seun, Dingiswayo, want hy was beroemder as sy pa. Tussen hierdie twee stamme, maar aan die bokant, was daar 'n klein, swak stammetjie wat deur Jobe beskerm is, die Fenu-lwenja. Maar hierdie stam was later baie beroemd en al die Bakonestamme is na hom vernoem. Naby hulle was die Mangwane onder Matiwane wat een keer 'n aanval op Thaba Bosiu geloods het. Daar was ook nog die stamme van Maqhwabe, Mafuze, Bathembu, Makhuzi, Mahlubi, Bamachibisa en Mathuli (waar Durban vandag geleë is). Die leser moet onthou ons vertel hoe die stamme lank gelede gewoon het toe die wêreld nog leeg was.

Baie van die swak stammetjies langs die oewer van die Wit-Umfolozi het na Jobe, opperhoof van die Bathethwa, gevlug om beskerming by hom te vra, want hy was baie lankmoedig. Een van dié stammetjies was die Fenu-lwenja (Mazulu). In daardie dae was die Mazulu die swakste

van al die swak stammetjies. Hulle het alleen bestaan deur die genade en sagmoedigheid van die groot opperhoof, Jobe. Hulle was beroemd vir hul handel in tabak, houtskottels en ander handgemaakte artikels.

Daar is nie 'n plek op aarde waar daar nie oorlog gemaak word nie. Dit was so van die eerste dag af dat volke mekaar begin haat het. Gedurig het hulle mekaar beveg, soms jare lank. Maar uiteindelik keer vrede weer terug en die land word weer rustig. Dan, terwyl die stamme nog in vrede leef, kom daar 'n seun uit 'n stam te voorskyn wat die volke in beroering bring. Die vrede is daarmee heen en hy alleen vergiet baie bloed. Maar die wreedhede van uitdelgingsoorloë was nie aan die voorgeslagte bekend toe die stamme nog in afsondering gewoon het nie. Hulle het in vrede geleef vanaf die dag dat Nkulunkulu die mens uit die riet gehaal het. En te midde van die vrede en voorspoed het niemand eers daaraan gedink dat die omstandighede van hulle lewe op die punt was om te verander nie; dat hulle deur die land sou swerf sonder 'n vaste woonplek en doodgemaak sou word deur die assegaai en deur honger en voortvlugting en maerte nie.

Die Zulustammetjie is in daardie dae deur Senzangakhona geregeer. Hy was nog 'n baie jong man en het drie of vier vroue gehad. Maar daar was nie 'n seun in al daardie huise nie, net dogters. Hy was bekommerd en het slapelose nagte daaroor gehad. Hy het gevrees dat sy huis sonder opvolger sou wees. Bowendien, vir 'n hoofman is dit ongelukkiger as vir 'n gewone man om nie 'n seun te hê nie, want 'n hoofman behoort 'n erfgenaam te hê vir sy huis, sy besittings, sy kapteinskap, en 'n oppasser vir die land en die volk. Onder hierdie omstandighede het hy dit oorweeg om weer te trou sodat hy 'n seun kon bekom deur 'n byvrou. Daarom hou hy 'n groot fees en op hierdie fees laat hy sy oë heimlik gaan op soek na 'n meisie wat hom bekoor. Van al die meisies wat na die fees gekom het, word hy deur Nandi (Lekker) bekoor, 'n jong meisie van Langeni, wat by Ncube se plek gebly het in die gebied van Senzangakhona. Nandi kon goed sing en dans, goed hande klap en die manne ritmies begelei as hulle dans. Haar houding was slank en regop en sy was mollig en ligbruin soos 'n daggablaar – en opvallend. Sy het die persoonlikheid gehad wat baie sou laat sê sy is mooi.

Die fees is verby. Ook die spele. Daar word bier gedrink. En terwyl sommige nog drink, sluit 'n groepie jong mans by die meisies aan en vra om *kana* („om te kies”) te speel. Toe Zenzangakhona hulle sien, skaar hy hom by hulle sodat hy ook by kan wees as daar gekies word. Teen hierdie tyd het Nandi al opgelet dat Senzangakhona 'n plan het, dat hy graag sal wil hê dat sy hom moet kies. Die *kana*-spel is amper

soos die *sediyadiya* van die Basotho, maar dit is meer as dit, want in 'n sekere sin is *kana* 'n keuse met die hart. Nandi, omdat sy ook van Senzangakhona gehou het, kies hom toe werklik, en Senzangakhona was bly omdat hy gekies is deur die een wat hy bemin. Toe die fees verby is, gaan die mense uitmekaar. Die jonges het by Senzangakhona se plek geslaap en vroeg die volgende dag na hulle tuistes teruggekeer. Senzangakhona versoek toe die meisies van Ncube om vir hom te wag in die vlakke onder sy stat tussen die lande. Daardie dag lei Senzangakhona Nandi met groot oorredingskrag in die versoeking om dinge te doen wat deur die wet en die natuur van die mens belet word. Gevolglik loop Nandi en laat hom alleen tussen die lande agter. Met groot spyt het sy geloop toe sy sien dat die een wat sy gekies het, haar nie met eerlike liefde bemin nie. En sy het gekom en vir die ander meisies vertel wat Senzangakhona voorgestel het.

In daardie dae is 'n meisie wat voor die huwelik swanger word in Zululand doodgemaak. Ook al haar maats, mans sowel as meisies, met ander woorde, almal wat saam in die hut van die jongklomp slaap. Daar is geglo dat as een van die groep so 'n daad pleeg, die ander ook die slegte weg leer ken en die opkomende geslag so onsedelikheid sou leer. Daardie meisies was ook baie teleurgestel toe hulle van Senzangakhona se lelike plan hoor. Maar ten spyte daarvan was hulle bang om hom te verkla, want onder die swartmense is die kaptein bo die wet verhewe. Na regte moes so 'n jong man dadelik verkla word sodat hy alleen doodgemaak kan word. Maar Senzangakhona het hulle omgehaal met verleidelike praatjies en die belofte dat hy met Nandi sal trou. Uiteindelik het sy toegegee en Senzangakhona het die slegte plan van sy hart uitgevoer.

Toe sy opmerk dat sy 'n maand oorslaan, laat sy Senzangakhona weet. Hy tref daarna haastig voorbereidings om te trou, want hy was bang vir die skande. Toe gee hy aan Nandi se ouers vyf en vyftig beeste en neem haar gou sodat die mense nie moes sien dat sy al verwag nie. Toe die tyd van haar verlossing naby is, stuur Senzangakhona haar na haar tuiste. En sy het 'n seun gebaar – die een wat Senzangakhona so lank begeer het, na wie hy dag en nag gehunker het. Sy beker was vol, dit het oorgeloopt. Toe die boodskapper by Senzangakhona kom, sê hy: „'n Seun is vir jou gebore, 'n os-vir-die-aasvoëls.”

Nou was daar ook nie 'n seun op wie hierdie woorde ooit so van toepassing was nie. Dit was 'n seun, en 'n os-vir-die-aasvoëls, soos die leser later sal sien.

Op hierdie selfde dag stuur Senzangakhona 'n boodskap na sy opperhoof, Jobe, dat hy vandag die wagttertjie gevind het wat sy beeste vir

hom sal oppas, sy oorloë sal veg en hom in die amp sal opvolg. Hierdie woorde van Senzangakhona het belangrike gevolge gehad, soos die leser later sal sien.

Toe die boodskapper by Jobe se plek kom, kry hy Jobe met sy seuns daar. Hy deel hulle die rede vir sy koms mee, en as hy klaar is, sê Jobe: „Gaan en sê vir jou heer ek dank hom. Mag daardie seun groot word. Laat hy 'n mens word, 'n man in hart en niere. Luister goed, Dingiswayo, die een van wie ons onderdaan praat, sal julle oorloë veg, nie myne nie, want ek is al oud. Hy sal manlikheid bereik as ek al weg is.”

Ook Jobe het gepraat soos iemand wat weet dat hierdie kind iets op die aarde sal verander, en tereg het hy die feite aan sy seuns oorgedra.

Sy pa het hom die naam Tjhaka gegee en in die maand van sy blootstelling het hy gesê Nandi moet hom bring sodat hy hom kan sien en hom kan leer ken. Daarop is Nandi weer terug na haar tuiste met haar seun, Tjhaka, om hom te gaan reinig van towery – want daar is gesê die vroue van Senzangakhona is getoor; daarom het nie een 'n seunskaros gehad nie.

Senzangakhona jaag Nandi weg

Toe Tjaka 'n baba was, was hy 'n beminlike buksie met vet wangetjies, een wat nie maklik gehuil het nie, al sou hy ook op die grond val. Selfs as hy geslaan is, het hy gewoonlik nie gehuil nie. Hy sou miskien een keer huil en dan stilbly. Kinders skree gewoonlik geweldig as hulle geslaan word, hulle smeek, sê hoe spyt hulle is; of hardloop weg. Tjhaka het dit nie een maal gedoen nie. Hy het gedink om te smeek is om die slaner te laat lekkerkry. Weghol is lafhartigheid. As iemand geslaan word as hy oortree, is hy verplig om die straf vir sy skuld te dra.

Tjhaka was nietemin 'n vredeliewende mense wat sy moeder met niks lastig geval het nie. Dié wat hom geken het toe hy 'n kind was, vertel hoe opvallend hy tussen ander kinders was. As jy hom in die oë kyk en met hom praat, het jy besef dit is koningsbloed hierdie, nie 'n onderdaan se kind nie. Almal het na hom verwys as „die kleintjie van 'n leeu; die kleintjie van 'n roofdier; 'n jong leeutjie.” Die mense het almal eners oor hom gedink.

Ná sy pa hom gesien het, is hy terug na Ncube se plek. Toe hy begin kruip, is Nandi alleen na Senzangakhona. Tjhaka het agtergebly. Beeste en bokke is gereeld na hom gestuur – dit was sy kos.

By Bungane se plek was daar 'n vrouetoordokter wat baie bekend was vanweë haar kennis van toormiddels om te lok, om geluk te bewerkstellig; ook van dié soort wat die kaptein bemind kan maak onder sy mense en by ander kapteins. Toe dit tyd word dat Tjhaka sy behandeling moet kry, is daardie vrou laat haal soos dit die gebruik onder die volk was. Met haar aankoms het sy gesê Tjhaka is nog baie klein. Hy is nog nie sterk genoeg vir die kragtige medisyne van die kapteinskap nie. Sy behandel hom daarom net met middels wat geluk sou bring in alles wat hy onderneem. Sy neem 'n galblaas van 'n Zululandse geelslang – die een wat die Zulu's so respekteer en waarvan gesê word dat die voorvaders deur hom praat – meng dit met ander middels en laat hom drink. Sy sê toe dié seun sal baie groot geluk in sy lewe ontvang – meer as enige mens ooit tevore.

Sy gee aan Nandi 'n horing gevul met medisyne, en sê: „Elke oggend, as die maan wegraak, moet jy die kind laat bad in die rivier. Vroeg, voor sonop. As hy klaar is, moet hy gou uitkom en huis toe gaan. As

die son sy strale oor die statjie skiet, moet jy hierdie medisyne so met jou een vinger vat en hom daarmee op die kop smeer. Smeer hom net op die kop, op die sagte plekkie. Smeer ook die klein voorhoofskuifie wat nie afgeskeer word nie. Dit moet jy doen voordat hy nog iets geëet het. Jy moet hom ook in 'n rivier laat bad, nie 'n riviértjie nie. As hierdie kind al groot is en homself kan bad, moet jy van hom padgee as hy in die water ingaan. Jy moet daar eenkant skuil en glad nie nader gaan as hy jou nie roep nie. En as hy jou roep, moet hy nie skreeu nie, net fluit. As hy iets in die water sou sien wat hom laat skrik, moet hy glad nie weghardloop nie, wat ook al mag gebeur. Jy moet hom glad nie vra nie, nie 'n enkele keer nie. Jy moet ook nie kyk wat aangaan as hy jou nie vrywillig meedeel nie. En dan moet dit julle twee se geheim wees. As hierdie kind eendag 'n man is en hy met hierdie doel gaan bad, moet hy glad nie met 'n ander man saamgaan nie, maar alleen gaan; of saam met 'n vrou as hy wil hê dat hulle twee moet wees."

Toe Tjhaka so pas begin kruip en staan en probeer loop het, word daar vir Senzangakhona 'n seun gebore by die tweede vrou. Die kind is Mfokazana genoem. Teen die tyd dat Tjhaka gespeen is, keer Nandi na haar man terug. By haar aankoms word daar vir Senzangakhona nog 'n seun gebore, Dingana, ook by een van die grootvrouens.

Dit is van toe af dat die lewe van Tjhaka en sy moeder, Nandi, verkeer begin loop het. Voor hierdie geboortes was Nandi 'n belangrike persoon in Nobamba, want die vrouens was vir haar lief omdat sy hulle skande verwyder het deur 'n seun te baar. Ook Senzangakhona het van haar gehou, want deur haar het hy die seun bekom wat hy lank begeer het. Nandi is goed versorg met kos sodat sy Tjhaka goed kon voed. Sy is soos 'n hoofvrou behandel. Maar toe Mfokazana en Dingana hulle verskyning maak, het sake verander. Die vrouens het hulle oë gevestig op die kinders wat agterna gebore is en gesê die kaptein is Mfokazana, gevolg deur Dingana. Terwyl die sake so staan, het Senzangakhona nog 'n seun gekry, Mhlangana. Sy ma was ook Nandi se senior. Dit is toe dat sake werklik deurmekaar geloop het.

Tjhaka se geboorte was nie oral bekend nie. Baie mense het nie geweet dat Nandi getroud was en al gebaar het nie. Net 'n paar het van die ding geweet en hulle wou hulle nie daarmee inlaat nie, want hulle kon in die moeilikheid beland het. Maar sommige wat haar dopgehou het, het opgelet dat haar maande glad nie ooreengekom het met dié van 'n vrou se swangerskap nie. Maar omdat Senzangakhona baie lief was vir Tjhaka en sy ma, het die hoofvrouens aanstoot geneem en gesê Senzangakhona moet die volgorde van sy kinders bekend maak, sodat die stam kan weet en hulleself ook kan weet; maar Senzangakhona het

geweier. Die vrouens het lank oor die saak getob en dit met die hoofmanne bespreek sodat hulle weer met die kaptein moet praat. Maar toe die hoofmanne wou praat, het Senzangakhona hom vir hulle vererg omdat hulle hul neuse in sy huis steek. Hulle is hoofmanne van die volk, nie van sy huishoudelike sake nie.

Daarop laat die vrouens 'n toordokter haal en hy het Senzangakhona se hart teen Nandi laat draai. Elke keer as hy na haar wou gaan, het 'n vrees hom oorweldig sodat hy moes omdraai.

Nadat Nandi weer swanger geword het, is sy na Ncube se plek om daar verlos te word. Maar sy was skaars weg toe die vrouens hulle op Senzangakhona werp met wrewelrige harte en sê Nandi moet nooit, nooit weer haar voet in Nobamba sit nie. Toe Senzangakhona weier, sê die vrouens: „Ons hoop jy het deeglik nagedink oor wat jy sê. Wat ons betref, ons het reeds besluit. Jy het geweier toe ons sê jy moet die volk inlig dat, hoewel Tjhaka eerste gebore is, Mfokazana die een is wat kaptein moet word, gevolg deur Dingana en Mhlangana. Jy weier vandag as ons sê Nandi moet nie weer hier kom nie. Ons verstaan nie waarom ons te koste van 'n hond soos Nandi benadeel moet word nie, sy wat swanger na jou gekom het, terwyl jy ons getrou het terwyl ons nog maagde was, in alle opsigte eerbaar. Ons het vir jou kinders gegee; ons het die huis volgemaak. Die beeste sal inkom en baie wees, die krale meteens vol. Ons het vir jou seuns gebaar. As daar nie seuns was nie, sou ons nog kon verstaan het . . . Vandag sal ons van jou en Nandi vertel. Ons sal die sake na grootkaptein Jobe neem.”

Toe Senzangakhona hierdie dinge hoor, het hy groot geskrik en gebewe. Toe sien hy duidelik dat die skande van hom en Nandi vandag sal uitkom. Nandi en haar slaaphutmaats sal doodgemaak word. Ook hy, Senzangakhona, sal doodgemaak word omdat hy, die kaptein, die een is wat die volk hierdie lelike weg leer. Toe smeek hy sy vrouens dat die saak net daar moet eindig. Hy sê Tjhaka is nie die kaptein nie. Die kaptein is Mfokazana. Nandi sal haar voet nie weer by Nobamba sit nie. Maar om hulself tevrede te stel, het die vrouens gesê Nandi moet weggejaag word van Ncube. Sy moet na haar huis by Langeni gaan saam met haar seun Tjhaka. En Senzangakhona het haar daar en dan weggejaag, hoewel hy hulle later gesmeek het dat sy na Ncube moet terugkeer. Maar die vrouens was dom. Hulle het nie opgelet dat Senzangakhona die volgorde van die seuns nie aan Jobe laat verduidelik het nie. Jobe het nog steeds slegs van Tjhaka geweet.

Die pyn wat Senzangakhona in sy hart gevoel het toe hy van Tjhaka, sy seun, en sy vrou, Nandi, afskeid moes neem, sal ons nie kan beskryf nie. Want hy het hulle baie liefgehad. Maar hy was baie bang vir sy en

Nandi se oortreding; hy wou nie hê dat iemand eers 'n sweempie daarvan moet vermoed nie. Daarom het hy besef dat dit baie beter is om Nandi en haar seun prys te gee – om hulle te vergeet en hulle te tel by dié wat reeds dood is. As hy dit nie doen nie, sal sy klein rykie verstrooi word. Daarom het hy sy oë gesluit, die klip ingesluk en afgesien van die vrou en haar seun.

Maar die gerugte het versprei. Senzangakhona het die sake van hom en Nandi baie goed probeer wegsteek, maar bekend het hulle geword. Hoewel dit nie goed bekend geraak het nie, het die mense dit tog te wete gekom en daaroor geskinder. Namate dit tot hulle deurgedring het, het hulle Nandi en Tjhaka begin haat met 'n liederlike haat. Hulle het met die vroue saamgestem dat Mfokazana die kaptein is. Hulle het ook bekeer dat Tjhaka doodgemaak moet word omdat hy 'n seun van die sonde was.

Toe Tjhaka kalwers begin oppas het, is hy geweldig mishandel. Van die seuns het hom die heel dag lank geslaan en gemartel. Vir nietighede het hulle hom gefolter. Eendag, terwyl hulle besig was om beeste op te pas, wys hulle hom aan om kalwers te gaan aankeer. Toe hy terugkom, hoor hy een van hulle sê: „Gryp hom!” Hulle gryp hom en slaan hom tot hy gedaan is. Toe laat hulle hom net daar lê.

As Tjhaka probeer uitvind waarom hulle hom so mishandel, kry hy geen verduideliking nie. Hy het slegs agtergekom dat hulle hom daarna net erger oor sy vraery slaan. Eintlik het die seuns Tjhaka gefolter omdat hulle die mense se goedkeuring aangevoel het. Gedurende die daaglikse geskilletjies onder die veewagters het Tjhaka eendag 'n seun se oog stukkend geslaan. Die volgende dag het die seun se pa Tjhaka gegryp en hom genadeloos afgeransel.

Maar in daardie daaglikse geskilletjies onder die seuns het Tjhaka leer kierieslaan en geleer om weg te duik onder die baie kieries wat op hom gereën het. Later was hy so gewoond aan kieriegevegte dat hy nie meer daarvoor bang was nie. Betyds koes, terugval, jou krag bietjies-bietjies gebruik, rats weggliip, in die lug spring en slaan as die regte oomblik daar is – dit alles het hy geleer.

Ná die dag toe die man Tjhaka geslaan het, was sy grootmoeder baie besorg oor sy pynlike lewe by die kalwers. Daarom het sy hom laat terugkom en hom 'n voëljaer laat word op die graanlande. Daarheen het hy dan gegaan as dit nog baie vroeg was en vuur aan 'n stokkie met hom saamgeneem wat sy vingerpunte gebrand het nog voor hy daar aangekom het. Deur die ryp het hy geloop en verkluum by die lande aangekom. Dikwels was hy nie in staat om sy werk behoorlik te doen nie. Hoewel die voëljaers hom nie geslaan het nie, het hulle hom uitgelag en

gespoeg as hulle van hom praat. Hulle het gesigte vir hom getrek en 'n gek van hom gemaak. En te midde van al hierdie dinge het Tjhaka nie geweet wat sy skuld was nie. Daar is waarlik nie 'n kind wat so swaar grootgeword het soos Tjhaka nie – 'n mens deur sy vader verwerp. Waarlik, dit is 'n pynlike ding.

Verveling het die veewagters nou oorval, want hulle was gewoonnd dat Tjhaka dit vir hulle verdryf het. Daarom laat hulle hom eendag haal waar hy op die lande besig was om voëls weg te jaag. Terwyl hy nog so op sy gemak sit, sien hy 'n groep seuns somer hier vlak by hom verskyn en hom omsingel. Hy wou nog hiernatoe of daarnatoe spring, maar daar was geen uitkomkans nie. Ongelukkig was sy kerie ver van hom in die wagtershut. Hulle gryp hom en slaan hom tot hy flou val. Toe smyt hulle hom in 'n sloot en meen dat hy dood is.

Iemand wat na die lande kom kyk het, het hulle egter van ver af dopgehou. Toe hy by die sloot aankom, vind hy dat Tjhaka nie dood is nie, maar net bewusteloos. Hy gooi hom nat en sit hom in die skaduwee om by te kom. Tjhaka het gou bygekom, maar was so uitgeput dat hy nie kon opstaan nie. Die man laat Tjhaka se mense toe weet en hulle het hom later kom haal en in 'n velkombers weggedra.

Daardie dag was Nandi desperaat en sy het Senzangakhona van Tjhaka se pynlike lewe laat weet. Maar Senzangakhona kon haar nie antwoord nie. Ook hy was besorg en verbitter, maar het besef dat as hy sou praat, dit die mense rede sou gee om te begin skinder. Toe die vrouens die boodskapper sien, het hulle Senzangakhona aangesê om op te hou om beeste en bokke vir Tjhaka te stuur. En hoewel sy hart baie seer was, het hy gehoorsaam sodat sy skande bedek kon bly. Hoe pynlik is die vrug van die sonde: dat Senzangakhona die vrou wat hy liefhet moet verwerp, die een wat hy getrou het met vyf en vyftig beeste; ook sy seun Tjhaka moes verwerp, hy wat die eerste seun was wat hy gesien het, die seun wat die dinge kom verdryf het waaroor hy hom gekwel het.

Van daardie dag af het Tjhaka se grootmoeder hom verbied om vee op te pas; ook om voëls te verjaag. So het hy 'n voorwerp van spot geword, 'n huislêer.

Toe Tjhaka nog 'n klein seuntjie was, het Nandi hom na die toordokter geneem sodat hy reggemaak kon word met middels wat hom kon beskerm teen die mense wat hom wou doodmaak. Sy neem 'n melerige middel, meng dit met ander en gee dit aan hulle en sê: „Elike dag, as die maan begin sak, moet Tjhaka vroeg-vroeg na die rivier toe gaan. As hy klaar gebad het, moet hy homself met die middels smeer en dan weggaan en sy kop smeer met dié wat ek julle daarvoor gegee het. Al sou 'n groep mense hom ook omsingel, sal hulle hom nie in die hande kry nie.

Hy sal hulle maklik ontwyk. Hy sal doodmaak, maar nie doodgemaak word nie. Ek sê dit weer, hierdie seun sal onoortreflike geluk beleef. Het jy al ooit iets in die rivier gesien as jy gaan swem?" Tjhaka ontken dit toe. Toe neem die vrou sy pols tussen haar hande, luister en sê: „Die sake van hierdie seun se lewe is baie groot, hulle is gewigtig. Ek sal gou terugkom van Zwede waarheen ek geroep is; as dit moontlik is, oor tien dae. As daardie dag verbygaan, moet julle weet dat ek vertraag word, maar dan sal ek iemand stuur om te kom verneem hoe sake verloop. Bowendien, ek weet Tjhaka sal binnekort in die rivier gaan bad, want sy dag is naby.”

Op pad het die gedagte by die toordokter opgekom dat Tjhaka nie 'n lafaard moet wees nie, want dit sou haar middels se effek vernietig. Daarom stuur sy vir hom twee verskillende middels, een om ingevryf te word en een om te drink – om hom kwaai te maak en veglustig, dapper en onverskrokke. Een van daardie middels was 'n mengsel van 'n leeu, 'n luiperd en 'n dapper man se lewers. Die een wat gedrink moet word, is gewoonlik in sy kos gegooi. Tjhaka moet gesmeer word deur 'n moeder wat pas haar eersteling gehad het.

Die boodskapper het die middels gebring en Tjhaka is gesmeer terwyl hy nog daar was. En toe is hy terug.

Van daardie dag af het Tjhaka gevegte op verskillende maniere begeer – gevegte met kieres en met assegaai. Snags het hy daarvan gedroom en selfs in die dag het hy homself betrap dat hy daaraan dink. Wanneer hy iemand sien met 'n kerie of 'n assegaai, het sy lyf gejeuk dat hulle mekaar moes gryp. Hy het gedroom hoe verskeie stamme hom omsingel en gesien hoe hy hulle man-alleen verstrooi. Hy het ook gesprekke verkies waarin gevegte bespreek is. Hoewel hy ook voorheen kwaai was, het hy nie skoor gesoek nie. Maar nou het die middels hom veglustig gemaak. En hy het veld toe gegaan sonder sy grootmoeder se toestemming.

Terwyl hy nog ver aankom, het hulle hom bestorm, maar hierdie keer het hy hulle diep wonde geslaan en hulle uitmekaar gejaag. Gou het die wagters hom laat staan en hy het hulle leier geword. By die drinkplek is hy voor gestoot. Hulle het hom gevoer met die lekkernye van die veld. As hy klaar geveg het, het hy tevrede en verfris gevoel – net soos wat 'n slang nadat hy 'n mens gepik het, siek word tot daardie mens dood is, en dan vervel en weer begin loop. Hy het gou opgemerk dat hy nie maklik moeg word nie. Eers as sy vyande plat is, het hy gevoel hy is moeg. Sy kerie was swaar op hulle, maar hulle s'n op hom sag soos 'n verdroogde mieliestoel.

Tjhaka maak 'n leeu dood

Eendag, toe Tjhaka nog 'n jong man was, 'n jong os, neem hy beeste na die weiveld terwyl dit nog vroeg is. Teen dagbreek was hy teen 'n helling aan die bokant van 'n groep mielielande. Terwyl hy hulle so weglei, was hy nie bewus daarvan dat 'n leeu reeds in een van die krale by die huis ingegaan, 'n jong bees gevang en daarmee weggestap het nie. Die leeu het geëet soveel hy kon. Toe hy klaar was, het hy gesien dat die dag al gebreek het en het toe net daar tussen die ruigtes bly lê.

Tjhaka was met die beeste onderweg sonder om te besef dat hy op die spore van so 'n gevreesde roofdier loop. Skielik gaan die beeste botstil staan. Dan begin hulle vlug, reguit terug huis toe. Hy het agter gebly en gewonder wat hulle makeer of wat hulle gewaar het. Omdat hy niks anders kon doen nie, volg hy hulle toe maar huis toe.

Teen daardie tyd was die son al besig om op te kom en die mense by die huis het gesien hoe die beeste van hom weghardloop. Hulle vermoed dat hulle die leeu gesien het, want die baas van die kraal waar die leeu die bees gevang het, was juis besig om 'n klompie omstanders te vertel wat dié nag gebeur het. Hulle was nog besig om daaroor te praat toe hulle die leeu sien wegsluip bos toe, naby die plek waar die beeste was. Maar die bos was nog ver en die leeu skuil sommer onder 'n digte struik in die ruigte.

Toe kom Tjhaka by die mans waar hulle besig was om planne te beraam om die leeu agterna te sit en gaan met hulle saam.

Hulle vorm 'n groot halfmaan en loop dig teen mekaar sodat die leeu eintlik nie moet weet wie om te vang nie. Wanneer hulle teen die skuinste afgaan, spring die leeu op en in plaas van te vlug, kom hy hulle tegevoet. Maar hy loop op en af in die ruie gras asof hy hulle wou flous. Toe hy regoor hulle kom, gaan hy iewers lê om vir hulle te wag. Terwyl hulle mekaar aanmoedig, gaan hulle vinnig in 'n bondel nader sodat hulle tegelyk kan storm as hy een sou bespring. Niemand moet vlug nie. Gespanne loop hulle, koud van angs en hoendervel, want hulle gaan 'n leeu tegemoet. Terwyl hulle mekaar nog so loop en aanpor, hoor hulle die leeu vlakby hulle brul. Aan sy brul kon hulle aflei dat hy gaan spring. Hy sê net „hammmmm”, en toe was hy tussen hulle.

*Staan op, gele van Mothebedi-hulle, borselrug,
gele, vlamrooibruine,
kan dit wees, dat as jy nie mense verskeur nie,
jy dié verskeur wat in die veld slaap?
Jy, jongeling sonder voog,
bly jy maar net aan't doodmaak en verslind?*

Ao! En hulle spat uitmekaar! Wanordelik vlug hulle. Die meeste hardloop huis toe sonder dat hulle hom gesien het. Net sy brul het hulle gehoor. In alle rigtings skarrel hulle.

Toe die leeu spring, gryp hy 'n man en slinger hom op die grond en werp homself bo-op hom. Van ver af kom Tjhaka haastig tussen die vluggende mans deurgestorm. Hy probeer een nog omhaal om saam met hom te gaan, maar dié is sprakeloos verskrik en vlug verder. Tjhaka skreeu toe in 'n poging om die leeu se aandag af te lei sodat hy die slagoffer nie doodmaak nie. Terwyl hy naderkom, brul die leeu weer skielik. En met dié brul sit die vlugtendes nog angstiger op loop met die vrees dat die leeu agter hulle is. Hy brul dat die aarde skud; dit dawer deur die mae van die vluggende lafaards. Toe hy brul, het hy klaar gesprong, die geel kalf, roofdier van die bosse. Hy spring, maanhaar orient, oë oopgesper, stert gelig, naels, kloue gereed, gereed om Tjhaka te verskeur. Met die tweede sprong is hy by hom.

Vreesloos wag Tjhaka. Toe die leeu in die lug is, gee hy effens pad diekant toe. Die leeu kon nie soos 'n voël in die lug draai nie en voordat hy op die grond land, steek Tjhaka hom op die sagte plek tussen die blaaië. En toe hy op die grond val, val hy vir goed. Op die genadesteke volg die leeu se doodsroffel.

Tjhaka kyk en kyk hom sonder opwinding aan asof dit 'n gewone dooie roofdier is, nie een wat hy pas doodgemaak het nie.

Toe Tjhaka hom steek, kom die eerste van die vluggende mans by die huis. Die laaste vreesaanjaende brul dryf hulle die hutte in sonder om om te kyk. Hulle maak die rietskerms toe, sluit hulself vreesbevange op. Die vroue en die kinders sluit hulle uit, los hulle net daar waar hulle was. Die leeu is nou al in die statjie, het hulle geglo. Soos die weeklag van sterwendes het die geraas van die vroue buite vir hulle geklink. En hulle het die deure digter gesluit.

Tjhaka gaan toe kyk na die man wat deur die leeu aangeval is en vind dat hy reeds dood is. Hy was verbaas, want hy het gemeen dat hy hom nog gered het. Met die sprong het die leeu egter sy kopsenings afgeruk.

In hulle vlug het die mans gewedywer om weg te kom, hul makker wat gesterf het, vergete. Die vroue het die voorval goed gesien, want hulle

het van ver staan en kyk en nie wegghardloop nie. Toe hulle sien dat Tjhaka die leeu doodgemaak het, vertel hulle die mans en sê hulle moet uitkom en hom gaan help dra. Maar die mans het volgehou dat die leeu in die ruigte wegkruip. So 'n jong mannetjie kan geen leeu doodmaak nie.

Tjhaka het gewag en gewag. Uiteindelik, toe hy sien dat hulle nie kom nie, roep hy en sê die leeu is dood. Eers toe begin die mans glo. Maar toe het die skaamte ook gekom, die skaamte van hul vlug en die agterlaat van hul makker. En nou is die roofdier doodgemaak deur 'n jong man, 'n jong mannetjie met melkbaardjies, een wat nog nooit in die oorlog was nie. Daarom was dit swaar om te gaan. En toe hulle sien dat niemand gaan nie, het die vroue, veral die jong meisies, self in die pad geval daarheen. Toe eers het party mans aanstalties gemaak; ander het agtergebly, deur die skande oorrompel.

Sonder om afgeslag te word is die leeu hierna na Senzangakhona in Nobamba gebring. En hy het dit aangestuur na sy grootkaptein, Dingiswayo, want Jobe was reeds dood. Hy het gesê die wolf word by die kaptein se plek geëet; belangrike sake word na die kaptein verwys. Hy het gesê die dier is deur Tjhaka, sy seun, doodgemaak; man-alleen. Die mans het wegghardloop. Dit het hy gesê sonder om te besef dat hy daarmee vir Tjhaka vrede berei het by die koning.

Die leeu is deur die statjie geneem. Die mans was rooi van skaamte as daar na Tjhaka gewys word. Ook as daar gesê word hulle het wegghardloop. Gevolglik het hulle in die hutte geskuil. Daardie dag het die meisies lofliedere gemaak. Hulle het gesê:

*By Ncube se stat is daar nie jong mans nie,
daar is net een jong man.*

*By Ncube se stat is daar nie jong mans nie,
die mans is almal lafaards.*

Hulle het gevlug en hulle maat in die veld laat staan.

Hulle het hulle maat agtergelaat om met die leeu te veg.

Hy het die leeu aan die kakebeen gegryp!

*Senzangakhona het nie mense nie,
hy sal doodgemaak word terwyl hulle weg is.*

Senzangakhona, gaan haal jou seun dat hy terugkom.

Dit is 'n dapper kind, 'n skildraer.

Hy sal vir jou veg, vir jou die vyand oorwin.

Daardie lied het hulle met opset tussen baie mense gesing, met 'n plan. Nandi se maats het hulle eie gemaak en geëindig deur te sê:

*Die mense is weg.
Ons bly by die lafaards agter.
Ons bly agter by goed wat soos mense lyk,
maar nie werklik mense is nie.
Wat sal ons vir Tjhaka sê wat 'n kind is?
Vroue van Ncube, verwonder julle:
Die vrouens van Senzangakhona beteken niks.
Nandi is die enigste vrou.
Want sy het 'n man gebaar –
manlik in alle opsigte.*

Laat die leser onthou dat geen skande groter was as wanneer die vrouens spottend en met veragting oor jou sing nie. Daar is ook nie 'n mooier ding as dat hulle oor jou sing en jou loof nie.

Daardie twee liedere het 'n gees van bitterheid by die manne en die jong mans laat posvat. Hulle het besef dat die jong meisies hulle na Tjhaka sal wend – hulle sal nie aangekyk word nie. Want in daardie dae het 'n vrou 'n lafaard nie aangekyk nie, al was hy ook hoe aantreklik. Die bedoeling was dat jy 'n man kry wat dapper is in die geveg, 'n ware kryger as daar na die assegaai gegryp word. Van so iemand het hulle gehou, al was hy ook hoe onaansienlik. Vir hom is liedere gemaak om hom te eer en ander te verneder. Eintlik kan ons die vroue nie kwalik neem dat hulle so was nie, want dit was tye van geweld en die vroue wat beskerming begeer het, was genoodsaak om so 'n man te kies; een wat deur ander gevrees word, 'n vesting waarin sy veilig sou wees. Daardie slegte gesindheid het versprei en ingang gevind by Mfokazana-hulle en almal het planne gemaak om Tjhaka sonder meer dood te maak as hulle hom by 'n fees sou raakloop. Die grootvroue van Senzangakhona het ook gesê die vroue van Ncube het hulle met hulle liedere gevloek. Hulle het gesê Senzangakhona moet na hul belange omsien, hul onreg regstel.

Onder hierdie omstandighede het 'n gesant van Dingiswayo by Senzangakhona aangekom en gesê: „Dingiswayo groet jou! Hy sê dit is reeds lank dat jy sy vader, Jobe, meegedeel het dat 'n seun vir jou gebore is. Wanneer sal jy hom na hom toe stuur dat hy hom kan sien en leer ken? Hy sê hy is baie bly oor die dier wat jy vir hom gestuur het. Stuur nou ook Tjhaka vir hom, sodat hy vir jou 'n jong bees kan terugbring waarmee die grootkaptein dankie sê.”

Die nuus van Dingiswayo het die woede van die mans en die vroue by Ncube tot bedaring gebring. Almal het besef dat as Tjhaka sou sterf, Dingiswayo hom van hulle sou eis. Tjhaka het ook van Dingiswayo se

versoek verneem, maar hy het gewag om dit van sy vader self te verneem. Maar sy vader het geswyg tot vandag toe. Tjhaka het sy vader vertrou en volgehou dat die dag sou aanbreek dat hy sy sake vir hom sal regstel. Maar daardie dag het nie aangebreek nie. Die omstandighede van sy lewe het hulle eie koers gegaan en Senzangakhona het geswyg. Dit het duidelik geword dat in plaas van om sake vir hom reg te stel, hy die vuur aanblaas om hom te brand.

Tjhaka word besoek deur die koning van die diep waters

Tjhaka se dag om vroeg te gaan bad, het gekom. En hy het na die rivier gegaan terwyl dit inderdaad nog baie vroeg was. Vanweë die slegte gesindheid onder die mense het sy ma saamgegaan, hoewel niemand anders daarvan geweet het nie.

Toe hulle by die rivier kom (die Wit-Umfolozi) het sy ma naby die plek waar hy sou bad, gaan skuil. Onthou, leser, in Bokone is dit nie 'n skande as 'n vrou haar seun sien ontklee en bad nie.

Tjhaka het homself gewas en toe hy byna klaar was, begin sy kuifie skielik beweeg en waai, terwyl die kopvel daaronder baie warm word. Die plek waar hy geswem het, was vol onheil en gevaarlik. Bokant die plek was 'n groot waterval en onder die waterval 'n poel, 'n gevaarlike kuil met grasgroen water. Aan die oorkant, nog in die water, was 'n groot grot, 'n swart, donker tunnel wat teen die skuinste in die water eindig. Aan die onderpunt was die rivier op albei oewers met digte riet omsoom. Aan die oorkantste wal was die rivier begrens deur 'n berg-helling wat teen die rivier kom leun het. Ook dit was ruig bebos. Daar was dit selfs op die middag gevaarlik. Eintlik kon 'n mens dit nie alleen daar waag nie. Dit is waar alleen die *tikoloshe* kon gaan. Tjhaka het hom daar gewas, omdat hy Tjhaka was.

Terwyl hy in die water spartel, begin die water in die kuil skielik skommel en golf. Dit skommel-skommel, kook en bruis, en hy vrees dit gaan hom oorweldig. Toe maak hy aanstalties om uit die water te kom. Hy was net gereed om uit te klim toe daar 'n eienaardige warm wind opsteek. Geweldig buig en skud die riete op die oewers. En toe word dit skielik weer stil, doodstil en die riete staan asof die wind nooit gewaai het nie. Die wind bedaar en die water kom tot rus. Slegs in die middel van die groen poel golf die water stadig asof 'n groot ding daarin beweeg.

Nandi het al hierdie dinge gesien en sy was bang, sy het gebewe. Sy wou na Tjhaka gaan, maar is weerhou deur die streng bevel: „Jy moet glad nie na hom toe gaan as hy jou nie roep nie.” Nou het sy slegs in haar hart gesmag dat hy haar moes roep.

Terwyl Tjhaka nog kyk hoe die water in die middel van die poel bruis, verskyn die groot kop van 'n reuse-slang skielik vlak by hom.

Die ore was lank soos 'n haas s'n, maar hulle vorm was soos dié van 'n veldmuis. Die oë was soos groot, groen slypklippe en vreeslik. Hy lig homself uit die water tot by die skouers en kom na Tjhaka. En Tjhaka, die haastige, ril toe hy sien hoe die slang reguit op hom afpyl. Sy eerste gedagte was om sy kerie en assegaai te gryp om homself te verdedig. Maar toe onthou hy die vraag wat die toordokter twee maal aan hom gestel het: „Het jy al ooit iets in die water opgemerk as jy gaan bad?” Toe laat hy sy plan vaar en vermoed dat die slang gelok is deur die towermiddels aan sy lyf.

Nou staan hy regop en kyk die slang reg in die oë. Hoe vreeslik! Toe kom dit nader, met twee lang tonge reguit op Tjhaka gerig, asof hy hom daarmee in sy mond wil insuig. Want sy mond was groot genoeg dat Tjhaka maklik daarin sou kon gaan. Toe Tjhaka daardie tonge na hom sien kom, skrik hy en bewe. Nog nooit tevore was hy so bang nie. Hy skrik so groot dat hy die loop wil neem. Maar hy onthou die streng bevel: „Jy moenie weghardloop nie, wat ook al mag gebeur.”

Van vrees sluit hy sy oë, sodat hy nie moet sien as die slang hom doodmaak nie! Stadig lig hy sy hand op en gryp sy voorhoofskuifie soos hy aangesê was om te doen as hy in gevaar verkeer, en fluit saggies om sy ma te roep. Nandi het ook op daardie oomblik haar gesig verberg. Sy was te bang om te kyk hoe haar seun deur die groot waterding ingesluk word. Toe sy die fluit hoor, het sy haar gesig ontbloot en gekyk, maar nog groter geskrik toe sy sien hoe naby dit aan Tjhaka was. Toe, in plaas van te gaan, buk sy af en gaan plat op die grond lê. Van ver af bly sy kyk en bewe sonder dat daar tyd was om te gil of trane te stort.

Toe Tjhaka sy oë sluit, voel hy dat iets hom aanraak. Hy maak sy oë weer oop en sien dat die slang hom stip in die oë kyk. Die slang het egter effens teruggegaan en sy tonge teruggetrek asof hy gereed was om in die water te verdwyn. Nou kyk hy goed na hom. In die appel van sy oog. Die slang kyk ook so na hom. So staan hulle mekaar 'n ruk in stilte en aankyk. Mens en slang kyk mekaar in die oë. Die slang in sy omgewing en die mens wat vir die eerste maal daar kom. So kyk hulle na mekaar terwyl Tjhaka se hand op sy kop bly, op die haartjies waaraan die toormiddels kleef.

Uiteindelik kom die slang weer halfpad uit die water na Tjhaka toe. Hy kom geluidloos, sonder om te plas. Hy gly net voort. Toe kom hy waar hy Tjhaka die eerste keer gekry het, steek sy twee tonge weer na hom uit. Met die een lek hy hom oor die agterwêreld en met die ander teen die agterkop om mekaar weer voor te ontmoet. Toe krul hy om sy lyf, van sy kop tot onder sy voete. Toe hy klaar is, lig hy sy kop en rig homself op sodat sy oë reg teenoor Tjhaka s'n is. Hy bekyp hom van

naby en Tjhaka ruik die stinkende, warm asem wat hy oor hom blaas. Hy lek hom weer goed in die oë en oral op die gesig; en gaan agteruit die water in, terwyl hy hom nog so stip in die oë bly kyk. Tjhaka kon glad nie sien hoe lank hy was nie, want hy het reeds onder die water verdwyn. Toe hy weg is, skommel die water weer hewig; kook en skuim. 'n Koel windjie steek op. Terwyl die riet wieg en buig, styg 'n digte miswolk uit die kuil en maak hom toe sodat hy niks kan sien nie. En daar, tussen die riete, praat 'n ding met 'n groot, swaar stem:

Mphu-mphu gegroet!
Kalamajweng, Kalamajweng!
Mphumphu gegroet!
Kalamajweng, Kalamajweng!
Groot ding in die water,
Kalamajweng, Kalamajweng!
Die wat gesien word,
dit is hulle wat die aarde sal regeer,
Kalamajweng, Kalamajweng!

Hy herhaal hierdie woorde en swyg. Toe dit stil word, praat daar 'n sagte stem wat sê:

Gegroet! Gegroet!
Hierdie aarde behoort aan jou,
mensekind van ons huis.
Jy sal die nasies en hulle konings regeer.
Jy sal baie soorte volke regeer.
Jy sal ook die winde en storms van die see regeer,
ook die dieptes van groot diep riviere.
En almal sal na jou luister met opregte gehoorsaamheid!
Laat hulle kniel voor jou voete!
Maar o, o, loop tog die regte pad.

As gevolg van die digte mis het Tjhaka net die woorde gehoor, maar niks gesien nie. Maar toe die laaste woorde gesê is – wat hy nie gehoor het nie – klaar die mis op. Dit keer nie terug water toe nie, dit verdwyn maar net.

Nandi het hierdie woorde glad nie gehoor nie. Sy het die slang deur die water sien gly en die riete sien beweeg, maar die woorde het sy glad nie gehoor nie. Nadat alles verby was, het Tjhaka uitgekóm en aange-trek. Toe hulle by die huis kom, het die eerste strale die statjie wakker

gemaak en sy ma het hom met die middels behandel soos gewoonlik. Daardie selfde dag nog stuur Nandi 'n boodskap na Zwide om die toordokter in te lig oor wat gebeur het. Toe die boodskapper terugkom, sê hy die toordokter word vertraag. Sy kan nie kom nie, maar sy het belowe om teen die einde van die maand te kom. As sy nie opdaag nie, moet hulle haar by Zwide se plek gaan opsoek.

Die maand het verbygegaan, maar die toordokter het nie opgedaag nie. Toe hulle gereed maak om na haar te gaan, kom daar iemand aan met die slegte tyding dat die toordokter dood is. Vir Nandi en haar seun was dit soos 'n onherstelbare verlies. Hulle was in die nood, uit die veld geslaan, want hulle het hierdie toordokter vertrou. Hulle het gesien dat die dinge wat sy belowe, inderdaad net so gebeur en gewonder waar hulle weer so 'n opregte toordokter sal kry. Toe die boodskapper hulle nood sien, sê hy: „Julle dokter het gesê julle moenie bekommerd wees nie. Want toe die siekte haar pak, en sy voel dat haar einde naby is, het sy ver heen gestuur om die dokter te laat haal wat haar geleer het. Sy het hom gevra om Tjhaka onder sy sorg te neem omdat sy deur die siekte gebreek is. Nou blyk dit dat die een wat haar opgelei het, baie meer kennis en wysheid het as sy. Boonop is hierdie een nie net 'n toordokter nie, hy is 'n ware *isanusi*, hy werk met sy kop. Sy het gesê julle moet julle nie moeg maak om hom op te spoor nie; hy sal self na julle kom. Alles wat daardie vrou gedoen het, het sy gedoen met metodes wat hy haar geleer het. Hy sal die onheil sien as dit nog ver aankom, sodat julle tyd kan hê om te vlug. Hy sien oorloë voor hulle begin, selfs nog voordat daaraan gedink word. Julle dokter het gesê: „Skep moed, moenie ongelukkig wees nie, alles sal regkom.’”

Nandi en haar seun was nou baie bly. Hulle het gedink dat sake tog nog sal regkom as die een wat geroep is net nie talm nie.

In daardie dae het Tjhaka se naam sleg geword. Dié wat teen hom verloor het, het hom van allerhande lelike dinge beskuldig. Party het gesê hy is deur *tikoloshe* getoor. Dit is waarom hy so goed kan kierielaan en nooit weghardloop nie. Ander het gesê hy is *tikoloshe* self, daarom het sy pa hom saam met sy ma weggejaag sonder genade. Die nuus is wyd versprei dat Tjhaka nie soos ander mense is nie, want selfs die maande van sy moeder stem nie ooreen met 'n normale vrou se swangerskap nie. Terwyl hulle so praat, het hulle 'n manier gesoek om hom dood te maak. Maar hy moes so doodgemaak word dat Dingiswayo hulle nie sou verdink nie. Hy moet doodgaan soos deur 'n siekte of asof 'n roofdier hom verskeur het. Maar Tjhaka se beroemdheid het toegeneem selfs tot by Dingiswayo. Hy het gebrand om Tjhaka te sien; nie net om hom te sien nie – ook om hom een van sy soldate te maak.

Tjhaka vlug van sy tuiste

In daardie ou dae was wilde diere 'n groot bedreiging vir die mens. Saans terwyl die mense nog gesels het, of teen slapenstyd, het 'n wolf, as hy nie bokke raakgehoop het nie, gewoonlik sy opwagting in 'n statjie gemaak. Dan het hy 'n mens gevang en met hom weggeloop sonder dat iemand dit waag om hom agterna te sit. Voortdurend het daardie arme mens se stem in die nag opgeklank: „Hy dra my! Hy sit my neer! Nou eet hy my! Hy dra my! Hy sit my neer! Nou eet hy my!” So het hy die mense gewaarsku en aangedui waar die wolf met hom loop, met die bedoeling dat hulle hom te hulp moet snel. Maar dan het die wolf hom opgeëet sonder dat iemand opdaag. Ongewenste kinders soos Tjhaka is dikwels by die deur van hulle slaaphut laat slaap sodat die wolf so een moet vat. Hulle het Tjhaka inderdaad by die deur van sy slaaphut laat slaap sodat die gevare van die nag by hom kon begin. Van hom is 'n deur gemaak waarmee ander beskerm is. Maar die onheile het by hom verbygegaan. 'n Wolf sou slegs aan hom ruik en dan verbygaan om iemand anders dieper in die hut te vat. Gewoonlik het 'n wolf nie die een by die deur geneem nie – asof hy geweet het dat dit 'n ongewenste was.

Twee of drie keer het hulle Tjhaka buite voor die deur van die hut vasgemaak sodat die wolf hom kon sien as hy nog aankom. Maar sulke nagte het die wolf bokke gevang en die mense uitgelos. So het Tjhaka baie swaar grootgeword.

Ook in Lesotho het wolwe mense gevang. Ons hoor byvoorbeeld dat hy een van Moshweshwe se vroue geëet het nadat hy haar tussen die mense gevang het. Moshweshwe en sy raadsmanne soos Makwanyane en Makolokolo van Thesele het almal gehoor hoe sy skree, maar hulle was te bang om uit te gaan. Dit was 'n wolf van brood, 'n wolf van towery, het hulle gesê.

Een middernag gaan 'n wolf 'n slaaphut by Ncube binne waar Mfokazana en sy maats geslaap het. Toe hy inkom, lê die jonges doodstil, doodbang. Selfs die dapperes het hom gevrees. Toe ruik hy aan een van hulle en gaan verby, ruik aan nog een en gaan verby. Toe kom hy by 'n derde een en vat haar. Dit was Mfokazana se geliefde. Saam met die ander het Mfokazana gemaak asof hy dood is, hoewel hy geweet het wie die wolf gevat het.

Buite begin die meisie skree met 'n skril, pyndeudronge stem wat die mense wakker maak. „Hy dra my, hy sit my neer,” sing sy doodsbenoud in die nag en haar stem wek die vrees oral waar dit in die dorpie gehoor word. Dit sweef in die donker oor die bosse tot in die afgeleë statjies. En die mense van daardie statjies weet dat wolf se kind toegeslaan het. Hulle wikkell hulle stywer toe in die slaapgoed asof hy gesê het dat hy baie mense in een nag gaan opvreet. Vir die wolf was hulle bang, hulle het gebewe as hulle van hom hoor.

*Thamahane, wolf, gespikkelde skouerblad,
leeu se oom, spikkelkat.*

Kind van die kronkelende wingerd.

*Thamahane, wolf, kind van die
nagtelike bedrywighede.*

Wat vrees jy in die dag? –

Ek vrees die skuld in die mens se goed.

Saam met 'n paar ander het Tjhaka in 'n ander slaaphut geslaap, omdat die jonges in sy hut hom gehaat het. Hy was bang dat hulle hom in sy slaap sou doodmaak. In sy slaap hoor hy die weeklag van die meisie. Toe hy dit die tweede maal hoor, herken hy die stem en hy word helder wakker. Hy maak dié wat saam met hom slaap, wakker. „Staan op, manne, 'n wolf het 'n jong meisie gevang.” Binne 'n oogwink is hy uit.

Die meisie was swaar en die wolf moes dikwels rus. Toe Tjhaka buite kom, gaan hy stil staan en luister na waar die stem vandaan kom. Hy hoor weer: „Hy sit my neer.” En die seun van die os kies op sy tone koers sodat die wolf hom nie hoor aankom nie. Toe die meisie weer begin sing, sien Tjhaka die wolf en die meisie. Nou hardloop hy vinnig, want onder die geskree sal die wolf nie die voetstappe kan hoor nie. Hy lê oop om hulle te bereik voor die wolf sy tog hervat.

Toe kom hy en steek hom terwyl hy sy verflenterde ore agtertoe pluk. Met 'n ferm hand steek hy die assegaai onder die skouerblad in. Die assegaai verdwyn en kom anderkant uit. Die assegaai nael hom vas. En die wolf val! Los die meisie! En gee twee of drie skoppe. Hy sterf soos 'n stomme – sonder geluid of 'n tjank. Tjhaka sê net: „Vat so!” en trek die assegaai stadig uit soos dit die gewoonte was as jy 'n dier doodgemaak het.

Die meisie se oë was swart. Sy kon nie goed sien nie, selfs nie eers waarheen die wolf haar neem nie. Toe hy met haar op die grond neervat, dink sy hy gaan rus. Maar toe sy voel dat hy haar nie meer vashou nie, spring sy skielik regop en kyk rond. Die eerste wat sy sien, is 'n baie

lang man langs haar by die wolf. Haar verdwaasde oë kon nie sien dat dit Tjhaka was nie. Sy dink dat die wolf van die towenaars by sy base aangekom het en vrees dat hulle haar nou gaan opvreet. Toe huil sy verdrietiger as ooit tevore – met die stem van 'n mens wat besig is om te sterf, wat die dood vlak by hom gewaar. In die hutte bewee die mense toe hulle die weeklag hoor. In die slaaphut word die jonges soos dooies, met Mfokazana ook onder dié wat treur.

Toe sak die meisie inmekaar van vrees. Maar Tjhaka gryp haar aan die hand en rig haar orent en sê: „Jy leef. Bly stil en wees bly. Daar is die wolf wat dood is. Staan op en kyk. Dit is ek, Tjhaka.”

Die meisie het die stem gehoor, maar nie baie duidelik nie. Toe praat Tjhaka weer. Hierdie keer hoor sy dit beter en herken dit. Sy kyk hom in die oë en besef dat dit waarlik Tjhaka is. Sy kyk na die wolf en besef dat dit op die grond lê. Hiernatoe en daarnatoe kyk sy. Geleidelik kom haar oë reg. Sy herken die hutte van hulle stat en van die krale. Weer kyk sy na die wolf en besef dat hy dood bly lê, waarlik dood.

Nou kom die verstand terug, wyk die vrees vir die lelike dood, kom die glans, die deinserigheid en genot van die lewe terug. Toe skree sy en gryp Tjhaka vas, omhels en soen hom, trek haarself teen hom op terwyl sy sê: „Ek het geweet dit kan niemand anders wees as jy nie, Tjhaka, verlosser van dié wat in die dood is! Mfokazana het my in die steek gelaat, al slaap ons in dieselfde hut.”

Toe snel sy terug deur die stat terwyl sy roep dat die mense moet opstaan en na die wonder moet kom kyk, die wonder moet kom hoor, die wonder wat Tjhaka verrig het toe hy haar uit die dood gehaal het, uit die kake van die wolf.

Die mense was verward van blydschap, maar 'n blydschap gemeng met skaamte. Waar sal die daade van Tjhaka se durf en voortrefflikheid eindig en die lofwaardigheid daarvan? Ook die jonges het hulleself gevra hoe ver Tjhaka hulle sal verneder en hulle skandes sal opstapel? Pas gister het hy 'n leeu doodgemaak terwyl hulle weggehardloop het, en vandag het hy 'n wolf doodgemaak wat iemand tussen hulle gevang het, sonder dat iemand gaan help het. Toe gaan die meisie se slaaphutmaats uit om hulle maat te sien wat uit die graf teruggekom het. Ook om haar held te sien, en die roofdier waardeur die jong manne verneder is, en om liedere te gaan sing – Tjhaka tot lof, Mfokazana tot skande.

Toe Mfokazana uit die hut kom, besef hy wat aan die gang is en val in die pad na sy tuiste by Nobamba. Maar hy besef toe dat dit geen sin het om daarheen te gaan nie, want die nuus sal voordag daar wees, en sy skande groter, want hulle sal sê hy het weggehardloop. Onmiddellik besluit hy om Tjhaka dadelik te gaan doodmaak, om die monde te snoer

van dié wat hom prys, om hulle loflied te verander in 'n klaagsang. Hy sê toe: „Ek is al dikwels verag as gevolg van hierdie hond van Nandi. Laat ek hom vandag uit my pad vee.”

Teen daardie tyd het van die mense hulle reeds gehaas om Sensangakhona te gaan vertel. Die jonges het oormekaar geval, Dingana-hulle almal. Haastig het hulle opgestaan en na Ncube gehol.

Toe Mfokazana op die toncel aankom, het daar al baie mense saamgedrom. Hulle sien Tjhaka bo-op die wolf sit, besig om die bloed van sy assegaaiem af te vee. Hy is stil. Die daad spreek. Die mense praat. Dit is toe dat die arme meisie eers werklik begin huil – toe sy sien hoedanige dood sy sou sterf, en besef dat sy die eerste mens is wat so 'n dood ontvlug het.

Toe Mfokazana opdaag, slaan hy Tjhaka agter die kop dat hy vooroor val op sy gesig. Toe hy opstaan, gryp hy sy assegaai en sy kerie en bars deur die groep mense. Hy draai om en ontmoet Mfokazana wat hom volg. Hy slaan hom op die voorkop en ontwyk hom. Maar toe kom Mfokazana se hutmaats. Hy verdedig homself soos 'n man. Een se skedel slaan hy inmekaar dat hy brullend sterf soos een wat te veel gedrink het. Toe die stok wat hom getref het, opkom, verpletter dit 'n ander se ken. Sy kakebeen breek en sy tong bly in 'n oop holte sit. Aaklig sterf hy, daardie mens. Hy lig sy stok skuins en tref 'n ander tussen die oog en die oor. Sy oog peul uit en val soos 'n skaapooop op die grond. Toe die laaste man sien dat al sy maats plat is, buk hy vooroor in 'n poging om Tjhaka te ontwyk. Maar as gevolg van sy ronddansery struikel hy binne in Tjhaka vas. Tjhaka gee effens pad en toe die man verbykom, slaan hy hom op die agterkop en hy val gesig in die grond en sterf, tande in die stof begrawe en 'n aaklige wond op sy agterkop. Eers toe kry Tjhaka 'n kans om asem te skep en hy gaan weer op sy dier sit. Uit Mfokazana se neus en mond tap die bloed. Soos 'n skaap waarvan die stert afgesny is, so lyk hy.

Toe Dingana opdaag, hoor hy wat gebeur het en sien Mfokazana op die grond. Hy bestorm Tjhaka met die veronderstelling dat hy teen dié tyd gedaan moet wees. Veral dink hy aan die kapteinskap wat syne sal word as Mfokazana en Tjhaka dood is; dat hy groot lof sal inoes as hy Tjhaka doodmaak, die dappere onder die dappers.

Enkele van Ncube se mense het by Tjhaka gestaan. Hulle het dapper geveg. Uiteindelik het 'n broer van die meisie wat Tjhaka gered het, Dingana platgeslaan. Toe het dit donker geword, pikdonker. Sensangakhona en sy vrouens daag op. Maar die mense wat Sensangakhona gaan vertel het, het glad nie gesê dat Tjhaka die wolf doodgemaak het nie. Hulle het net gesê: „Jou seun.” 'n Gerug het gelui dat dit Mfoka-

zana was. Dit is daarom dat die vrouens ook gekom het. Maar toe hulle kom en Tjhaka op die wolf sien sit, besef hulle wie die wolf doodgemaak het. En toe hulle rondkyk en Mfokazana en Dingana platgeslaan sien lê en bloedbesmeer, klink 'n gehuil op, want hulle besef toe dat dit die werk was van Nandi se seun. Daarom praat hulle woedend dat Tjhaka doodgemaak moet word. En nou beveel Senzangakhona al die mense van sy plek en almal van Ncube en sê: „Maak hom dood!”

Van nou af was Tjhaka waarlik soos 'n haas-wat-op-die-oor-geslaan-is, 'n kind sonder ouers, 'n buffel-wat-alleen-staan. Want almal wou hom doodmaak sonder dat daar 'n rede voor was.

Nou sing Nandi se maats 'n lied van rou, 'n klaagsang. Hulle sing dit met trane wat oor hulle wange afrol, hulle sê:

*Gegroet, voorvaders! Dink aan ons,
kyk na ons wat doodgemaak word in skuld en verlatenheid.
Gegroet, voorvaders! Julle is ons getuies.
Julle is ons getuies van die dag by die lande.
Gegroet, die kaptein het nie ruggraat nie,
hy het nie ruggraat nie, hy is 'n verkleurmannetjie,
al het ons vir hom 'n seun gebaar,
'n seun, oorwinnaar van die sterkes.
Gegroet, Senzangakhona is bang vir sy gelyke.
Hy hardloop na dié wat swakker is as hy.*

Tjhaka was gereed om te veg. Uit die mond van sy vader het hy verneem dat hy doodgemaak moet word. Nou veg hy soos een wat niks het om te verloor nie, niks waarvoor hy meer liefde oor het nie. Hy het gedink dat sy vader moontlik eers die oorsaak van die moeilikheid sal probeer vasstel. Maar nou dat hy slegs bevele hoor, is hy verplig om hom soos 'n man te verdedig. Tot op hierdie dag het hy nog altyd net met sy kiere geveg. Nou is hy genoodsaak om ook sy assegaai te gebruik.

In dié geveg breek sy assegaai en uiteindelik ook sy kiere. Hy spring eenkant toe om wapens te soek. Toe sien hy dat dié wat aan sy kant geveg het, almal plat is, en hardloop weg met sy vyande agter hom aan.

Nou hardloop hy waarlik weg. Nie net om weg te kom van die skerpte van die assegaai nie, maar om te vlug, vir goed weg te gaan, homself aan die vlaktes oor te gee, te gaan waar hulle hom nooit sal kry nie. So vlug hy tot in die bosse en skuil daar.

Toe Dingiswayo hiervan hoor, het hy Senzangakhona se beeste gebuit. Op dié manier leer hy sy soldate slegs lafhartigheid, het Dingiswayo

gesê. Tjhaka wil hy hê, het hy gesê. Lewend moet hulle hom baie gou vir hom bring, nie 'n lyk nie.

Hier sien ons waarlik die verstommende en pynlike vrug van die sonde. Ons sien nie Tjhaka se skuld in die verloop van sake nie. Nogtans beveel sy vader dat hy doodgemaak moet word. Die werklike skuld, die oorsaak, is dat Nandi saam met Senzangakhona oortree het. En omdat hy bang is dat hulle skande bekend sal word, beplan Senzangakhona om sy seun dood te maak. As hy nie hierdie skandelike daad in sy jeug gepleeg het nie, kon Tjhaka nou nog by sy tuiste gewees het, by Nobamba, en 'n geliefde en kosbare kind van sy vader.

Tjhaka ontmoet Isanusi

Terwyl hy in die bos is, hoor Tjhaka op die middag 'n weeklag opklink uit Ncube wat deur sy hart sny. Hy sien groepe mense, mans en vroue, ook van omliggende statjies, geroep deur die gehuil wat hulle die nag gehoor het; gelok deur die geweën toe die donker op die aarde geval het. Dit was 'n weeklag van vroue wat treur oor hulle mans wat dood is, van mans en vroue wat treur oor hulle broers en geliefdes wat dood is. Oor hulle oorledenes het hulle geweën, nie oor Senzangakhona nie. Met hom het hulle niks te doen gehad nie. Party het oor Tjhaka geweën omdat sy pa hom sommer so weggegooi het.

Op die middag bulk die beeste en blêr die bokke in die krale van honger. Die kalwers en boklammers kla oor hulle moeders se melk. Die honde tjank oor hulle base wat gesterf het. Die hoenders help ook, oorweldig deur die geraas. Tesaam was dit 'n vreemde klank, onsamehangend soos wanneer 'n groot kaptein gesterf het. Want as 'n kaptein gesterf het, het selfs die diere dit geweet.

Dit alles het Tjhaka ook gehoor, en hy het gesê: „Al hierdie dinge het deur my toedoen plaasgevind, alhoewel ek jonk en swak is. Hoe sal dit wees as ek die dag 'n man is, as ek die regering oorneem? As my dag aanbreek sal ek myself nog wreek.”

Toe oordink hy die verloop van sy lewe sedert sy kinderdae. Hy besluit dat dit lelik was en vreeslik. Hy dink aan die tyd toe hy kalwers opgepas het, onthou hoe daar teen hom gehandel is; onthou die dag toe hulle hom op die lande oorrompel het; onthou die leeu en die wolf en besluit: op hierdie aarde word daar met mag geleef, nie met reg nie. Die wyse, die sterke, die goeie, die regte mens, is die een wat kan kierielaan. Hy neem hom voor om voortaan te maak soos hy wil. Of 'n mens skuld het of nie, hy sal hom sonder meer doodmaak, want dit is die wet van die mens.

Tjhaka was 'n doelgerigte mens. Hy het nie 'n saak opgegee voor dit was soos hy dit wou hê nie. Vandag het daar slegs een strewe oorgebly: om te maak soos hy wil, al is dit ook sonde; om homself ten volle te wreek.

Toe dit donker word, verlaat hy die bos en swerf oor die vlaktes sonder om te weet waarheen hy op pad is. Oor die Mhlathuze, Thukela,

Mvoti, suidwaarts. In sy vlug vergeet hy die kaptein wat van hom gehou het, Dingswayo. Een middag, toe die skaduwees onder hulle base staan, vang die hitte van die son hom. Die sweet tap hom af en die grond brand sy voete. Hy is verplig om 'n skaduwee te soek. Hoewel daar baie bome was, was hulle ver uitmekaar. Toe kyk hy rond en sien 'n afgesonderde boom met breë takke en gaan daarheen. Dit was 'n baie hoë boom, so hoog dat jy dit nie met die hand kan aandui nie. Onderlangs was dit sonder takke. Die eerste takke het hoog begin, maar het ver na die grond gerek soos 'n wilgerboom. Die boonste takke was oopgestrek soos die hand van 'n mens en het 'n groot, wye skaduwee gemaak. Aan die voet van die stam was daar 'n lekker koel fonteintjie. Tjhaka kom moeg daar aan, sonder krag en honger. Sy voete was seer en die gedagtes van sy hart verward. Sy kop het gepyn van baie dink. Hy drink van die water en eet van die vleisies wat hy by 'n vorige rusplek gekry het. Van moegheid sluimer hy in. Toe staan hy op en kyk rond, kyk goed rond, hiernatoe en daarnatoe. Kyk boontoe na die boom se takke, gooi 'n klip daarheen. Toe hy sien dat dit veilig is, maak hy hom teen die boom gemaklik en raak diep aan die slaap.

Toe hy laat die middag wakker word, sien hy 'n toordokter vlakby hom staan. Die toordokter kyk hom eienaardig aan. Toe hy hom sien, ruk hy hom orent, en, haastig soos hy is, gryp hy sy klein assegaai. Hy spring op en gaan eenkant staan, bang by die besef dat hy so byna in sy slaap doodgemaak is. Maar gou merk hy dat die man hom nie wil doodmaak nie. Hy kon dit in elk geval reeds gedoen het as hy wou. Toe hy mooi wakker is, wend hy sy oë na die man s'n en hy merk dat sy gesig verraderlik is: 'n spottrek om die mond en binne, binne in sy oë skurkagtige geslepenheid sonder gelyke. Hy sien 'n mens met 'n lelike hart, erger as dié van 'n moordenaar. 'n Aartsbedrieër, aartskelm, 'n verraaiër. Sy lyf ril.

Maar toe hy weer na hom kyk, sien hy die gesig van 'n man wat met hom meegevoel het, wat vir hom jammer is, wat sy leed verstaan. Toe hy diep in sy oë kyk, vind hy innige genade, 'n hart wat vir mense jammer is. Hy sien ware liefde. Die eerste gesig is weg. Dit is 'n man in sy middeljare wat begin grys word. Aan die baie sakkies aan sy lyf, aan die muishondvel, die bobbejaanvel en toutjieshare, kan hy sien dat dit 'n toordokter is. Terwyl hy nog so afwagtend staan, laat die man sy drag sak en gaan op die grond sit. Hy haal sy neuskrapper te voorskyn, maak sy neus skoon en bêre dit weer. Toe haal hy sy snuifdoos uit, tik-tik so 'n bietjie daarop met sy vinger, skud vir hom 'n bietjie uit en snuif toe, hlwi, hlwi. As gevolg van die tabak praat hy toe met 'n aangename stem en sê: „Dag, seun van die koningstat. Kom hier dat ons

kan gesels." En toe hy dit sê, kom daar 'n gerusstellende klank in sy stem, vol opregtheid. Dit is duidelik dat dit uit 'n hart sonder bose planne kom. Dit is nie die stem van 'n skelm nie, dit is dié van 'n opregte mens. Tjhaka kom toe nader en sê: „Dag, ja, maar ek is nie van die koningstat nie. Ek kom van 'n klein statjie, tevrede onder die beskermlinge van die koning." Die dokter lag onderlangs en sê: „Dit sal 'n wonder wees as jy nie van 'n koningstat kom nie, want jou voorkoms en jou spraak getuig daarvan. Jy is ook nie 'n mens van hierdie streek nie."

„Waarom sien jy dat ek nie van dié streek is nie, terwyl jy my juis hier aantref?"

„Ek sien dit aan baie dinge. Ek sien aan jou voete dat jy 'n baie verpad kom, en dat jy die grootste deel gedrafstap het. Aan jou voorkop sien ek dat jy baie nagte nie goed geslaap het nie. Ek sien dat jy met 'n seer hart loop. Jou flou oë sê vir my dat jy omtrent vyf dae laas goed geëet het. Praat die waarheid, is dit nie so nie?"

Tjhaka talm om te antwoord, omdat hy vrees dat die man hom dalk gevolg het. „Die dinge wat jy nou net gesê het, is eintlik so, maar waar kom jy vandaan? Waar gaan jy heen? Waar is jou huis? Hoe ken jy my sake?"

„Die manier waarop jy praat sê vir my dat jy nie net van 'n koningstat is nie, jy is 'n koningskind. Jou vrae sal ek beantwoord, maar ek handel eers my sake af. Terwyl ek na jou geluister het, het ek jou goed dopgehou en gesien jou regterhand is moeg van baie mense doodmaak en dat jy hierheen gevlug het. Daarom het jy opgespring toe jy my sien, want jy is nog bang. Verder, jou spraak sê vir my dat jy 'n kind is wat baie swaar grootgeword het. Is dit nie so nie?"

Uit verbasing kan Tjhaka nie hierop antwoord nie. Toe sê die toordokter: „Kyk goed in my oë as ek met jou praat," – hulle kyk vir mekaar – „die ding wat veroorsaak het dat jy hierheen gekom het, het in die nag gebeur. Jy het met 'n roofdier geveg. Jy het daardie roofdier doodgemaak. Dit was 'n wolf. Ek sien dit aan sy wol wat op jou kombers agtergebly het. Enkele dae tevore het jy 'n ander roofdier doodgemaak. Hmmmm, ek sien, jy is deur jou vader verstoot. Hy was bang vir sy vrouens. Vandag het jy uit die ellende ontsnap; jy het die dood ontglip."

Toe die toordokter klaar gepraat het, verskuif Tjhaka sy kombers sodat die grootste gedeelte van sy maag te voorskyn kom – ook die littekens, wat die toordokter sien. Toe vra Tjhaka weer die vrae van vroeër en die toordokter antwoord: „Miskien dink jy ek het jou sake van iemand anders verneem. Maar dit is nie so nie. Ek sal jou iets

vertel waarvan jy alleen weet, sodat jy kan glo: Daar is 'n middel op jou voorhoofkuif, wat vir geluk en vir heerskappy bedoel is. Toe jy jou kombers verskuif, het ek gesien – ek, die siener, toe het ek opgemerk – ek, die wyse – dat jy eendag besoek is deur 'n groot kaptein wat van die voorvaders kom. Daardie kaptein was baie gelukkig oor jou. Verder, my oë wat selfs die dinge sien wat lank reeds verby is, het opgelet dat jy groot geskrik het toe daardie koning jou besoek. Jou hand het aan jou voorhoofkuif bly kleef soos die toordokter wat 'n vrou was en vandag reeds dood is, jou beveel het.”

Die leser kan vir homself dink hoe groot Tjhaka se verbasing was toe die geheim wat syne alleen was, aan hom meegedeel word. Toe die dokter by hierdie dinge kom, spring Tjhaka in die lug soos iemand wat droom. Van ver af gaan daar 'n lig vir hom op; dit dring hom binne – val in sy hart en maak daar lig. Ook kom op daardie oomblik vreugde en blydschap, dit kom en kalmeer sy gewonde hart. Is hierdie man die ware *isanusi* wat na hom toe sou kom? En hy sien toe en glo. As dit hý is, sal sy sake beslis verander, dink hy. Want dit is duidelik dat dié man met sy kop voorspel.

Hy vra toe weer die vraag wat hy reeds twee of drie keer gevra het en sê: „Ek het 'n vraag gevra, maar dit lyk my jy wil dit nie beantwoord nie. Waar kom jy vandaan? Waar gaan jy heen?”

Die toordokter neem sy staf en wys in die lug en sê: „Ek kom doer van ver.” Toe bly hy 'n lang ruk stil, terwyl hy daar ver in die lug kyk waarheen hy gewys het en sug.

Tjhaka: „Waarheen beduie jy as jy so boontoe wys? Kom jy uit die wolke?”

„Nee, deur so na die wolke te wys, beduie ek jou maar net die afstand van waar ek kom. Want as ek jou daardie berge sou wys, en sê, ver anderkant hulle, sou jy nie die afstand begryp nie.” Toe verhelder Tjhaka se gesig: Hy onthou dat daar gesê is die toordokter is van ver laat haal. Hy sit sy vrae voort: „Waarheen is jy nou op pad? Jy het nie my vrae ten volle beantwoord nie.”

„Op die oomblik gaan ek . . . ek gaan . . . kyk, Tjhaka,” nou noem die toordokter hom op sy naam sodat hy inderdaad moet sien dat hy hom goed ken, „kyk, Tjhaka, ek het nie tyd om met jou oor nietighede te gesels nie. Ek het nog 'n lang pad voor my. Daar is nog baie werk wat wag. Daar is mense wat ongelukkig is, wat dinge nodig het, dinge waarna hulle harte verlang. Daar is baie kapteins wat wag dat ek moet kom om hulle sake reg te stel. Dan wil ek gou na ons huis terugkeer en dit is ver.” Dan bly die dokter weer stil en staar na die plek waarheen hy gewys het en sê uiteindelik: „Ek het dinge aan jou meegedeel waar-

van jy allcen weet. As jy my nog nie herken nie, of as jy jou ideale verander het, moet jy my sê sodat ek verder kan gaan, na dié wat my ver wag."

Toe Tjhaka dit hoor, was hy verward van vregde en sê: „Is dit jy wat veronderstel was om klaar te maak . . ." Sy stem begin toe bewe. Verder kan hy nie praat nie, as gevolg van sy aangedane hart – toe hy besef dat hy hier in die wildernis, in die afsondering, in sy vergetelheid dié een ontmoet oor wie sy hoop al lankal getaan het, deur wie dit wat hom belooft is werklikheid moet word. Terwyl hy hierdie dinge dink, kyk die toordokter hom in die oë en dring tot in die binneste van sy hart, tot by die geheime en geheimenisse. En toe hy antwoord, was dit net deur sy kop te knik. Maar toe hy sy bedruktheid sien, sê hy: „Jy moenie die geringste twyfel hê nie, ek het gekom."

Toe hy dit sê, besef Tjhaka dat daar 'n mens praat; iemand wat die krag het om wat hy gesê het, uit te voer. Die woorde tref hom tussen die oë en stel hom tevrede, verwyder sy twyfel en laat hom voel hoe die swaar las van sy verwarde hart op die grond val en hy verlig agterbly. Hy voel dat iets anders in die plek daarvan kom. Duidelik besef hy dat die heerskappy van sy tuiste syne is. Vandag het hy dit ontvang. Dit sal hom nooit, nooit ontglip as hy hierdie man het nie.

Toordokter: „Ten eerste, voordat ons op baie ander dinge ingaan, vra ek jou of jy jousef verbind om my opdragte ten volle uit te voer? Ek vra omdat ek niks kan doen as jy jou nie so verbind nie." Dit is noodsaaklik dat 'n toordokter in sake soos hierdie 'n wet neerlê wat mense verplig om gehoorsaam te wees, of hulle moet te kenne gee dat hulle nie daarvoor kans sien nie. Want as hulle eers instem en later weier, sal die toordokter op vergoeding geregtig wees, al het sy hulp niks beteken nie.

Tjhaka: „Ek verbind myself om jou opdragte almal uit te voer net soos jy my beveel."

„My opdragte en my wette is swaar, maar as jy heerskappy begeer, wat 'n gewigtige ding is, is dit begryplik dat die eis daarvoor moeilik en gewigtig is – dit vra onvoorwaardelike oorgawe." Tjhaka sweer weer dat hy hulle sal uitvoer as dit menslik moontlik is. Toe sê die toordokter: „Ek is gereed, ek het reeds gesê jy moenie vrees nie, ek het gekom. En nou sê ek verder: jou beproewinge en verdrukkinge is iets van die verlede. Die geluk wat jou belowe is toe jy kind was, sal van vandag af op jou val. Jy sal sukses hê met alles wat jy onderneem. Nou, laat ek hoor wat die begeertes van jou hart is, sodat ek my staf daarop kan lê."

„Ek het nie baie begeertes nie. My hart hunker na die heerskappy

waarvoor ek gebore is, wat my sal ontglip net omdat ek weg is. Ek sê, behandel my dat daardie heerskappy na my terugkom."

„Ek begryp, jy wil net die kapteinskap van jou vader hê, meer as dit begeer jy nie? Selfs 'n heerskappy groter as dié van jou vader begeer jy nie. Het jy nie so gesê nie?"

„Nee, ek wil dit hê. As dit moontlik is om my 'n groot koning te maak wat homself regeer, een waaraan ander kapteintjies onderdanig is, sal ek baie bly wees. Maar, toordokter, vertel my die waarheid van waartoe jy in staat is. Dikwels belowe toordokters mense wonderlike dinge, dinge wat julle goed weet julle glad nie kan doen nie."

„Jy kan my vertrou. Ek sal jou nie bedrieg nie. Jy het die dinge van hierdie aarde seker al 'n bietjie leer ken; dat daar gelewe word met voortrekkery en gunste, met lis en mag. Ook moet jy van vandag af genade laat vaar, want genade vreet sy baas op. Verder; ek kan nie lank by jou vertoef nie. Ek sal jou behandel en dan verder loop. Jy moet agterbly en werk vir die heerskappy wat jy wil hê."

Isanusi maak Tjhaka met medikamente reg

Nadat Tjhaka en die toordokter ooreengekom het, het die toordokter met sy werk begin. Eers het hy die voorhoofkuif waaraan die middels gesmeer was, afgeskeer. Dit was middels wat toegedien is op 'n stadium toe hy nog te swak was vir die sterk middels van die kapteinskap. Toe ent hy hom op die hart. Hy vryf dit toe-oë in en sê: „Toelater-van-die-wat-glo-in-die-wat-weg-is, toelater-van-die-wat-weggeneem-word, nie uit geregtigheid nie: aanvaar hom, ontvang hom, bring vir hom al die geluk van dié wat ontslaap het. Bedek hom soos die dou die aarde. Laat sy spore modderig wees en moerassig soos onder gietende reën! Laat sy vyande almal verdwyn as hy verskyn, soos die mis as die son opkom!”

Toe hy klaar is, doop hy die kruie in water en terwyl hy dit uithou na waar hy Tjhaka gesmeer het, klap hy sy hande. En toe die waterdruppels op die wonde val, begin dit oral op Tjhaka se lyf jeuk. Die littekens swel hoog op. Toe die dokter ophou, sak dit weer gou. Hy sê dit is die regte medisyne vir geluk. Hy sal nie weer met iets anders as hierdie soort behandel word nie. Toe prik hy hom op die voorkop waar die hare ophou, lig die vel op en smeer 'n melerige middel in. Hy plaas ook 'n ander middel met krokodilharsings gemeng daarin. Dit doen hy met wydoopgesperde oë en haastig. Hy sê dit is vir kapteinskap bedoel, sodat almal voor hom sal bewe, voor hom sal kniel. As hy kwaad is, sal selfs die sagmoedige woedend word. Sy bevel sal so gehoorsaam word dat as iemand talm om dit uit te voer, ander hom uitmekaar sal skeur sonder dat hy self iets hoef te doen. In die geveg sal niemand teen hom kan staan nie.

Die ander medisyne laat hy voorlopig daar, sê Isanusi. Dit is medisyne vir bloed en moord: „Dit is baie, baie lelik. Maar dit is baie goed. Kies!” So laat die toordokter die besluit aan Tjhaka oor. Hy sê hy steek niks vir hom weg nie, dit is lelike medisyne. Hy gaan toe ccnkant staan sodat Tjhaka self kan besluit.

„Ek wil dit hê,” sê Tjhaka. En die saak is nou beslis. Tjhaka het die dood in plaas van die lewe gekies. Bewustelik. Met opset. Met voorbedagte rade. Toe hy dit sê, kyk die toordokter hom stip aan, maar swyg. Toe sê hy: „Nou goed, laat ons dit gaan soek waar dit is.”

In Bokone was daar in daardie dae 'n soort boom wat alleen in die veld gestaan het, veral in die wildernis. Daar word vertel dat die persoon wat die boom wil afkap vooraf met kruie behandel moet word, anders sal hy dood neerval. Daar word ook vertel dat as iemand hom steek, hy soos 'n bok blêr en dat sy sap rooi soos mensbloed is. Gewoonlik word hy deur iemand wat heeltemal naak is, afgekap. Dit is 'n towerboom, want as 'n mens 'n tak buite 'n huis in die wind sit, sal al die huismense sterwe. Hy word in die veld beskerm soos 'n kosbare skat. Toe Isanusi die medisyne uit hom geneem het, het hy meteens verdroog.

Met die medisyne van daardie boom het die toordokter Tjhaka aan die regterarm gevryf. Hy meng dit ook met ander sappe en met slanggif, smeer dit aan die twee wonde op sy hand, aan die langvinger, oor die gewrigte en oor die hand. Ook met die linkerarm maak hy so. Maar hy het net sy mes daarvoor beweeg. Waar die mes beweeg het, het Tjhaka baie seergekry. Tot in sy hart het dit gepyn dat sy oë traan. Hy meng die oorblywende medisyne en gee dit aan Tjhaka en sê: „Elke nag as jy afgaan rivier toe moet jy dit aansmeer soos nou, veral baie goed oor jou wonde.”

Uiteindelik het die dokter 'n sekere boom ver op die seestrand gaan haal en twee van sy takke afgekap. Van die eerste tak het hy vir Tjhaka 'n kerie gemaak. Hy haal die murg van die kerie uit en smeer die slegte medisyne daarin. Van die tweede tak maak hy vir hom 'n assegaai met 'n kort steel waarmee nie gegooi moet word nie. Toe giet hy daardie gevreesde middel in die holte en steek die assegaai aan die brand. Daarna voeg hy die lem en die steel aan mekaar en maak dit met 'n stukkie riem vas. Dit was 'n pragtige kerie wat ligbruin geblink het in die sonlig.

Toe hulle met alles klaar was, vertrek hulle na Dingiswayo. Terwyl hulle op pad is, besiel die toordokter Tjhaka om na Dingiswayo te luister met ware gehoorsaamheid; dat hy hom met vreugde moet dien, want dit is deur hom wat hy die kapteenskap wat hy begeer, sal bekom. As gevolg van sy baie verpligtinge sal hy self nie dikwels na Tjhaka kan kom nie.

„As daar iets gebeur en jy my gou nodig het, moet jy op jou baddag afgaan rivier toe en jy moet die middel wat ek jou gegee het aansmeer en dan in die water gaan. So sal ek weet dat jy my nodig het. As jy my nodig kry terwyl ek ver is, moet jy vroeg, voor sonop, afgaan rivier toe. Of enige tyd wanneer 'n ongeluk gebeur. Pluk dan 'n riet, trek die bas af, gaan in die water en bad. As jy klaar het, slaan dan die riet met daardie middel en steek dit in die water en roep my met 'n fluisterstem.

Jy moet onderlangs praat, binne die riet in, en sê: ‚Isanusi‘, en dan gooi jy dit in die water. Dit moet jy met toe oë doen. Ek sal hoor dat jy my dringend nodig het. As die vyand jou in die geveg bedreig en jy sien die dood is naby, slaan jouself met die steel van jou assegaai op die voorkop waar ek die middel gesmeer het en sê dan: ‚Isanusi‘. Die hulp sal in ’n oogwink na jou snel, die vyand sal weghardloop as hulle daardie naam hoor.”

„Toordokter, ons is al ’n hele paar dae bymekaar, maar jy het my nog nie eers jou naam gesê nie. Wie is jy?”

„Maar jy het my ook nog nie joue gesê nie, ek het dit deur wysheid gevind. As jy my roep, sê dan ‚Isanusi‘.”

„Maar ‚Isanusi‘ is nie jou naam nie. Dit sê maar net wat se soort werk jy doen. Ek vra jou naam.”

„Jy praat. Ek is ‚Isanusi‘ in naam én daad.”

„Ek bedoel, Isanusi, hoe lank sal dit neem om jou by my te kry as ek jou roep?”

„Dit sal afhang van waar jou roep my vind. As dit my naby aantref, sal ek gou kom. As ek ver is, is dit duidelik dat dit ’n tydjie sal duur. Maar jy moenie bang wees dat as ek talm jy in die moeilikheid sal beland nie. Hoegenaamd nie. Verder, as ek vertraag word, sal ek een van my handlangers na jou stuur. Ek het juis ’n gedagte om een van hulle by jou te laat bly as jy die kapteinskap oorneem dat hy jou vir my kan oppas.”

„Maar, toordokter, gaan julle . . .”

„Moenie sê ‚toordokter‘ nie. Sê ‚Isanusi‘ as jy met my praat. Want as jy my ‚toordokter‘ noem, sal ek nie jou geroep hoor nie.”

„Maar jy is ’n toordokter, is jy nie?”

„Ek is, maar my naam is Isanusi. Daarmee praat ek met die voorvaders en hulle ken my daaraan.”

„Ek wou vra, Isanusi, sal jou handlangers ook weet waar ek is?”

„Baie goed.”

„Hoe sal hulle weet?”

„Hoe het ek geweet? Hulle sal op dieselfde manier weet as wat ek geweet het. Een ding wat ek wil hê jy baie goed moet begryp, is dat die groot koning wat jou in die rivier besoek het, ’n man is vir oorlog. As jy nie bloed vergiet nie, sal hy nie met jou tevrede wees nie. Ook die middels waarmee ek jou behandel het, is op bloed gerig. As jy nie baie bloed vergiet nie, sal dit teen jou draai en jou doodmaak. Jou opdrag is om dood te maak sonder genade, sodat jy die pad oop kan maak wat na die glorie van jou heerskappy lei.”

„Hoe so, toordokter?”

„Moenie sê ‚toordokter’ nie. Sê ‚Isanusi’.

„Ek sê, wat dit betref, Isanusi, moet jy nie bekommerd wees nie. Ek het goed nagedink. Ek het goed gesien hoe die mense se sake op hierdie aarde staan. Ek sal dit stuur op ’n manier wat hulle sal leer lewe soos dit hoort. As ek my assegaai daardie dag gebruik het toe hulle my by die huis amper doodgemaak het, sou ek vir my ’n beroemde naam gemaak het. In die volgende jare sou hulle net van Tjhaka gepraat het. Die ou mense sou hulle kinders vertel hoe ek daardie jare met hulle geveg het, hoe ek mense man-alleen oorrompel het. As hulle die kinders betig, sou hulle sê: „Soos Tjhaka moet julle veg.” My naam sou voortleef selfs al was ek lankal stof in die graf. O, die assegaai sou my bevoordeel het!”

„Ek sien dat jy nie net na die kapteinskap streef nie. Jy begeer ’n roem tot by die eindes van die aarde. ’n Roem wat soos ’n sprokie sal klink. Jy ywer daarvoor net soos vir heerskappy.”

„Ja, beroemdheid is ’n heerlike ding. Ek sal nooit beroemd word as ek nie ’n groot koning is nie. Bowendien, daardie roem waarna ek streef is oorlogstroem, waar die assegaai gebruik word, waar sterk manne met dik nekke sterwe, die ware onverskroekenes. Ek wil self my roem verwerf sodat dit daarom groter kan wees.”

„Tjhaka, ek sê jou, daar is niks wat jou sal oorwin as jy soos ’n man veg nie. As jy weet hoe om jou assegaai te gebruik sal alles gebeur soos jy begeer. Deur die assegaai spring dapperes bo-oor beeste. Deur die assegaai kom roem, daarmee regeer die konings. Want dié wat nie weet hoe om hom te gebruik nie – hulle word regeer. Die goeie graanboer is die man wat die regte tydstip kan herken; wat, as die maand daarvoor aanbreek, die drinkpartye en die feeste opsy skuif, voordag opstaan en na sy lande gaan; nie omgee vir die koue of die felheid van die son nie. Sy doel is alleen om daardie tyd nie by hom te laat verbygaan nie. As jy koningskap en roem begeer, moet jy ’n goeie boer van koningskap wees. Jou ploegie is jou assegaai. Werk met hom. Werk met oorleg. Waar dit nodig is, moet jy afmaai, skoonvee. Moenie jou vyand laat staan as hy nog lewe en jou later kan oorval nie. Die vuilgoed in jou koningsakker moet jy met oorlog uitskoffel. Daar sal die roem begin. As jy by Dingiswayo kom, sal jy vind dat die assegaai daar groot werk het, daar waar die dapperes belangrik is. My laaste saak, Tjhaka, is dat jy soos ’n man met jou assegaai te werk moet gaan. Die dag wanneer ons weer ontmoet moet jy my vertel van die groot dinge wat jy gedoen het en hoe Dingiswayo jou bejeën.”

Toe hulle nader kom aan Dingiswayo se plek, skei hulle. Isanusi het gesê hy wil Dingiswayo nie ontmoet nie, hulle haat mekaar.

Tjhaka kom by Dingiswayo aan – hy maak die kranksinnige dood. Die oorlog by Zwide

Dit was omtrent twee maande van die dag dat Tjhaka van sy huis gevlug het tot die dag waarop hy en Isanusi uitmekaar is. Dié wat oor hom getreur het, het dus reeds die rouklere uitgetrek. Intussen het Dingiswayo al sy toordokters en waarsêers bymekaargebring om vas te stel waar hy hom bevind.

Tjhaka was nog Tjhaka die dag toe hy van sy tuiste af gevlug het. 'n Mens met swakhede soos al die ander. Maar die man wat vandag na sy tuiste terugkeer, het baie verander. Net die vlees kom terug. Die uiterlike. Sy persoonlikheid bly agter. Voorheen was hy 'n mens met verbasende deursettingsvermoë wat volhard het totdat sy doel bereik is. Maar ten spyte daarvan was hy nie iemand wat rusie gesoek het nie, hy het dit nie ver gaan haal nie. Maar toe hy sien hoe die kinders van sy vader hom oor nietighede wil doodmaak, hoe sy vader sy vyand geword het, was hy genoodsaak om te vlug. Terwyl hy in die afsondering is, sterf sy persoonlikheid. Vandag keer hy met dié gees terug: „Ek sal sonder meer doodmaak wie ek wil, of hy skuldig is of nie; want dit is die wet van die aarde. Ek sal niemand begenadig as gevolg van sy smekinge nie.” Inderdaad keer Tjhaka terug sonder die gees van menslikheid. Sy doel is nou alleen om dood te maak. Enige saak, enige geskil sal met die assegaai beslis word. Hy kom terug met die doel om 'n nimmereindigende oorlog te voer – om sowel die vyand as sy eie mense dood te maak. Die vreeslike wrok van sy hart het gedreig om hom waansinnig te maak.

Die son was al op die berge, die skaduwees lank, die beeste al op die plein en die vroue terug van die fonteine toe Tjhaka by die statspoort van Dingiswayo aankom. Toe hy daar aankom, gaan hy sit om 'n bietjie te rus en 'n bietjie vrede te kry. Terwyl hy daar sit, het die mans in die hof dolosse gegooi en gesê „*Siyavuma*”. Die toordokters vertel toe hoe Tjhaka verdwyn het en voorspel dat hy nooit weer gesien sal word nie. Hy is vermoor – daaroor was hulle dit eens. Een van hulle het dit egter ontken en by Dingiswayo gesweer en gesê: „Tjhaka leef nog. Hy sal homself nog eendag na sy koning bring.”

Al hierdie dinge het Tjhaka gehoor. Toe hy sy oë op die stat rig, sien hy 'n groepie vroue naby die hof verbystap. Tussen hulle sien hy

sy ma, Nandi, reeds baie lelik, maer en verswak soos cen wat reeds jare lank siek is. Toe die son op die aarde val, gaan hy die stat binne. Haastig en flink gaan hy in. 'n Jong man, Hy groet die hoofmanne van die koning. Op hulle vrae waar hy vandaan kom en waarheen hy op pad is, sê hy hy kom van ver uit die suide, hy wil Dingiswayo sien en met hom praat. Toe hulle vra waaroor hy met hom wil praat, sê hy: „Sê vir die koning: hier is 'n swerwer wat deur hom aangeneem en beskerm wil word. Dit is nie 'n mens nie. Dit is 'n haas tussen honde. Dié wat hom sien, maak hom eenvoudig sonder woorde dood. Hy het reeds 'n uilskind geword. Maar dit is 'n manlike seun. Hy het 'n arm wat wapens kan vashou. Dit is een wat in oorloë kan veg. As die koning bang is om vir homself moeilikheid op die hals te haal, moet hy laat weet dat ek verder kan gaan, want die geroep van my agtervolgers maak my bang.”

Dit was al skemer en die mense kon mekaar moeilik sien. Toe Dingiswayo by Tjhaka kom, vra hy: „Waar kom jy vandaan? Waar gaan jy heen? Waar is jou tuiste? Wat is jou naam?”

„My meester, so pas het ek oor die vlaktes geswerf om te vlug vir die assegaai. Ek het na jou gekom om beskerming te vra. My tuiste is by Senzangakhona se plek. My naam is Tjhaka.” Toe word die hof stil – toe Tjhaka begin praat. Toe hy klaar is, staan al die mans op en omring hom – toe hulle hoor hy is Tjhaka, die held na wie die koning so lank reeds verlang. En een van die toordokters loof toe sy dolosse, die-soekers-van-die-wat-lewe. Hy loof hulle in 'n lae stem terwyl hy af en toe na Dingiswayo kyk. Want hy alleen het volgehou dat Tjhaka beslis nog leef en dat hy homself nog na die koning sou bring, en dit het waarlik so gebeur.

In plaas van Tjhaka te antwoord, stuur Dingiswayo toe om Nandi, Tjhaka se moeder, te gaan haal. Toe Nandi aankom, vra hy weer en sê: „Waar, sê jy, kom jy vandaan, jy, jong man? Waarheen gaan jy nou? Waar is jou tuiste? Wat is jou naam?”

„My meester, so pas het ek oor die vlaktes geswerf om te vlug vir die assegaai,” toe spits Nandi haar ore, luister en werp haar oë in die donker om te sien wie dit is wat praat, „ek het na jou gekom om beskerming te soek.” Toe gil sy met pyn in haar stem en val flou op die grond neer. Uit die werf waarvandaan Nandi gekom het, klink daar 'n weeklag op. Van haar maats kom huilend aangehardloop, geroep deur 'n stem wat hulle baie goed ken, van iemand wat hulle gedink het reeds vermoor is. Daar praat toe iemand tussen die skare wat sê: „As daardie toordokter gepraat het, kon dit ook nie anders wees nie.”

In daardie dae het daar tussen die bosse op die oewers van die

Umfoloji 'n kranksinnige man geskuil wat die mense groot skade berokken het deur hulle beeste en bokke dood te maak. Hy het 'n borse gees gehad soos waarvan in die Skrif vertel word. As mense hom agtervolg het om hulle besittings te bevry, het hy hulle die skrik op die lyf geja. Dié wat hy kon, het hy doodgemaak, of hy het een gevang en hom soos 'n laksman lewend aan 'n stok geryg. Daarom was die mense baie bang vir hom. In die hele Bokone is kranksinniges geweldig gevrees, selfs deur die dapperste mans.

Die volgende dag saai die man weer verwoesting onder Dingiswayo se beeste. Hy jaag hulle teen die steiltes uit en soek vir hom een om te slag. Baie van hulle val oor die afgronde. Hy maak toe 'n mooi bul dood, een wat altyd op die fceste vertoon is en waarmee Dingiswayo sy kudde verbeter het. Toe die wagttertjies die middag terugkom, gaan hulle Dingiswayo sê. Hy was baie ongelukkig, want kort tevore het die kranksinnige juis 'n ander goeie bul doodgemaak. Hy was bekommerd oor wat die man nog alles sal aanrig. Tussen al sy dapper krygers was daar nie een met 'n hart wat sterk genoeg was om hom aan te durf nie.

Tjhaka was by toe die wagers Dingiswayo kom vertel. En toe niemand opstaan om te gaan nie, staan hy op, toe gaan hy. En toe hy gaan, gaan Dingiswayo ook, gevolg deur baie van die mans en hy beveel hulle dat daar nie een mag vlug nie. Die besetene moet doodgemaak word, hy het genoeg van hom gehad. Met 'n bekommerde hart het Tjhaka hom gereed gemaak. As hy hierdie kranksinnige doodmaak, sal dit vir hom vrede in hierdie stat verseker. Ook sal hy gou onder die aandag van die koning kom. As die man hom doodmaak, sal dit ook nie saak maak nie, want hy het reeds aan homself gesterf. Sy lewe is in elk geval 'n beproewing, miskien sal dit hom juis verlos.

Toe hulle in die bosse kom waar hy bly, begin groepies mans al agterbly. Bo in die kloof sien die man hulle en assegaai omhoog kom hy aangestorm. Toe vlug almal tegelyk. Tjhaka probeer nog teenstribbel, maar uiteindelik hardloop hy ook weg. Buite die bos gaan hy staan, draai om en sien hoe die besetene reeds 'n klomp mense neergevel het en nou stekend van die een na die ander hardloop sonder dat iemand hom verset. Daar is gesê hy het *thongo*, 'n magiese krag wat sy teenstanders verlam. Toe hy hom na Tjhaka wend, maak dié of hy wil vlug. Die besetene storm, gereed om te steek, nie om te verdedig nie – want hy het geweet dat almal vir hom bang is. Tjhaka het ook nie 'n assegaai by hom nie, het hy opgelet. Hy is maar net 'n jong mannetjie. Skielik swenk Tjhaka egter en die besetene se assegaai swiep verby. Nog voordat hy dit kon terugpluk, steek Tjhaka hom met sy kort assegaai en maak hom dood.

Die kranksinnige was die eerste mens wat Tjhaka met die kort assegaai om die lewe gebring het, dié een wat Isanusi vir hom gemaak het.

Dingiswayo het gesien wat Tjhaka gedoen het, maar hy was ver daarvandaan; en hy gaan toe nader. Almal was verbaas oor Tjhaka se durf, verbaas oor wat hy kon vermag teen die kranksinnige met sy vreeslike oë soos vuurvlamme. Inderdaad het die mense nou wat van Tjhaka vertel is, begin verstaan – van die leeu en die towerwolf – dat dit van hom geglo kan word. Pas begin hy, pas kom hy aan, die seun van Senzangakhona en 'n groot naam maak hy vir homself. Toe het die mense hom begin respekteer.

Die derde dag na sy aankoms trek Dingiswayo met sy impi Zwide tegemoet. Zwide was 'n kaptein teen wie hy dikwels oorlog gevoer het. Tjhaka is soos 'n gewone kryger in Dingiswayo se regimente opgeneem en hy gaan saam – verheug om daaraan te dink dat hierdie die oorloë is wat hom beloop is om die kapteinskap wat hy wil hê, te verwerf. Bly het hy gegaan, nie soos een wat oorlog toe gaan waar die goeies en die dapperes sterf nie. Hy gaan soos een wat op 'n vreugdefees gaan ontspan waar iemand wat hy baie liefhet teenwoordig is. Hy gaan slegs met sy assegaai in die hand, sonder 'n tweede een, sonder 'n knopkierie, sonder byl. Toe hulle optrek, het hy gehoop dat hulle nie verdrag moet word nie. Toe hulle die oefenterrein verlaat, was hy bly met 'n oorweldigende blydskap en het sy arm eers ophou jeuk. En die jeuk was soos die tande van 'n jaghond wat gretig is om te gaan jag. Hy was in die eerste groep, die groep met die swart skilde.

Toe hulle gereed was om aanmekaar te spring, hef Zwide se mense 'n oorlogslied aan. Hulle sing van oorwinning. Toe die impi's nader aan mekaar beweeg, dans een van Zwide se groep na vore en loof, loof, loof homself. Hy snel van die een vleuel na die ander en kom dan weer terug. In die middel gryp hy 'n assegaai en hou dit dreigend omhoog met die punt na Dingiswayo se groep. Toe storm hulle met geweld.

Die groep waarin Tjhaka was, is eerste ingestuur omdat hulle die voorste groep was. En toe hulle die hewigheid van die geveg voel, slaan hulle op vlug en laat Tjhaka alleen agter tussen die vyand. Toe Dingiswayo hulle sien vlug, stuur hy nog in, en weer, sodat hulle kan gaan help en Tjhaka nie doodgemaak word nie. Pas tree hy in, pas tree die seun van Senzangakhona in die oorlog en sy kort assegaai vel die krygers neer en daar kom gapings in die vyand se linie. Hy steek met sy assegaai terwyl hy met sy linkerhand keer. Dingiswayo sien alleen die swart skild van die seun van Senzangakhona swarter word in die middel, waar die sterkes val, en sy bruin assegaai rooier word van die bloed.

Op die middag begin die stryd te swaar word vir die impi van Zwide. Op al die flanke slaan hulle op die vlug en in hulle vlug verstrooi Tjhaka hulle met die assegaai. Uiteindelik bevind hy homself weer alleen tussen die vyand wat in hulle vlug swaar op hom val. Dingiswayo gee toe weer aan twee regimente opdrag om Zwide van voor af by te dam sodat hy kans kan kry om te ontglip. Op daardie oomblik merk Zwide se manne Tjhaka die eerste maal tussen hulle op. Daardie twee impi's was naby, maar nog effens agter 'n bult. Toe sak sowat tien man op Tjhaka toe. Hy dwarsboom hulle egter, want verstommend swenk-swenk hy voor hulle weg. As hulle meen hulle tref hom, is hy al weer op 'n ander plek en hy maai hulle af. Met die veronderstelling dat hy alleen geen kans teen hulle het nie, storm hulle woedend op hom af met die doel om hom dood te maak. Nogtans maai hy onder hulle. Maar in sy swenk struikel hy en nog voordat hy kan opstaan, is twee man reeds bo-op hom met assegaai en kieries. In sy nood roep Tjhaka toe die geliefde naam, hy roep dit in sy beproewing terwyl hy die dood in die gesig kyk en sê: „Isanusi!” Net toe hy so sê, kom hy orent, skop 'n kryger wie se assegaai reeds oor hom was, gereed om te steek. Met albei voete skop hy hom onder die knieë en weer is hy reeds op die plek waar hy pas gestruikel het. Toe die kerie van 'n tweede aanvallers afkom, tref dit daardie man se agterkop dat die harsings saai. Op daardie oomblik gryp Tjhaka die man met die kerie van agter en smyt hom op die grond. Toe spring hy en raap sy assegaai en kerie op.

Teen daardie tyd het 'n klomp van Zwide se manne reeds opgedaag en onder die indruk dat die een teen die grond Tjhaka is, steek hulle hom in die haas dood. So kry Tjhaka kans om sy wapens in die hande te kry en nog voordat hulle kon sien wat hulle doen, steek hy al weer party van hulle neer. Toe hulle agterkom dat hulle besig is om mekaar dood te maak, daag die impi op wat Tjhaka te hulp gesnel het. Tjhaka se aanvallers slaan op vlug. Een vlug met die skild wat Tjhaka in die val verloor het. Toe hy dit sien, snel hy agterna. Maar toe hy merk dat hy die vlugtende nie inhaal nie, roep hy weer „Isanusi!”, want vir hom was dit 'n onoorkomelike skande as iemand van die oorlog terugkom sonder sy skild en assegaai – ook by die Basotho was dit so, want 'n skild behoort gebuit te word slegs as sy draer gesterf het. En toe hy so sê, word die kryger van Zwide gepootjie, hy struikel, val en slaan bolle-makiesie. Toe hy opstaan, val hy weer agteroor. Toe hy die derde keer probeer opstaan, is Tjhaka reeds daar. Hy steek hom met die assegaai en hy val – vir goed. Teen daardie tyd was Zwide se volgelinge vinnig besig om te vlug.

Dingiswayo wat buite die geveg was, het goed gesien. Veral die op-

trede van Tjhaka het hy goed gesien. Hoe verheug hy was oor Tjhaka en hoe die vroue daardie dag vir hom gesing het – die leser kan maar vir homself dink hoe dit was. 'n Ander wonder is dat die impi, ten spyte van die lof wat Tjhaka ontvang het, nie aanstoot geneem het nie. Ook hulle het hom geprys en gesê die kaptein moet hom na sy groot regiment bevorder, na dié van die heel dapperes. Dit het hy gedoen. Verder het hy vir hom 'n hooftoisel gemaak; en hy het aanvoerder geword van een van die belangrike impi's.

So was die aankoms van Tjhaka by die koningstat, by Dingiswayo. Slegs die derde dag na sy aankoms was hy al bekend en gereken onder die dapperes, onder die vertrouelinge van die koning. En nou het Tjhaka lekker begin leef – by die koningstat waar 'n held belangrik is en die assegaai nooit rus nie.

Ndlebe en Malunga sluit by Tjhaka aan

Dit is verbasend dat Tjhaka wat gewoonlik alles in verband met die towermiddels en die toordokters aan sy moeder vertel, haar nie van sy ontmoeting met Isanusi vertel het nie. Ook nie van sy behandeling en van die beloftes wat hy gekry het nie. Hy het slegs gesê hy het die dokter wat hom beloop is, ontmoet en dié het hom behandel. Maar hy het dit vereenvoudig, slegs bolangs daaraan geraak. Miskien – ons sê miskien, want ons weet nie of dit werklik die rede was nie – miskien was hy bang om sy ma ten volle te vertel, want hy het geglo dat Isanusi 'n towenaar is en dat sy ma sal sê hy moet hom laat vaar. Maar hy het nie omgee of hy 'n towenaar was of nie. Dit het werklik nie saak gemaak nie. As hy maar net die middels en die kapteinskap wat hy begeer het, kon bekom. Hy het hom reeds voorgeneem dat hy enigiets sal doen wat hom sy kapteinskap sal besorg, al is dit ook hoe verdag.

Ná die oorlog met Zwide het Dingiswayo baie oorloë gevoer teen die stamme wat hom omring het. Hy het hulle verslaan en toe opgehou sodat sy krygers kon rus. Toe Zwide dit merk, dink hy dat Dingiswayo se leer uitgedun is. Hy beplan toe om onder hierdie omstandighede aan te val. Daarom roep hy die hele stam bymekaar – mans, jong mans, ou manne, ook die heel jonges wat die assegaai vir die eerste keer opneem, selfs dié wat gewoonlik tuisbly. Die oorlog is so beplan: Zwide sou voor loop om Dingiswayo te ontmoet. As die geveg toeneem, sou hy terugval en weer gou aanval. So sou hy voortgaan terwyl hy Dingiswayo na die kloof trek waar 'n hinderlaag opgestel sou word om Zwide te verlos. As Zwide by die hinderlaag kom, sou hy terugval en terwyl die vegtende impi van Dingiswayo daar verbytrek, sou die hinderlaag ontstaan en hulle van agter af bydam. Dan sou Zwide haastig omdraai en Dingiswayo sou hom deur die vyand ingesluit vind. En langs die roete waarop Zwide sou vlug, was daar gevaarlike afgronde.

Op daardie oomblik, terwyl Zwide gereed maak om aan te val, gebeur daar 'n groot ding by Dingiswayo se plek, sonder dat hulle dit geweet het.

Op sy baddag gaan Tjhaka vroeg die môre na die rivier en bad klaar. Net toe hy uit die water kom en teen die oewer opklim, sien hy twee jong mans wat baie in voorkoms verskil, op hulle hurke sit net daar

waar hy sou verbygaan. Hulle swyg en kyk hom net aan. Tjhaka kyk na hulle, kyk goed na hulle en vind dat dit vreemde mense is, mense van 'n ander stam. Aan die oë en die voorkoms kon hy sien dat een 'n flink jong man is, 'n held in groot oorloë. Hy sien toe duidelik dat hy glad nie van Bokone is nie. Hy kom van ver, van die einde van die aarde af, van die stamme van reuse en sterk manne. Aan die manier waarop hy hurk, kan hy sien dat hy so vinnig soos 'n wildsbok moet wees, soos 'n warrelwind. Hy is gespied met seningrige kuite, skerp oë, oë van iemand wat in 'n koningstat grootgeword het, in oorvloed, gewoon daaraan om verskillende soorte mense te sien. Hy het 'n leervoorskoot gedra, netjies gemaak, met 'n hooftooisel van ystervarkpenne en 'n ring aan die bo-arm. Dit was duidelik dat dit nie net 'n dappere was nie. Dit was 'n heer, 'n held waarin die mensekinders 'n behae het.

Die tweede jong man is 'n luiaard, 'n onnosele met 'n hangmond en ongelooflike groot hangore soos grotte wat die wind opvang. Ons kan sê inligting opvang. Sy oë is waterig, vol bedrog en verraderlikheid. Dit vermy 'n ander se oë en is so swak dat die een na wie hy kyk, nie kan glo dat hy hom werklik sien nie. Dit is soos die oë van 'n beeld. Sy hare was korrelrig en in stringe wat voor en agter ahang. Dit het sy onaansienlikheid verhoog. Hy was 'n onvoltooide mens. Sy kakebene was ingesak en hol. Sy ken krom orent. Die arms geweldig lank, knopperig, en maer. Dit was duidelik dat hulle sterk was soos die arms van 'n blinde – waar hulle gryp, sou hulle nie los nie. Sy onderbene was lank en maer, sy voete spits en plat. Aan sy bene se seningrigheid kon jy sien dat hy nie stadig was nie. Sy voete was skraal en gebars op die hakke en op die trapvlak.

Toe Tjhaka hulle sien, was die tweede een uitgestrek op die grond. Maar toe hy sy oë oor hom stuur, staan hy op, lig sy kop, kyk effens verwilderd, hiernatoe en daarnatoe, die ore draai heen en weer, die oë vol lis en geslepenheid. Hy stap dreigend op en af soos 'n volstruis en gaan toe terug grond toe. Die ander een het 'n kort assegaai en 'n skild soos dié van Tjhaka vasgehou. Toe Tjhaka se oë hom bereik, lig hy sy assegaai stadig. Sy gesig word skielik boos, die are bult op die liggaam en gesig, die oë word rooi en Tjhaka besef goed dat hy hierdie man nie sal kan aandurf nie. Hy sal hom glad nie kan oorwin nie. Toe gaan hy bang terug in die water, pluk 'n riet en skil dit af, maar net toe hy Isanusi wil roep, staan die kreupele op. Hy kyk hiernatoe en daarnatoe, strek sy nek en gaan toe weer grond toe. Toe sê die geslepe een: „Tjhaka, moenie jou vermoei om Isanusi te roep nie. Ons is jou vriende, nie vyande nie. Ons is vyande van jou vyande. Kom uit, kom hoor.”

Daar was 'n vreemde krag in sy stem. 'n Krag wat dié wat dit hoor nie anders kan as gehoorsaam nie. Jy kon aan die klank daarvan aflei dat hy 'n bevelvoerder is, een wat gewoon is om groot magte te rig.

Toe Tjhaka hoor dat hulle hom op sy naam noem, en hulle van Isanusi hoor praat wat sy geheimenis was, en hom juis aanspreek toe hy op die punt was om Isanusi te roep, glo hy dat hulle van sy toordokter kom. Toe gaan hy uit met blydschap – toe hy hoor dat die vreemdelinge juis na hom gekom het. Dit is sy mense, sy vriende, besef hy. Hy groet en vra haastig soos een wat weet wat hy wil: „Wat is die nuus van Isanusi? Leef Isanusi nog? Hoe het julle geweet ek is hier by die rivier? Waar kom julle nou so baie, baie vroeg vandaan?”

„Die nuus is dat Isanusi ons gestuur het om by jou te bly. Hy leef nog. Ons het geweet jy is hier omdat dit jou dag is. Ons het hier naby in die vlakke geslaap.”

„Maar hoe het julle geweet dat ek hier by die rivier is en op hierdie plek?”

„Ons het geweet omdat ons die handlangers van Isanusi is. Ons is dié wat in die donker en in geheime sien. Ons hoor van ver af. Ons sien en ken die gedagtes van 'n mens se hart.”

Toe hulle klaar gepraat het, staan die kreupele op en kom agter die ander sit, maar met sy rug na hom gekeer. Toe vra Tjhaka wat hulle doen. Hulle sê: „Ons maak elke keer só as ons met geheime besig is, een kyk agter en een kyk voor sodat niemand ons betrap en ons geheime hoor nie.”

„Wat is jou naam?” vra Tjhaka die kreupele.

„Ndlebe.”

„Ndlebe! Wat beteken dit, of is dit omdat jou ore so groot is?”

„Omdat ek goed kan hoor.”

„Hoor jy goed?”

„Ja.”

„Wat hoor jy?”

„Alles wat die oor kan hoor.”

„Is jy ook na my gestuur?”

„Ja.”

„Om wat te kom doen?”

„Om vir jou inligting en geheime te hoor sodat jy nie beskinder word nie.”

Aanvanklik het Tjhaka getwyfel aan hierdie kreupele wat met sy oë op die grond boer en weier om hom in die oë te kyk. Ook oor sy kortaf antwoorde, soos van 'n mens wat nie lus het om te praat nie. Maar nou was hy heeltetal tevrede dat hy gekom het soos hy verduidelik het.

„En wie is jy?” vra hy die ander een.

„Die mense noem my Malunga.”

„Hoe noem jy jouself, as jy sê die mense noem jou so?”

„Ek, ek het nie 'n naam vir myself nie, want 'n mens gee jouself nie 'n naam nie. Dit word aan jou deur ander mense gegee.”

„Waarom het julle gekom?”

„Ek dink ons het reeds daardie vraag beantwoord. Dit is om by jou te kom bly; om jou op te pas en naby jou te wees in die geveg, want 'n groot oorlog is naby. Daarin sal jy vir jou koning uitblink meer as wat jy nog ooit uitgeblink het. Ons sal by jou staan. Ndlebe is jou ore. Hy sal vir jou inligting hoor. Ek, ek is jou arm. Ek sal vir jou veg. Maar ons twee sal eers toetree as die geveg hewig is, as dit kook. In vredestryd sal ek ook by jou wees. Ek sal jou planne saam met jou uitwerk. Ek sal 'n manier soek om dit aan te pak dat dit uitwerk net soos jy wil hê. Ndlebe sal in die koningstat bly. Naby die koning. Die mense sal vry-uit praat as hy naby is. Hulle sal nie omgee nie, want soos jy self sien, is hy soos iemand wat nie al sy varkies het nie. Maar hy is reg. Hy is 'n mens, glo my. Verder, die tyd is naby dat jy na jou tuiste moet terugkeer om die kapteinskop te neem. Daarom het Isanusi gesê dit is goed dat ons hierheen kom sodat ons naby jou kan wees.”

Toe Tjhaka hoor dat die tyd naby is om terug te keer om die kapteinskop oor te neem, word hy stil van blydschap en wonder hoe dit sal wees as hy, Tjhaka, verworpeling-van-sy-vader, in sy posisie kom en hoe die wraak op sy vyande sal wees? Om hulle dood te maak sal 'n baie klein dingetjie wees wat sulkes eintlik nie werd is nie, besluit hy.

Toe trek hulle op en gaan huis toe. Terwyl hulle loop, vra hy hulle steeds uit oor die oorlog wat naby is. Alles wat hulle hom meedeel, het hy geglo, omdat hulle die handlangers van Isanusi was.

'n Tweede saak wat ons verbaas, is dat Tjhaka nie sy moeder van hierdie mans vertel het nie. Hy het slegs gesê hy het vir homself 'n kreupele aangeskaf wat vir hom sy komberse sal dra, maar haar nie ten volle ingelig oor waar hulle vandaan kom en wat hulle werk is nie. Ook het hy net van die een vertel. Die tweede het hy gehcim gehou. Ons vra ook wie was Isanusi en wie sy handlangers, dat Tjhaka hulle vir sy ma verberg het – dit was tog sy gewoonte om alles, goed of sleg, aan haar te vertel?

Tjhaka vang Zwide

Soos dit hoort, het Tjhaka Ndlebe en Malunga aan Dingiswayo gaan bekendstel. Hy het gesê: „Toe ek in my vlug hier by jou aangekom het, koning, het ek alleen gekom, maar pas vandag het hier twee jong mans van ons huis aangekom wat my volgelinge is. Een sal my komberse dra, die kreupele. Die ander een is 'n vriend van my. Hy kom na my omsien. Ek stel hulle aan jou voor sodat jy hulle kan ken.”

Toe word hulle ingeroep en toe Dingiswayo hulle sien, ril hy van vrees. Toe hulle weg is, sê hy: „Sê jy hulle twee kom van jou tuiste af?”

„Ja, koning.”

„Ken jy hulle van jou kinderdae af, of ken jy hulle maar van onlangs af?”

„Ek het saam met hulle grootgeword, koning.”

„Ek vra so, omdat een 'n kreupele is en daar geen twyfel is dat hy nie in staat sal wees om jou komberse te dra nie. Van die tweede hou ek niks nie. Sy oë is 'n skelm s'n, vol onderduimsheid en verraad. Jy moet hom hier wegneem. Ek vrees hom. Hy is regtig skelm. Sê jy jy ken hom ook uit jou kinderdae?”

„Ja, koning.”

So sien ons dat Tjhaka leuens begin vertel, alhoewel ons hom leer ken het as een wat gewoonlik die waarheid praat. Eers steek hy vir sy moeder sy ontmoeting met Isanusi weg. Ook toe hy haar van hierdie twee vertel, raak hy dit slegs bolangs aan. Ook vir Dingiswayo vertel hy leuens. Stadig sleep hy homself van die waarheid weg na 'n bestemming wat ons nie ken nie.

„Jy moet jouself oppas, Tjhaka. Daardie vriend van jou steek iets weg. Hy sal jou in die moeilikheid dompel as jy nie versigtig is nie. Dit verbaas my dat jy sê jy ken hom uit jou kinderdae, want uit sy voorkoms, veral sy oë, is dit duidelik dat hy nie van jou wêreld is nie. Hy is 'n skurk van 'n onbekende plek, 'n opperste towenaar.” Terwyl Dingiswayo so praat, ril sy lyf weer, veral as hy dink aan die bedrog wat in die oë van Malunga sigbaar was.

Teen die aand sê Malunga vir Tjhaka: „Ek sien jou koning haat my. Hy dink ek is 'n slegte mens. Daarom gaan ek nie hier bly nie, ek sal nie gelukkig wees nie. Ek gaan terug na my mense. Ek hoop Ndlebe

sal alles wat jy nodig het vir jou kry. Vertrou hom. Jy sal sien dat hy 'n opregte, betroubare mens is. As jy hom pla, sal hy dalk wegloop. Gee hom goed kos, hy eet baie. Hy sal jou komberse dra. Hy is 'n sterk pakkier. Hy sal die inligting uitruik. Hy is 'n hond wat snuffel met uitstekende ore. Dit is 'n groot ding, want in die geveg kan hy die planne van die vyand uitsnuffel."

Toe vertrek die leërs om Zwide op die grense te ontmoet. Hulle haas hul om daar aan te kom voordat die weë onbegaanbaar gemaak word met towermiddels. Op 'n krans bo in die kloof ontmoet hulle mekaar, waar die Umfolosi verbygaan. Soos dit sy gewoonte was, het Dingiswayo nie meteens al sy manne ingestuur nie. Sommige impi's het hy teruggehou sodat hulle die swakker krygers kon gaan help wanneer dit nodig was. Die impi wat Tjhaka aangevoer het, is eerste ingestuur.

Die geveg duur lank. Uiteindelik val Zwide weer terug om 'n hinderlaag op te stel. Hy trek Dingiswayo se impi's al nader, nader aan die ruie kloof. Op die middag stuur Dingiswayo al sy manne in om met geweld toe te slaan en Zwide oor die afgronde te stoot. Juis op daardie oomblik kom Ndlebe by Tjhaka, papnat soos 'n hond wat ver gehardloop het, sy lang hare natgelek agteroor, op sy hoede soos 'n hond wat 'n dier se spoor geruik het, oopbek, uit-aseem. Hy sê: „My meester, daar is gevaar in die bos. Wees wakker. Pas op. Zwide steek sy impi in die bosse weg. Hierdie vlug van hom is nie om te vlug nie, dit is om julle in die bos te verras; om julle te omsingel sodat almal doodgemaak kan word. Ek raai jou aan om jou impi terug te trek asof jy hulle wil laat rus, want hulle het eerste begin. Jy moenie hulle instuur voor ek terug is nie."

Ndlebe gaan toe die bos binne. Hy glip reguit deur tot anderkant. Toe steek hy die gras aan die brand. Omdat dit winter was, was die gras droog en hoog en ruig. Daar was 'n ligte wind en dit dryf die brandende gras na die geveg. Op die tydstip toe Ndlebe die gras aansteek, was Tjhaka met sy impi bo in die kloof. Op die rand van die kloof was die geveg op sy hewigste, met die voorste linie van Zwide langs die plek waar die hinderlaag geskuil het.

En toe hulle kyk, sien hulle die wocdende vlamme rooi na hulle aangerol kom. Toe storm die hinderlaag verwoed uit die bos, bang om daar te verbrand. Maar hulle sien dat hulle nie kan uitkom nie omdat die vuur die weg versper. Hulle is daarom verplig om die geveg binne te vaar in 'n poging om Dingiswayo se manne agtertoe te dryf sodat hulle 'n plan kan beraam om uit te kom. Maar omdat Dingiswayo bokant hulle was, was dit moeilik. So verhewig die geveg – met die vuur wat Zwide van agter aanjaag en voor hulle Dingiswayo wat die poort

versper. Zwide se manne sien die dood is naby. Dit is 'n bloedige geveg. Elkeen soek vir homself 'n opening waardeur hy kan ontsnap. Vir lofprijsing het hulle nie geveg nie, maar vir die lewe alleen. In 'n kort oomblik het die lyke van dié wat dáár geval het, dié van die middag ver oortref.

Met die geveg op sy hewigste, kom Ndlebe by Tjhaka en sê: „Nou, stuur hulle in.”

Toe Tjhaka se impi verskyn, meen Zwide se manne dat Dingiswayo ook 'n hinderlaag opgestel het. Toe kom hulle ook almal uit, maar kyk die vuur in die gesig. Hulle sien hoe die vlamme toeneem en van ver af skroei as dit die bos vat. Die droë takke kraak en raas in die vuur. En die gedreun van die vlamme is vir Zwide se krygers soos Dingiswayo se spot. Toe begewe hulle hulle oor die afgronde. Sommige probeer ontvlug deur die nou passie. Ander bots borshoogte met die vlamme en storm skrociend deur. 'n Paar kom deur, maar vermink; die res verbrand en sterf.

In 'n grot in die deel van die bos wat slegs aan 'n paar bekend was, skuil Zwide self saam met 'n paar man. Daar was die bos baie dig en slegs 'n smal, dowwe muispaadjie het daarheen gelei. Toe sê Ndlebe vir Tjhaka waar Zwide is. Tjhaka stuur toe 'n deel van sy impi om Zwide van agter te gaan uitjaag. Hy kon slegs in hulle rigting uitvlug. Hy en Ndlebe skuil langs daardie paadjie.

Toe die krygers die grot binnegaan, vlug Zwide uit, al met die klein paadjie langs. Tjhaka hoor hulle kom, hou sy assegaai reg, gereed. Toe hy rondkyk, sien hy uit sy linkeroog vir Ndlebe met sy byl omhoog, afgagtend, verwilderd – nie die onnosele van gister en eergister nie. Sy are uitgeswel oral op sy lyf soos 'n gekweste leeu wat sy gestorte bloed gaan wreek.

Na regs kyk hy om, verstom om Malunga langs hom te sien, sy kort assegaai gereed maar sonder woorde, sy oë vasgenaël op die beknoppe paadjie waarop Zwide aankom, sy oë rooi soos bloed. Stil staan hy, soos 'n dier wat gereed is om te spring. Tyd om te vra waar hy vandaan kom, is daar nie. Toe Zwide te voorskyn kom, vlieg hulle genadeloos aannekaar, verskriklik. Hulle val mekaar vas en sien Tjhaka nie, want die bos is dig. Hulle sien hom eers toe baie reeds lyke is. Vlug kan hulle nie, verdedig kan hulle nie. Tjhaka kom en maai, stapel hulle op mekaar. Ndlebe kap koppe af met sy byl en hulle pak op mekaar. Malunga steek soos Tjhaka, help doodmaak asof die digte bos hom nie pla nie. Van agter stoot Tjhaka se impi en ander versper die poort met hulle assegaie.

Daardie dag swel Tjhaka se hand van mense doodmaak. Zwide word

lewend gevang en na Dingiswayo gencem, want hy het nie toegelaat dat 'n koning doodgemaak word nie.

En toe Tjhaka rondkyk, was Ndlebe en Malunga weg. Hy was alleen by die impi wat Zwide help vaskeer het.

Toe kom Ndlebe waar die geveg nog woed. Hy skree op die taal van die Ndwandwe en sê: „Die koning is gevang. Hier kom Dingiswayo se impi. Hulle kom saam met Tjhaka.” Ao, dit moes hy nie gesê het nie! Daar was verwarring. Nou was die vuur 'n klein gevaartjie. Om te wag dat Tjhaka kom, is om op uitwissing te wag. In hulle vlug stoot hulle mekaar oor die afgronde.

Uiteindelik versamel die leërs van Dingiswayo weer. Hulle trek op na die koning waar hulle Zwide vasgemaak by hom aantref, 'n gevangene. Toe gaan lê Ndlebe op die grond soos 'n hond wat ver gehardloop het, die geslepenheid van pas is weg. Hy is weer onnosel soos gewoonlik. Hy werp homself op die grond neer en rol om en om. Te midde van die gejubel reageer hy asof niks gebeur het nie. Aan die oorlog en sy verloop steur hy hom nie.

Dingiswayo se krygers was verstom oor Tjhaka se wysheid en sy vermoë om die vyand uit te oorlê. Alles wat hy gedoen het, is as sy eie vernuf beskou. Van Ndlebe se aandeel wis hulle niks.

Toe die leërs by die huis kom, moes jy die vroue se gejuig hoor! As koning, as oorwinnaar kom Dingiswayo tuis. Pas het hy die vyand verstrooi. Op almal se lippe is die naam van Tjhaka. Hulle het van hom gesing en hom besing.

Dingiswayo het sy gevangene enkele dae aangehou en toe losgelaat. Met vrede het Zwide na sy tuiste teruggegaan – asof hy nie 'n gevangene was nie, slegs iemand wat Dingiswayo om vredessake besoek het.

Toe is Tjhaka aangestel as bevelvoerder oor al Dingiswayo se leërs. In baie oorloë wat gevolg het, het hy alleen met die impi uitgegaan. Dingiswayo het tuis gebly. Maar al was hy ook by, het die bevel van Tjhaka uitgegaan.

Die dood van Senzangakhona

Terwyl Dingiswayo besig was om die volke te verstrooi, het Senzangakhona 'n vreesbevange bestaan gevoer, want dit was hy wat Dingiswayo in sy jongelingsjare 'n lewe gelyk het en hom in der waarheid gesoek het om hom dood te maak. Vandag sien hy hoe daardie Dingiswayo en sy seun Tjhaka uitstyg, die volkere verneder, en sy vrees is groot, hy bewe. Hy sê: „Vandag sal Dingiswayo wraak neem.” Daarom het hy uit sy pad gebly.

Sy vrouens het alles gedoen om Nandi se naam uitgewis te kry onder die vroue van Senzangakhona, sodat, as dit genoem word, dit slegs dié van 'n bywyf moes wees. Mfokazana het alles gedoen om die hart van die volk te verower. Hy het vir die mense beeste gegee, en sy strawwe lig gemaak. Selfs die werk van die volk het hy verminder, soos om vir die kaptein te ploeg en te skoffel. Hy het homself vir sy mense opgeoffer, met hulle meegevoel gehad, sodat hulle hom moes onthou die dag as sy vader skielik sterf.

By Dingiswayo het Tjhaka nog steeds alleen gewoon en die verloop van sy lewe oordink. Vandag het daar by hom geen twyfel meer bestaan nie. Duidelik het hy besef dat hy die kapteinskap van sy vader sal verwerf, omdat alles wat Isanusi voorspel het, net so gebeur het. Tjhaka het ten volle in hom geglo.

Ndlebe het naby hom gebly, doelloos rondgelê, grinnikend, terwyl die vlieë in en uit sy mond gaan soos hulle wil, en die kwyl daaruit loop en grond toe drup. Soos 'n volslae idioot het hy gelyk en soos 'n ding wat besig is om dood te gaan.

Toe Tjhaka aan dié dinge dink wat hierbo vertel is, kyk hy na Ndlebe. Op daardie oomblik word Ndlebe wakker, rek homself uit, krap homself en grinnik soos 'n hond as hy hom met sy agterbeen krap. Soos 'n hond wat uit sy slaap wakker word, gaap hy, kyk hiernatoe en daarnatoe, gaap weer. Toe staan hy op terwyl hy homself met sy hande op die grond ondersteun, sy rug gekrom. Hy kyk na Tjhaka, sy ore angstig gespits, luisterend. Toe staan hy op en loop. Slingerend loop hy, sy stringetjies deurmekaar, sy beesvelkometers afgesak tot op sy stuitjie.

Toe hy terugkom, deel hy Tjhaka mee dat daar teen hom saamge-

sweer word deur 'n oom van Dingiswayo en twee ander mans wat veronreg voel omdat Tjhaka hoër bevorder is as hy. Tjhaka gaan sê dit toe vir Dingiswayo en Dingiswayo laat daardie mans doodmaak.

Teen die aand van daardie selfde dag, toe die skaduwees neersak, sien Tjhaka Ndlebe sy ore oplig soos 'n hond wat 'n vreemde ding se reuk gekry het en neus omhoog wegstap. Hy gaan af en kry koers na die weste. Die son gaan onder, die nag sak toe. Dit word weer dag, 'n nuwe son kom op en gaan onder. Ndlebe bly weg. Toe die derde son opkom, kom hy – nat van die dou soos 'n hiëna. Toe wink hy Tjhaka met sy oë en toe hulle twee alleen is, sê hy: „Ek bring vir jou vandag smartlike nuus, alhoewel ek glo dat dit jou bly behoort te maak. Jou vader, Senzangakhona, is dood.”

Toe skiet verwarring en ontsteltenis die gemoed van Tjhaka binne – omdat die dood van sy vader hom in sy jeug oorval. Hy sien hoe daardie kinders die erfdeel van sy vader op eie houtjie verdeel en hom uitsluit. Maar om te treur was nie 'n ding wat hy geken het nie. Daarom dra hy die nuus aan Dingiswayo oor terwyl dit nog vars is.

„Ek hoor jou,” sê Dingiswayo, „waarlik, ek is baie jammer oor die dood van ons onderdaan, jou vader. Maar omdat ek nog niks van die hoofmanne of van sy seuns verneem het nie, kan ek niks daaraan doen nie. Wees moedig, laat ons maar net wag. Die feite sal hulle self na ons bring.”

Maar die seuns van Senzangakhona het Dingiswayo nie van hulle pa se dood laat weet nie. As hulle hom betyds laat weet het, sou hy 'n gesant stuur met woorde van vertroosting en selfs 'n bees as troosoffer. Maar hulle het die rouklere gou uitgetrek, want die seuns was haastig om die erfenis te verdeel. Toe maak die hoofmanne die volk bymekaar, wys na Mfokazana en sê: „Daar is julle kapteinskind. Neem hom. Beskerm hom. Hy het twee broers, beskerm hulle ook. En julle, seuns van die kaptein, luister na julle broer. Eer hom, sodat hy met julle kan saamwerk in alle sake en sendings.” Toe roep die mense: „Gegroet, kaptein. Beskerm ons. Ons is jou mense! . . . Reën!”

Op daardie byeenkoms was daar niemand wat ooit van Tjhaka gepraat het nie. Hy is daarvan ontsê om selfs sy voete op die erfdeel van sy vader te sit.

So is Mfokazana op die troon van sy vader geplaas, sonder dat Dingiswayo laat weet is. Maar na regte moes hulle hom laat weet het sodat hy daardie dag teenwoordig kon wees of 'n gesant kon stuur met sy boodskap – aangesien 'n kaptein aangestel word deur die kaptein wat oor hom gesag voer. Mfokazana het homself die hele dag gelooft soos een wat besef het dat 'n groot oorlog naby is. Hy het besef dat

Tjhaka nooit die kapteinskap wat hom beloof is, so maklik sal prysgee nie.

Op daardie selfde dag kom Ndlebe by Tjhaka en vertel hom van Mfokazana se instelling. Toe vra Tjhaka of Dingiswayo weet. Ndlebe ontken dit.

„Ek glo dit, want hy sou my gesê het. Dit is ’n baie groot flater om sulke gewigtige sake aan te pak sonder Dingiswayo se medewete. Dit was seker om vir hulleself te bewys dat hulle ook heersers van die land is, nie onderdane nie. Hulle het hulle vader se dood ook nie soos dit hoort bekend gemaak nie.”

Toe Dingiswayo by die hof kom, deel Tjhaka hom die nuus mee, en hy sê: „Het jy die inligting goed gehoor, Tjhaka? Ek vra, want dan het daardie kinders lelik teen my oortree. Dit is nie die eerste keer dat hulle my so behandel nie.”

„Ek het dit van iemand verneem wat daar was, koning.”

„Ek is baie teleurgesteld oor die daad van daardie kinders. In plaas van om oor Senzangakhona te rou, het hulle oor die erfdeel beslis nog voor die tranes op die wange droog was. Ek sal nou niks sê nie, want ek weet van niks. Ek is nie ingelig nie. Ek sal praat die dag as hulle my laat weet. Maar vandag moet jy jou gereed maak. Ek sal jou terug laat gaan om die kapteinskap wat Mfokazana van jou gesteel het, te gaan vat. Maar moenie haastig wees nie. Nog ses maande sal jy hier by my bly sodat ons nie die dood van jou vader oneer aandoen nie. Ons sal dit nie nou met ’n oorlog besleg nie.”

Op daardie oomblik strek Ndlebe hom uit waar hy lê en slaap het. Hy lig sy kop, kyk rond. Draderig drup die kwyl. Toe staan hy op, krap sy geel maag, strompel na buite en kry koers, oë op die grond, na die hutte.

„Tjhaka, daardie kêrel is ’n regte idioot. Daar gaan hy na die hutte, want hy dink net aan eet en slaap soos ’n dier.”

„Dit is so, koning. Maar ek het niemand anders behalwe hom nie. Daarom moet ek vriendelik met hom wees, al is hy so ’n dwaas.” Dit het Dingiswayo se hart week gemaak – toe hy dink hoe deugszaam Tjhaka hom gedien het en dat hy hom nog nooit beloon het nie. Toe gee hy hom as geskenk ’n groep mense om by hom te bly en sê: „Soek ook vir jou ’n vrou. Ek sal jou laat trou, want ek is jou vader.”

Onder die susters van Dingiswayo was die een wat hy die liefste gehad het, sy moeder se laaste kind. Sy het baie ooreengekom met 'n suster wat net ouer as hy was en wat hom gered het die dag toe sy saam met sy ouer broer, Tana, gesterf het. Hierdie twee kinders het soos 'n tweeling ooreengekom, ook in hulle manier van praat. Daarom was Dingiswayo vir haar liefwer as al die ander – nie soseer omdat sy sy moeder se laaste was nie, maar omdat haar gesig was soos dié van sy suster wat dood is. Haar oë, wange, stem, maniere, alles was soos die een wat dood is, wat hom uit die ellende, uit die dood verlos het.

Haar naam was Noliwa. Sy was wonderlik mooi, vervolmaak deur haar wit, vriendelike, sagmoedige hart. Almal wat haar geken het, het gesê Nkulunkulu, die Groot Een, het homself in haar gcopenbaar, sodat Sy kinders in haar voortreflike skoonheid, haar sagte, liefdevolle oë, die skoonheid en liefde van hulle Skepper moes sien, sodat hulle in haar die volmaakte, ongeskonde vrou moes sien en die volmaaktheid van die Skepper self.

Sou dit as gevolg van haar skoonheid wees dat daar by die Basotho 'n legende bestaan van 'n jong meisie waarvan gesê word dat sy om haar skoonheid nie buite mog gaan nie? Want as sy buite was, was daar niemand op die lande nie, niemand by die beeste nie. Almal het hul na haar gehaas om hulle oë te voed met haar skoonheid.

Noliwa het Tjhaka diep liefgehad. As daar *kana* gespeel is, het sy nie deelgeneem nie. Sy het haar ook nie by die spelers geskaar nie. Want by die *kana* het Tjhaka altyd eenkant gestaan – die een wat haar oë begeer het.

Eendag toe Ndlebe 'n hut binnegaan, vind hy 'n hele groep meisies daar. Toe hoor hy een van die meisies sê: „Hier kom die onnosele van Tjhaka.” En 'n ander: „Hier kom Ndlebe, ou langoor soos 'n veldmuis. Ndlebe in naam en daad!”

Toe Noliwa hulle so hoor praat, sê sy: „Julle moenie vir hom lag nie. Hy is 'n skepsel van die Here. Die een-wat-vir-die-arme-van-gees-lag, lag vir homself. Hy sal armoede van gees baar. – Is jy honger, Ndlebe?” Ndlebe antwoord bevestigend. Toe gee sy hom iets om te eet. En terwyl hy eet, vra sy hom uit en sê: „Waar is jou mecster, Ndlebe?”

„Wie is my meester?”

„Is jou meester dan nie Tjhaka nie?”

„Miskien is hy 'n meester. Maar waarom is hy daar by Dingiswayo se plek, 'n lafaard wat weggehardloop het; weggejaag deur sy klein broertjies wat agtergebly en die erfdeel wat hom toekom gegryp het?”

„Praat jy, of skeer jy die gek? As Tjhaka nie 'n held is nie, kan daar nog 'n held wees?”

Ndlebe volhard toe om sleg van Tjhaka te praat en so stel hy die ware gevoelens van hierdie jonges vas. Toe kom hulle by die dood van Dingiswayo se oom, en Ndlebe vra waarom hulle so gekonkel het om Tjhaka dood te maak. Toe sê Noliwa dat haar oom veronreg gevoel het omdat Tjhaka hoër as hy bevorder is. Hy was uitermate verneder omdat die meisies van Tjhaka gesing het.

Ndlebe: „En julle, wat het julle gemaak toe julle Tjhaka besing het – daardie dooie hond net soos ek? Hoekom het julle nie gejubel oor die bloedverwante van die koning nie?”

„Om 'n bloedverwant of 'n kind van die koning te wees is niks. Oor die held onder die helde word gesing.”

„Met ander woorde, tussen die raadsmanne en leiers van die koning, is dit na Tjhaka wat julle kyk, is dit nie so nie?” Tesaam antwoord die meisies en sê: „Natuurlik!”

Noliwa gaan toe verder deur te sê dat 'n mens nie eintlik kan sê jy is getroud as jy nie met 'n held soos Tjhaka getroud is nie.

Ndlebe: „Is dit so dat selfs jy, 'n dogter van 'n groot koning soos Jobe, graag met 'n onderdaan soos Tjhaka sal trou alleen omdat hy 'n mens doodgemaak het?” Toe sê Noliwa sy sal baie bly wees. „Verder, Tjhaka is nie 'n onderdaan nie. Hy is 'n koningseun. En bowendien: hy is mooi. Hy is aantreklik, blink soos 'n kleipot.”

„Praat jy of spot jy? Ek vra of jy regtig van hom hou en of jy somer praat?”

„Ek hou nie net van hom nie. Ek brand. Maar ek is bevrees, want hoewel ek my reeds op alle moontlike maniere aan hom probeer aanbied het, slaan hy sy oë net in die lug!”

Teen die aand van dieselfde dag kom Ndlebe in een van die koningshutte waar *Senyamo* gespeel word. Een sê vir Noliwa: „Raai!”

Noliwa: „Raai wat?”

„Tjh . . .”

„Ek gee op!”

„Raai!”

„Raai wat?”

„Tjh . . .”

„Ek gee op! ”

„Raai! ”

„Raai wat?”

„Tjhaka! ” Toe verhelder haar gesig en sy glimlag – toe Tjhaka se naam genoem word. Sy kyk na Dingiswayo en sê: „Ek kan sterf van begeerte. Ek kan nie sê hoe ek van begeerte brand nie.” Met opset sê sy dit sodat Dingiswayo kan hoor.

Die volgende oggend vertel Ndlebe dit aan Tjhaka: „Miskien het jy dit reeds opgelet, moontlik ook nie. Die meisies van hierdie statjie wonder wat se soort mens jy is: jy slaap nie in die hut van die jonges nie, jy gaan nie na die dansery of singery nie, jy *kana* nie en word nie *gekana* nie. Het jy al ooit opgelet dat jy die mense verbaas?”

„Hulle verbasing help my niks. Ek stel nie belang of hulle verwonderd is of nie.”

Asof hy nie gehoor het wat Tjhaka sê nie, gaan Ndlebe toe voort: „Het jy opgelet daardie maagde is ongemaklik oor jou? Hulle is almal bang, elkeen sê: „Ek hoop nie Tjhaka gaan my verby en vat so-en-so nie.”

„Ek het niks met hulle te doen nie. Of hulle ongelukkig of bevrees is – dis vir my om't ewe. Waarin ek belangstel is alleen die assegaai in hierdie stat – om die oorloë van Dingiswayo te veg. Dit is waarvan ek vol is. Dit is my hart. Ek het nie tyd om aan daardie maagde te dink nie.”

„Jy praat nie die waarheid nie, Tjhaka. Luister bietjie. Dis onwaar as jy sê jy stel nie in hulle belang nie, want van een van hulle hou jy verskriklik baie. Maar jy is bang vir haar.”

„Maar hoekom vra jy my so 'n sotlikheid, Ndlebe?”

„Ek het jou 'n groot ding gevra wat jou gevoelens raak – wat jy begeer net soos jy die kapteinskap begeer. Dit is nie 'n sotlikheid nie. Dit gaan juis oor een van die jong meisies hier.”

„Ndlebe, kan jy my werklik so 'n sotlikheid vra?”

„Jy lieg. Dit is nie 'n sotlikheid nie. Dink bietjie na! ”

Tjhaka het baie van Noliwa gehou, maar hy kon nie sien hoe 'n arm man soos hy, 'n swerwer sonder tuiste, ooit 'n kind uit so 'n hoë huis kon trou nie – al hou Dingiswayo so baie van hom. Noliwa is geskik vir 'n bloedverwant wat hoër as hy geplaas is, het hy besluit. En daarom het hy alle hoop laat vaar en geswyg. Hy was bang vir Noliwa en vir Dingiswayo, en terwyl Ndlebe gepraat het, het hy nooit kon dink dat Noliwa onder dié kon wees wat hom begeer het nie.

Toe skielik spring die gedagte in hom op: Is dit miskien Noliwa wat my begeer? Hy glimlag sonder om te praat en kyk Ndlebe aan. Toe sê

Ndlebe: „Ja, juis daardie een. Hou jy nie van haar nie?“

„Watter een?“

„Daardie een aan wie jy nou gedink het toe jy geglimlag het.“ Stil glimlag Tjhaka weer by homself, so asof sy reeds syne is.

„Ja. Wat doen daardie een?“

„Nee, antwoord eers my vraag. Hou jy van haar of nie? Ek sal haar sake agterna aan jou vertel.“ Tjhaka glimlag. En toe sê Ndlebe: „Nou, wie van ons twee het gelieg? Wie het die tyd verspil deur van sotlikheid te praat?“

„Dit is ek,“ sê hy, deur die lag oorval. „Maar sê my, daardie een, wat maak sy?“

„Daardie een het jou lief meer as wat jy haar liefhet.“ Toe staan Tjhaka op en huppel deur die hut van vreugde en lag by homself. En terwyl hy nog so huppel kom Noliwa die hut binne, haar oë na Tjhaka gerig. Hulle oë ontmoet. Toe vra sy na Nandi. Hulle wys haar af, Nandi is nie daar nie. Sy gaan weer uit. Met hewige emosie loop sy, hooggestem. Wat kan dit wees wat Tjhaka so bly gemaak het, vra sy; totdat sy haarself antwoord dat Ndlebe sonder twyfel vir hom van gister moes vertel het. „Maar kan Tjhaka werklik so bly wees om te hoor dat ek hom liefhet?“

Toe bly Tjhaka saam met Ndlebe in die hut agter, sy gedagtes op loop soos 'n warrelwind – 'n storm wat sy gemoed verwar, maar van vreugde. Ndlebe laat hom begaan totdat die verrukking bedaar het. Nog voor hy weer kan praat, praat Tjhaka en sê: „Wat sê jy, Ndlebe? Jy sê ‚daardie een‘ hou van my meer as ek van haar – watter een?“

„Die een wat pas hier was, dié Noliwa.“ Weer begin Tjhaka huppel soos 'n senuagtige kind. Toe hy bedaar, gaan sit hy op die grond en oordink die nuus. En hoewel hy baie bly was, word hy gou terneergedruk; bek-af – toe hy daaraan dink dat hy hom oor nietighede verheug, dat Dingiswayo nooit sal instem om Noliwa aan hom te gee nie. In plaas van haar aan hom te gee, sal hy hom eerder huis toe jaag. Toe sien Ndlebe die rede vir sy bedruktheid en hy sê: „Dit is juis die een wat jy vrees, wat jou sal help om haar te bekom.“ Toe bly hy stil, die ore luisterend. En toe sê hy: „Maar dit is dinge vir later. Op hierdie oomblik hoor ek die voetstappe van Mfokazana se gesante wat Dingiswayo kom meedeel dat hy in sy vader se plek ingestel is. Hulle is naby. Loop, gaan na die hof dat jy self die nuus hoor en dit nie deur iemand anders aan jou oortel moet word nie.“

„Kom jy nie?“

„Dit is nie ek wat die kapteinskap wil hê nie. Verder sal ek in elk geval hier op die werf ook hoor.“

Tjhaka en Isanusi by Senzangakhona se graf

Op die middag kom die gesante by Dingiswayo en vertel hom waarom hulle gekom het en hoe die volk Mfokazana in sy vader se plek ingestel het. Toe raas Dingiswayo omdat Mfokazana hom die stertkant van die nuus meedeel en sy verpligtinge teenoor hom verontagsaam het en sê: „Gaan, sê vir Mfokazana ek het gehoor. Maar hy het 'n fout begaan. En dié wat hom ingestel het, het 'n fout begaan, want sy pa het hom nie gekies om hom op te volg nie. Die seun van Senzangakhona is hier, dié een van wie Senzangakhona my vader laat weet het. Ek was hier daardie dag. En die gesante wat gestuur is, is nog hier. Senzangakhona het glad nie Mfokazana genoem nie.”

Met spyt het die gesante teruggekeer. Bang om diegene te gaan ontmoet deur wie hulle gestuur is. Toe Mfokazana dit hoor, stuur hy hulle weer en stuur hulle saam met dié wat Jobe oor Tjhaka se geboorte ingelig het. Hy stuur hulle met 'n boodskap wat lui: agterna het sy vader gesien dat Tjhaka 'n slegte, ongehoorsame kind is saam met sy getoorde ma. Daarom het hy hulle albei weggejaag.

Dingiswayo antwoord toe deur te sê: „Gaan sê vir Mfokazana, vandag hoor ek vir die eerste keer dat Senzangakhona van opinie verander het, dat Mfokazana die erfgenaam is. Vir wie het hy daarvan gesê? Verder, ek hoor vir die eerste maal dat Nandi toor. Wie het sy getoor? Sê vir Mfokazana, selfs nou die dag toe Tjhaka die leeu doodgemaak het en Senzangakhona dit na my gestuur het, het hy weer beklemtoon dat Tjhaka die erfgenaam is.”

Toe Mfokazana dit hoor, roep hy die volk bymekaar en deel hulle mee dat Dingiswayo hom die kapteinskap ontnem en dit vir Tjhaka gegee het. „Vandag sal dit aan die lig kom wie my vader se ware vriende is, noudat sy weeskind van sy reg ontnem is,” het hy gesê.

Ná die dinge wat Tjhaka oor Noliwa verneem het, het hy begeer om haar te ontmoet en met haar te praat. Toe hy haar eendag 'n klein rukkie ontmoet, het hulle nie gepraat nie, net aan mekaar krale gegee. Noliwa het Tjhaka s'n geneem en hy het hare geneem. Tjhaka het dit gedoen om die gevoel van die mense te toets, veral dié van Dingiswayo. Want as hy nie wou hê dat Tjhaka Noliwa moes trou nie, sou hy haar berispe het. Maar Dingiswayo het die snoere gesien en daarmee genoë

geneem. Hy het gemeen dat as Tjhaka met Noliwa trou, hy inderdaad een van sy mense sou wees. Hulle sou mekaar met alles kon help – in vrede sowel as oorlog. Nou was hy sekerder as ooit dat Tjhaka die kaptein van sy tuiste moet wees. Hy sê dit nie om Tjhaka te vlei nie, maar omdat die feite Tjhaka bevoordeel.

Toe sê hy: „Julle, manne van my raad, help my! Ek wil nie onwetend die feite verwar nie. Julle weet dat ek 'n lang tyd weg was. Het Senzangakhona ooit terwyl ek weg was na my vader gestuur om te sê hy het van opinie verander; dat die een wat hom sal opvolg Mfokazana is?”

Die manne, raad van die hof van Jobe, ontken dit toe. Toe sê Dingiswayo: „Tjhaka, ek was 'n lang tyd weg van die huis. Ek weet nie wat intussen gebeur het nie. As jou moed jou toelaat, vat jou impi en nog een en gaan ontnem Mfokazana die heerskappy wat hy voor jou weggeraap het.”

In daardie oorlog is Mfokazana oorwin en doodgemaak. Dingana en Mhlangana het nie aan die oorlog deelgeneem nie. Toe Tjhaka hulle wou doodmaak, het Ndlebe vir hulle gepleit. Daarvoor is ons baie verbaas, want gewoonlik het Ndlebe, in plaas van om vir iemand te pleit, die geveg aangeblaas. Hier sien ons die verbasende ding dat hy vir mense in die bres tree, selfs vir Tjhaka se vyande.

In daardie oorlog het Tjhaka verwoesting gesaai. Nogtans kon hy hom nie wreek soos hy wou nie, want hy was bang vir Dingiswayo. Toe Noliwa hoor dat Tjhaka Mfokazana oorwin het, stuur sy vir hom 'n mooi snoer, kunstig geryg – om hom geluk te wens en dat hy haar daaraan kon onthou. En Tjhaka het haar ook 'n geskenk gestuur om te wys dat sy liefde groot is. Soos ons gesê het was Tjhaka bang om met Noliwa te praat, want hy was onseker oor wat Dingiswayo daarvan sou sê. En Noliwa was ook bang. Vir Tjhaka was dit moeilik om so 'n saak met die suster van so 'n groot koning te bespreek. Hy het gesê Noliwa sal sê sy wil nie deur so 'n een belaglik gemaak word nie. Daarom het hy getalm om die saak verder te voer.

Toe die oorlog teen Mfokazana aan die gang was, het Malunga ook tussen die vegtendes opgedaag. Toe vra Tjhaka hom of Dingiswayo reg was om te beweer dat hy, Malunga, hom sal vervolg? Toe sê Malunga: „Dingiswayo is wys. Sy oë sien verder as ander mense s'n. As hy na 'n mens se uiterlike kyk, gaan sy oë in werklikheid binne-in die hart. Hy het goed gesien dat ek slim is en hy is tereg bang dat ek sal omdraai en sy mense leed aandoen en die kapteinskap van hom ontnem. Maar hy weet nie dat kapteinskap vir my niks is nie; wat saak maak is die toordokterskap.”

Tjhaka: „Malunga, vandag is ons by my plek waar ons kan maak wat ek wil. By Dingiswayo was ek gebind om sy wil uit te voer, al het ek self nie daarvan gehou nie. Daarom sê ek: bly by my soos ons beplan het. Moenie jouself meer wegsteek nie, want die een vir wie jy weggekruipt het, het nie soveel mag hier nie.”

„Ek is baie bly om jou so te hoor praat. Dit is juis daarvoor dat my meester my hierheen gestuur het.”

Toe die dag aanbreek waarop Tjhaka as kaptein ingestel sou word, het Dingiswayo daarheen gegaan soos belowe. Daar was 'n verbasende sameloop van omstandighede: die dag voor die instelling was Tjhaka se baddag. Terwyl hy van die rivier af terugkom, sien hy uit die skemer 'n mens na hom toe aankom, gevolg deur twee ander. Dit is Isanusi self. Tjhaka het daardie dag baie, baie vroeg gaan bad omdat hy nie wou hê dat die mense wat na die fees op pad was hom moes sien nie.

Sy vreugde toe hy die toordokter ontmoet, kan ons nie beskryf nie; hoegenaamd nie. Hy kyk in die oë van die man wat hom op die verlate vlaktes gevind het terwyl hy onder 'n boom aan die slaap was, moeg, honger, voetseer, swerwend deur die land, sonder om te weet waarheen hy op pad is. Dié het meegevoel met hom gehad, van hom 'n mens gemaak.

„Gegroet, Tjhaka!”

„Gegroet tog, my heer, my meester, my vader!”

„Hoe gaan dit? Loop die sake mooi?”

„Baie goed. Beter as wat ek verwag het.”

„Die geluk wat ek jou beloof het is op pad. Sien jy dit?”

„Dit kom in groot hoeveelhede.”

„Is my woorde van die dag toe ek gesê het jou verdrukking sal net daar waar ek jou gekry het eindig, bewaarheid?”

„Dit is ten volle bewaarheid.”

„Hoe werk daardie assegaai wat ek vir jou gemaak het?”

„Ao, bly doodstil. Bly maar net stil.”

„Wat bedoel jy, Tjhaka?”

„Ao, laat ons liever swyg. Die ander mense kan praat. Nie ek nie.”

„Is jy in staat om met daardie wapens van jou die dapperes te ontwortel, die dik manne met die sterk nekke?”

„Ek maai hulle af.”

„Hoe is dié manne wat ek jou gestuur het?”

„Hulle is soos jy van hulle gesê het. En hulle is meer as dit. In die gegeweg is hulle leeus. Hulle saai verwoesting. In vrede oortref Ndlebe al die *isanusi's* deur die sake uit te ruik. Ek sê niks van Malunga nie, want ek weet nie waar hy woon nie.”

„Kortom, het my werk jou tevrede gestel? Is daar iets wat nie uitwerk soos ek gesê het nie?”

„Jou werk het my ten volle tevrede gestel. Daar is nie eers een dingetjie wat nie uitgeval het soos jy gesê het nie. Die bewys is dat ek mōre in die kapteinskap van my vader bevestig word; ek, daardie swerwer wat jy opgetel het.”

„Dit is goed, Tjhaka. Ek is bly dat my werk jou tevrede gestel het. Daarom sal jy kan glo as ek sê dat die dinge wat jy gesien én die wat jy gehoor het, klein dingetjies is. Die grotes kom nog. Onthou net die raad wat ek jou drie maal gegee het toe ons daar onder was: laat daardie assegaai sy werk behoorlik doen. As jy 'n koningskap soos dié van Dingiswayo wil hê – én wat dit ver oortref – en die roem wil verwerf wat jy begeer, moet daardie assegaai elke dag bloed hê; vars bloed, nie gestolde bloed nie. Verder, ek het gesê die middels waarmee ek jou behandel, is sterk; as jy nie doodmaak nie, sal dit jou doodmaak. Vandag, noudat jy genoegsaam doodgemaak het en die kapteinskap volgens jou wens ontvang; nou, as jy nie meer as dit verlang nie, moet jy my sê, dat ek die krag in jou bloed kan blus sodat dit jou nie doodmaak nie.”

Toe Tjhaka antwoord, sê hy: „Isanusi, ek, Tjhaka, beplan nie dinge nie. Ek draai nie om voor ek by die einde van 'n saak kom nie. Ek is nog steeds honger. Ek wil nog hê. Ek sê: gee nog, meester. Ek sê: handel met jou krag en al jou kennis sodat ek by die voleindiging kom; tot waar jou groot vermoë nie verder kan nie. Wat hierdie assegaai betref, hy sal in dapperheid eindig, ja, selfs tot by sy steel in mensbloed eindig.” Nou het Isanusi en sy handlangers gelag, toe Tjhaka so sê.

Isanusi het dié vrae nie soseer gevra om te hoor of Tjhaka tevrede is nie. Hy wou hoor hóé tevrede Tjhaka is en die aard van sy vertroue in hom peil. Want wat hy belowe het, moet gebeur. Dit was wet.

Toe hulle in die stat kom, sluit Isanusi hulle in 'n hut op omdat Dingiswayo reeds daar was en hulle hom nie wou ontmoet nie, want hy het hulle vreeslik gehaat. Behalwe Ndlebe wat hy as 'n skadelose idioot beskou het. Toe hulle uitmekaar is, het Isanusi beveel dat hulle mekaar om middernag by Senzangakhona se graf moes ontmoet waar Tjhaka die seën van die voorvaders sou ontvang.

Om middernag gaan Tjhaka inderdaad na die graf van sy vader. Alleen. Pas was hy daar, of hy sien Isanusi en sy twee handlangers uit die donker verskyn. Dié nag behandel Isanusi hom baie goed met towermiddels, veral met dié wat aangevryf word. Toe hy klaar is, voetel hy op die graf van Senzangakhona. Hy maak 'n klein gaatjie

wat nêrens heen lei nie en gaan toe daarop sit. Hy krimp inmekaar en praat 'n taal wat Tjhaka nog nooit gehoor het nie. Met bcwoënheid praat hy, met 'n terneergedrukte hart, sy stem swaarmoedig. Hy praat, maar nie met Tjhaka nie, met dié wat in die graf is. Terwyl hy nog so praat, begin die donker grond op die graf roer en skud.

Net toe dit gebeur, staan Ndlebe op en hardloop al om die graf. Malunga steek aanhoudend met die assegaai in die grond. As hy dit uit-trek, roer die graf. Dan wys hy kwaai na die ooste. Steek dan weer in die grond. Dan wys hy weer na die weste, noorde en suide. Toe hy klaar is, steek hy Tjhaka se assegaai in die grond op die graf van sy vader. Toe kom staan Ndlebe langs Malunga wat homself regskud soos 'n hoender in die reën. So bly hulle 'n lang ruk stil. En toe suis dit om die graf. Dit word vreesaanjaend. Iets soos die geruis van wind hoor Tjhaka. Op daardie oomblik praat Isanusi weer, met 'n swaarmoediger hart as tevore. Hy praat met 'n dun stemmetjie; nederig, selfvernederd, soos een wat bid uit ellende, wat hulp vra. Toe bly hy stil en net toe hy stilbly, begin Ndlebe en Malunga tegelyk. Hulle sing 'n klaaglied, 'n lied van droefheid. Droewiger as mense wat 'n lyk graf toe dra, sing hulle dit.

Terwyl hulle dit sing, hoor Tjhaka 'n stem onder uit die graf kom. Die stem praat in dieselfde taal as wat Isanusi gepraat het en hy reageer daarop. Terwyl hy verbaas luister, hoor Tjhaka ook sy naam; hoewel hy nie kan verstaan wat gesê word nie. Hy hoor die naam van 'n voorvader en dié antwoord. Hy hoor die naam van een wat op hom volg en ook hy antwoord. So kom dit tot by sy pa, Senzangakhona.

Isanusi praat-praat weer effens en sê: „Senzangakhona”, en Tjhaka hoor die stem van sy vader, die ware stem net asof hy leef, alhoewel hy 'n taal praat wat Tjhaka nie verstaan nie. Hy skrik so dat hy amper flou word.

Isanusi en Senzangakhona praat 'n tweede keer met mekaar. 'n Derde keer. Toe sê Isanusi: „Tjhaka, vat jou assegaai en jou kerie en kom hier.” Toe hy kom, sê hy: „Klim bo-op my en luister wat jou vader met jou praat. Maar luister net. Moenie antwoord nie. Aangesien jy nie gewoond is om met gestorwenes te praat en hulle stemme te hoor nie, moet jy slegs die seën van jou vader ontvang en dan moet jy weggaan, en na jou tuiste terugkeer.”

Tjhaka gaan staan toe bo-op Isanusi met sy assegaai in sy regterhand terwyl hy met die linkerhand die kerie vashou. Toe praat Isanusi weer in daardie taal. En toe Senzangakhona antwoord gee, praat hy die taal wat hy gepraat het toe hy nog geleef het. Op daardie oomblik hou Ndlebe en Malunga op met sing aan die droewige lied. Hulle kom na

Tjhaka waar hy bo-op Isanusi staan. In die rondte tol hulle al om hom terwyl hulle weer sing, maar nou is dit 'n lied van vreugde, van dank. Dis 'n lied van 'n mens wat dankie sê vir sy gebede wat verhoor is. Hulle sing terwyl hulle in teenoorgestelde rigtings rondom hom loop.

'n Kort rukkie praat Senzangakhona. Hy sê dat dit hy was wat Tjhaka in sy kapteinskap aangewys het die dag toe hy gebore is en vertel hoe dit gekom het dat hy hom dit weer geweier het: dat Tjhaka kan leer dat kapteinskap moeilik verwerf word; en dat hy dit moet gryp en dit moet vashou. Toe sluit hy af en sê: „Tjhaka, my kind! Dit is ek, jou vader wat met jou praat. Hier by my is die vaders en grootvaders. Ons almal sê, ons kapteinskap, die kapteinskappe van elkeen van ons – laat dit op jou val en daar versamel. Wees 'n sterk kaptein wat nie regeer word nie. Oorwin al jou vyande. Laat jou skild jou beskerm teen die vyand se assegaai en laat jou assegaai doodmaak. Laat jou volk jou eer. Laat hy jou vrees. Wees 'n man. Wees 'n koning.”

Toe skud Isanusi homself soos 'n hoender dat Tjhaka kan afklim en Ndlebe en Malunga hou op en begin hande klap. Hulle klap hande by die graf; en hou toe op om hulle opdragte te kan verneem. Toe sê Isanusi: „Smeer Tjhaka oral op die lyf met die middels wat ek julle gegee het.” Toe smeer hulle hom terwyl Isanusi voortdurend in daardie onverstaanbare taal prewel. Hy praat en kloek soos 'n hoender wat broei. Toe hulle hom klaar gesmeer het, sê hy: „Laat die koningskind nou staan dat hy die kapteinskap kan gaan ontvang wat sy vaders hom gegee het. Jy, Tjhaka, gaan en neem jou koningskap en woeker daarmee. Jy is nog aan die begin van jou arbeid. Jy het ook die bevel van jou vader gehoor toe hy gesê het, „laat jou skild jou beskerm teen die vyand en laat jou assegaai doodmaak”. Gaan en maak so!” Hulle loop en laat hom alleen by die graf. En toe hulle weg is, keer ook Tjhaka na sy tuiste terug.

Dit was baie vroeg in die oggend toe Tjhaka van sy vader se graf weggegaan het. Die hoenders was nog aan die wakker word, die swart kraaie het al gesing en die rooidag was al sigbaar. En Mphatlalatsane het met 'n helder gesig oor hom gehang – asof hy vir hom glimlag. Dit was baie stil, asof alle dinge daardie oomblik eerbiedig het – dié oomblik wanneer Tjhaka van die graf van sy vader terugkeer.

Die drie mans het geloop sonder om te gesels, sonder óm te kyk, soos iemand wat 'n warm kool in sy hand het, want hulle wou nie dat die nag opklaar voor hulle tuis is nie. Toe die nag stukkend op die grond val, was hulle reeds in hulle hut in die stat.

Dié wat hom gesien het toe hy met skemer by die huis aankom, het gesê hy het op 'n perd met gladde haar gery, gelei deur jong meisies,

mooier as alle ander op aarde. Baie mense beklemtoon egter dat die Nkosazana YeZulu toe die eerste maal gesien is. En hulle sê sy het die perd self gelei. Ander meen dit was Noliwa, alhoewel Noliwa nog nie daar was nie. Sy het gekom toe die beeste al weiveld toe was. Bowendien, sy het saam met baie ander mense gekom. Ook daardie perd wat hy sou gery het, is vir ons 'n geheim, want hulle het nog nie perde gehad nie. Die twee wat Dingiswayo uit die Kolonie gebring het was alreeds dood. En Dingiswayo het op 'n perd van Mohlomi na die fees gekom. Dié wat hom gesien het, hou vol om te sê hy het op 'n perd gery – daaroor twyfel hulle nie.

Die tweede saak is juis daardie jong meisie – waar sou sy heen gegaan het toe Tjhaka tuis aangekom het? Daar is nie 'n plek waarheen sy kon gaan of haarself versteek het nie. Dit was ook die enigste keer dat van haar gehoor is, behalwe net een verdere keer teen die middel van Tjhaka se regering toe Noliwa reeds dood was.

Die derde saak is daardie perd – waarheen sou hy wees? Want behalwe vir die twee wat Dingiswayo gebring het, is perde eers weer gesien toe die Blankes gekom het.

Tjhaka word in die kapteinskap van sy vader bevestig

Die dag van Tjhaka se instelling het aangebreëk. Nadat die beste weg is weiveld toe, kom Noliwa en haar groepie aan. Sy was vertraag en kon nie saam met Dingiswayo kom nie. Toe die mense hulle plekke ingeneem het, verlaat Tjhaka die hut waarin hy homself afgesonder het. Dingiswayo het die doel van die byeenkoms uiteengesit. In alles het hy uit die diepte van sy hart gepraat, maar sonder om 'n mens te verheerlik. Hy wou ook nie weer op die dinge ingaan waaroor hy ontevrede was nie. Die hoofmanne het ook gepraat. Teen die einde het Tjhaka se beurt gekom.

En toe hy opstaan, staan die seun van Senzangakhona daar – ligbruin en ryp, glad en aantreklik vir al die oë wat na hom kyk. Toe die volk hom sien, sien hulle 'n koningseun, gebore om te regeer. Ontsteld was hulle toe hulle besef hoe hulle hom versaaak het en van watter kaliber die een is wat hulle versaaak het. Toe die impi en die jong manne na hom kyk, vind hulle 'n mooi jong man met skerp oë, met 'n flink arm, geskik om 'n assegaai en 'n skild te dra. So groei hulle geneetheid. Die hoofmanne sien 'n jong koning, 'n loot wat baie beloof. Die jong meisies sien 'n held, 'n prag onder al die jonges, volmaak begaaf, sonder letsel – 'n meerdere in alle opsigte. Almal wat hom sien, vind in hom 'n jong man van die koningshuis, gewoon om in oorvloed te leef. Hulle sien 'n generaal, gebore om die groot leërs aan te voer.

Hy is groot van gestalte en lank. Van sy skouers af troon hy bo ander uit. Hy is nie maer nie, maar breedgeskouerd. Al kom hy swaar voor, is hy lig om te hardloop, te spring, te draai, weg te swenk soos niemand hom dit kan nadoen nie.

Tjhaka staan op tussen die skare wat hul oë op hom gevestig het en praat toe. Kort het hy met sy mense gepraat; dat hulle hom inderdaad moet aanvaar met hulle hele hart; dat wat verby is aan die verlede moet behoort; dat 'n nuwe era begin moet word. Hy wou nie uitbrei nie, want hy was bang om die harte wat deur die oorlog gewond is, verder seer te maak. Toe rig hy hom tot Dingiswayo en vertel hoe dié hom opgetel het, hom oor hom ontferm het, 'n mens van hom gemaak het. Hy bedank hom met mooi woorde en 'n dankbare hart. Hy bely sy onderdanigheid en hoe hy gebind is om hom te eer en lief te hê oor

alles wat hy vir hom gedoen het. Hy vra dat die koning hom voortaan ook nog moet uitstuur. Hy sal gaan. Net soos dit hom behaag, moet hy hom gebruik. Daarvan hou hy. Dit sal bewys dat sy meester hom nie verwerp nie. Terwyl Tjhaka praat, dring sy stem in die hart van almal wat na hom luister. Dit oorreed selfs dié in wie se hart daar nog 'n sweempie van haat oor is. Hulle maak die poorte van hulle harte met blydschap vir hom oop. Ook Dingiswayo groei in liefde en vertroue toe hy sy belydenis hoor en die opregtheid daarvan sien. Vir Nandi is al hierdie dinge soos 'n droom van die nag. Noliwa sien op Tjhaka se gesig verbasende skoonheid wat selfs dié oortref waarvan in legendes vertel word. Sy sien 'n man – volmaak. In die klank van sy stem hoor sy 'n lied, veel mooier as dié van die boogharp en die kalbaslier.

Toe juig die vergadering en sê: „Reën! Ons is joue, koning! Beskerm ons!”

Die volgende dag vertrek Dingiswayo en laat Tjhaka agter as koning in die erfdom van sy vader. Noliwa en die jonges vertoef nog twee dae en handel hulle sake met Tjhaka af. Toe almal weg is, begin Malunga om die statjie te behandel en te reinig – die hutte waarin Tjhaka geslaap het, die krane en alles wat beskerm moet word. So was die terugkeer van Tjhaka na sy tuiste waarvandaan hy weggedryf was.

Hierna het Dingiswayo etlike oorloë alleen geveg sonder om Tjhaka in te roep. Tjhaka moet aan sy mense gewoond raak. Die geleentheid moet vermy word dat hulle in 'n oorlog teen hom opstaan en hom doodmaak. Toe hy teen Qwabe optrek, roep hy hom die eerste maal. Daarvandaan keer hulle terug met groot troppe vee sonder om iets te verloor. In daardie oorlog veg die seun van Sensangakhona in lewende lywe voor die oë van sy nuwe leër. Toe hulle by Dingiswayo se grootplek aankom, vertoef Tjhaka daar onder gejuig – by die plek waar die assegaai nooit rus nie, waar die jong manne in hulle gretigheid vir mekaar kwaad word as hulle die lofliedere hoor. Ook bly hy agter om by Noliwa te wees. Terwyl hy daar is, rig hy die leërs af en leer hulle verskillende spele. Veral leer hy hulle cendrag – om alles cendragtig te doen en soos 'n eenheid te werk te gaan. Toe Dingiswayo die oorgawe sien waarmee Tjhaka te werk gaan, besef hy dat Tjhaka verveeld was tuis omdat daar nie oorlog was nie. Om hom bly te maak, val hy ook die Mangwane van Matiwane aan. En terwyl Tjhaka hulle steeds oplei en voorberei, trek die leërs op.

Die dag voor hulle die vyand sou ontmoet, het hy die jong manne geweldig aangehits. Elkeen het hom voorgeneem om beter as die ander te wees om die oog van die kaptein te vang. Die Mangwane was 'n baie groot stam, maar was verswak deur baie oorlogvoering.

Toe Tjhaka daardie aand klaar was met sy praatjie voor die impi's, gaan hy na die slaapplek naby die koning terug. Toe tref hy Ndlebe en Malunga daar aan, alhoewel hy hulle nie geroep het nie. Toe sê Malunga: „Ons het na jou gekom met 'n saak waarvan Ndlebe jou sal vertel. Ons het amper nie gekom nie, want soos ek jou meegedeel het, wil ek nie die oorloë veg van 'n mens wat my haat nie. Maar ek het nietemin gekom. Ek het na j^ou gekom, nie na hom nie. Want hoewel die glorie van die oorwinning syne sal wees, is dit maar 'n klein oorloggie. Wat jy egter deur die oorlog sal buit, sal joue word as Dingiswayo dood is.” Toe vra hy of Tjhaka al met sy leërs gepraat het. Tjhaka antwoord bevestigend. Toe sê hy: „Dit is baie jammer, want ek wou met jou praat voor jy hulle finale bevele gee. Maar dit maak nie saak nie, jy kan teruggaan. Ek het vir jou 'n middel gebring wat jy moet eet voordat jy met hulle praat. Jy moet met hulle praat pas ná jy geëet het, terwyl dit nog in jou mond is. Dit sal wonders verrig onder die impi – dit is lekkermond.”

Toe staan Ndlebe op en sê: „Ek hoor die geluid van 'n groot oorlog. Maar dit is eintlik 'n klein oorloggie. Dit is groot omdat daar 'n groot ding in hom gaan gebeur. Dit sal ek jou vertel die dag as ons optrek.”

Toe gee Malunga hom die middel. Hy eet dit en sluk dit af met water en keer toe na die leërs terug. Om middernag kom hy by hulle en vind sommige al aan die slaap. Hy maak hulle wakker en sê dit is nie die tyd om te slaap nie. Hy sê: „My broers, ek is baie bevrees. Ek kan nie slaap of ontspan nie. Soos ek reeds gesê het: julle kom teen manne te staan, nie teen kinders nie. En ek sê weer: gaan, wel wetend dat julle die dood tegemoet gaan. Ek sê: laat dié wat bang is nou dadelik teruggaan. En dié wat bly, moet onder geen omstandighede vlug nie, wat ook al gebeur. Hulle moet soos manne wees wat hulself opoffer om saam met hulle kaptein te sterf of saam met hom te oorwin, maar nie vlug nie. Wat ek die meeste vrees is om mense te sien vlug as die geveg hulle oorweldig en die kaptein gevang word. Onthou vir Zwede. Dié wat bang is, staan op en gaan!” Toe staan daar niemand op nie. Almal wat hom gehoor het, word bedroef en huil. In die donker nag spat die tranes uit hulle oë. Hoe hewig gaan die oorlog wees waarvan Tjhaka praat? Hulle sê: „Waar ons heen gelei word gaan ons, al is dit saam met die dood.” Hulle moed vlam op. Hulle wag vir die more met groot verwagting. Hulle neem hul voor om so te veg dat Tjhaka nooit, nooit weer nodig sal hê om so met hulle te praat nie.

Toe die nag opklaar, bars die oorlog los met verskriklike geweld. Matiwane se stat was hoog geleë. Die vroue en die ou manne het buite die stat die geveg sit en dophou. Toe gaan Ndlebe met 'n onbekende

paadjie en steek die stat haastig aan die brand en sy vinnige voete dra hom na die geveg terug.

Toe Matiwane ná 'n oomblik 'n geluid deur sy hart hoor priem, kyk hy om en sien die rookwolk van hulle brandende stat en kinders en oumense wat oor die vlaktes en heuwels saai in hulle vlug. Na die slote, na die bosse, na die berge. En toe word die krygers bang, hulle knieë swik, want as die vyand jou kinders in gevaar stel, het jy nie meer vertrou nie. Hulle vlug om die kinders te hulp te snel.

Dingiswayo buit toe al Matiwane se beeste en al die kleinvee. Waar hulle oornag, huldig hy Tjhaka en sê weer: vir Tjhaka moet 'n vrou gesoek word. Hy sal sorg dat hy een kry. Tjhaka antwoord toe deur te sê dat hy nie aan trou dink nie. Hy het slegs een persoon lief, maar sy is onbekombaar, hy het haar al opgegee.

Dingiswayo: „Wat beteken dit as jy sê sy is onbekombaar?”

„Dit beteken sy is die dogter van 'n baie hoë koning in wie se oë ek niks is nie.”

„Waar is haar tuiste? Wie se dogter is sy?”

„Haar huis is . . . is . . . is . . .”

„Hoekom kan jy nie praat nie? Is dit my suster?”

„Ja, koning.”

„Wie?”

„Verskoon my, koning, ek is bang om haar naam te noem, want dit is dié een wat jy baie liefhet.”

„Is dit Noliwa?”

„Ja, koning.”

„Het jy al met haar gepraat? Ek sal haar nie terughou nie, jy kan met haar praat. As sy instem, stem sy in. Weier sy, dan weier sy. Sy moet maak soos sy wil.”

„Daaroor verstaan ons mekaar reeds, koning.”

„O, ek sien. En jy vrees nog om haar te vra. Nee, ek is gereed. Maar as jy my suster trou, sal dit jý wees wat my die beeste moet gee. Ek kan jou nie die beeste én my suster ook gee nie!” Hoe groot Tjhaka se vreugde daardie dag was, kan die leser self dink. En Dingiswayo, die groot humoris, vertel toe aan sy leer dat Tjhaka Noliwa gekies het. En hulle was verheug toe hulle besef dat Tjhaka nou ten volle aan hulle sal behoort, want beeste kan mense verenig.

Toe Tjhaka by die grootplek aankom, hoor hy dat sy moeder siek is. Hy haas hom daarheen.

Toe hulle tuis kom, sê Ndlebe: „Ek verneem Dingiswayo sal nie meer tien dae lewe nie. Bly hier. Jy is gereed. Dít is die saak wat ek jou belowe het as ons terug is.”

Zwide maak Dingiswayo dood. Tjhaka verwerf die koningskap van Dingiswayo

Toe Dingiswayo tuis kom, verdaag hy sy leërs dat hulle na hulle tuistes kan teruggaan om te rus. Maar om wraak te neem oor sy skande, ruk Zwide sonder waarskuwing op. Toe Dingiswayo dit te hore kom, was Zwide al by die Umfolozi. Toe trek Dingiswayo haastig op met sy tuiswag om die vyand te ontmoet voor hulle sy stat bereik. Die bevel gaan uit en die leërs word bymekaargeroep om hom te hulp te snel. Maar die tuiswag was vermoeid van die oorlog teen Matiwane en die aanjaag van die buit; daarom het die geveg hulle oorweldig toe dit nog in die begin was. Koning Dingiswayo word gevang. Toe Zwide by sy tuiste aankom, maak hy Dingiswayo dood. Hy kap sy kop af, sit dit op 'n paal vas en neem dit in die nag na Dingiswayo se plek waar hulle dit in die hof staanmaak met sy skild teen dieselfde paal. Toe die mense die volgende oggend opstaan, was hulle oorstelp van vrees.

Toe Tjhaka hoor dat Dingiswayo gevang is, gaan hy vinnig te werk. Hy stuur 'n paar hardlopers na Zwide met die versoek dat hy Dingiswayo nie moet doodmaak nie. Hy sou hom terugkoop met enigiets wat hy op aarde begeer . . . Maar sy gesante het nooit by Zwide uitgekom nie. Ndlebe en Malunga wat reeds by die grootplek was, het haastig bekend gemaak dat Dingiswayo reeds dood is; hoewel hy op daardie tydstep nog nie doodgemaak was nie. Toe die gesante dit hoor, het hulle besluit dat dit niks sal baat om na Zwide te gaan nie. In aller yl daag Tjhaka en sy gevolg op en hoor die pynlike nuus van Dingiswayo se dood.

Toe versamel die leërs en wag dat die nag moet opklaar. Maar nie net die leër versamel nie – ook die mans wat oorlog toe kan gaan. Verstom was Tjhaka, soos een wat nie volle beheer het oor wat hy gaan doen nie. Met die dood van Dingiswayo bevind hy hom in die steek gelaat, in die woestyn verlate; agtergelaat deur die een met wie hy saam gehurk het; die een na wie hy gevlug het op die dag van sy benoudheid; die een wat van hom 'n mens gemaak het. Hy kry die vermoede dat die mense vandag teen hom sal opstaan – noudat die een wat hom oor hulle geplaas het, weg is. Ook die leërs van die grootplek besef dat die dag van verdraagsaamheid verby is.

In sy vrees dat sy dood naby is, gaan Tjhaka toe af na die rivier, pluk 'n riet, skil dit af en roep Isanusi en roep hom met 'n baie seer hart.

Toe gaan hy weg van die rivier af, bang om in die stat te kom, bang om mense te ontmoet, benoud dat Isanusi hom in die steek gaan laat. Toe hy in die statjie kom, kom Ndlebe by hom, papnat en uitermate verheug. Hy gaan saam met Tjhaka 'n hut binne, so opgewonde dat hy nie kan praat nie. Net sy oorlogsbyl streef hy af en toe en kyk Tjhaka met vreugde in die oë aan. Op daardie oomblik is daar 'n weeklag in die stat. Die mense rou oor hulle koning wat deur Zwide, die jakkals, doodgemaak is in die fleur van sy lewe.

Nog voor Ndlebe kon praat, verskyn Malunga onverwags tussen hulle, ook uitermate verheug en hy sê: „Tjhaka, koningseun, moenie so bcvrees wees nie. Dit is nie 'n tyd van swaarmoedigheid hierdie nie. Dit is 'n tyd om bly te wees. Veral nou. Laat dié wat huil, maar huil. Hulle behoort oor hulle koning te treur. Maar jy behoort bly te wees, want die dood van 'n koning is die begin van die koningskap van die een wat hom gaan opvolg. En die een wat Dingiswayo sal opvolg is jy.” Toe skeep Tjhaka moed en raap sy kragte bymekaar, omdat hy weet dat Isanusi se handlangers altyd reg is. Toe gaan Malunga voort en sê: „Nou die dag het jy medisyne geëet toe jy met die krygers gaan praat het. Daarmee het ek jou vir dié dag reggemaak. Die krygers wat jou daardie dag gehoor het se harte is aan jou verknog. Hulle sal nie toelaat dat iemand anders hulle aanvoer nie. Praat, Ndlebe, ek is klaar.”

Ndlebe: „Zwide val aan. Hy is op pad. Hy kom met 'n geweldige getal mense. Sy doel is om dood te maak – man, vrou, kind – om die Bathethwa van die aarde te wis.” Op daardie oomblik verskyn Isanusi skielik tussen hulle. Hy kom in en sê: „Tjhaka, raap jou kragte bymekaar. Ek het gekom. Geen gevaar sal jou tref nie. Ndlebe, gaan uit en roep, roep tussen die menigte buite dat Zwide hulle gaan oorval terwyl dit nog vroeg is. Hulle moet hulself gereed maak. Malunga, hardloop en maak die leërs reg: jy weet hoe – en maak gou. Jy, Tjhaka, trek jou uit.”

Toe Isanusi opdaag, neem Tjhaka se teleurstelling en vrees die wyk. Uitermate bly is hy. Met vreugde ontklee hy en Isanusi behandel hom vir die groot taak wat op hom wag. Buite het die leërs verward na Tjhaka gesoek om hom mee te deel dat dit na hom is wat hulle opkyk om hulle te beskerm teen die vyand.

Toe Isanusi klaar is, gaan Tjhaka uit. Soos met een stem deel die leërs hom mee en sê: „Jy is Dingiswayo. Ons almal gee jou sy koningskap. Ons sê: jy moet ons beskerm. Jy moet vir ons veg. Ons is jou mense. Soos jy miskien reeds weet, sal Zwide hier wees as dit nog vroeg is en sy plan is om nie een van ons oor te slaan nie. Ons oë is op jou dat jy hierdie leërs moet lei soos jy gewoon was toe hulle heer nog

gelcef het. Jy het ons geleer. Ons het na jou geluister. Vandag sal ons na jou luister; nie slegs as aanvoerder nie, jy is ons koning. Die enigste sakie waaraan ons jou bind, is dat jy Noliwa moet trou. Soos Dingiswayo ons meegedeel het, het jy haar gevat – daarin is ons dit met jou eens.”

Daar was verwarring en wanorde toe Dingiswayo se leërs Tjhaka in die koningsamp geplaas het. Daar was ’n gerug dat Zwide opgedaag het . . . en sy wreedheid het hulle geken. Die leser kan self dink hoe die gevoelens van Tjhaka daardie dag moes gewees het – iemand wat graag die koningskap wou hê! Hy was verward, verwar deur die omstandighede. Daardie nag bring Tjhaka by die leërs deur om hulle voor te berei vir die môre.

Zwide het met ’n geweldige mag opgetrek. Selfs die oues het gegaan, dié waarvan die litte nog sterk was. Maar net vir die buit het hulle gegaan. Die jong seuns het ook gegaan, dié wat die assegaai die eerste keer opneem. Met die vlugheid van die jeug sal hulle die beste wegdryf, het hulle hulle voorgeneem. Dat daar ’n oorlog sal wees, het hulle nie verwag nie; die Bathethwa was immers sonder koning.

Tjhaka het Zwide tegemoet gegaan. Toe Zwide die Wit-Umfoloji oorsteek, langs die Mbelebeleni, stuur Tjhaka sy los krygers en die jong manne in en laat die regimente agter. Toe hy sien dat Zwide baie meer as hulle is, gee hy bevel dat die hutte aan die brand gesteeek moet word, ook die graansorghum en die mielies. Die mans en die vroue en kinders wat al besig was om beste weg te voer, begin vlug. Toe bars ’n geveg los en Tjhaka dryf Zwide oor die rivier terug sy eie gebied in, en sit hom agterna. Die geveg duur drie dae. Sy plan was om Zwide uit te hongers; daarom het hy die graansorghum en die mielies verbrand.

Op die derde dag sê hy: „Vandag vang die honger vir Zwide.” Daardie nag slag hy al sy beste in daardie omgewing. Daar word geëet. Maar hy het hulle geslag met ’n plan: Al sou Zwide hom oorrompel, sou daar niks wees om weg te voer nie. Wen hý, sal hy Zwide s’n buit. Daardie nag toor Isanusi die leërs van Zwide.

Toe die oggend kom, rek die seun van Senzangakhona sy neusgate en ruik die oorlog van ver af. Hy werp sy oë in die skemer en word oorval deur ’n seer hart. Toe die krygers hom so sien, is hulle gereed. Sy stem het ’n oorredingskrag wat elke soldaat laat besluit: „So sal ek maak, al word ek oorwin, al sterf ek. Ek sal die bevel probeer uitvoer.”

Onverwags klaar die nag op. Die dag vang Zwide op die klein heuwel waar hy geslaap het en hy sien duisende, derduisende mense. Toe die son uit die grond opstaan, is Tjhaka gereed. Hy kyk hiernatoe en daarnatoe; lig sy kort assegaai en sy kort skild vol slanggif. Die aanvoerders

van die leërs versamel om hom. Skielik, in 'n oogwink, steek 'n storm in sy gesig op terwyl hulle na hom kyk. Sy oë word swart, swart en rooi, rooi. Uit sy neus skiet 'n wit stof soos melk wat bont kolle maak. Hy stuur al die los soldate in en die jong manne wat die oorlog begin het. Toe hulle Zwide ontmoet, stuur hy twee regimente regs om die heuweltjie en nog twee links om. So omsingel hy Zwide. Toe die oues en die jonges van Zwide sien dat die oorlog begin wat hulle nie verwag het nie, slaan hulle haastig op vlug.

Toe die leërs slaags raak, lig Tjhaka sy assegaai, wys na die vyand terwyl hy 'n lang tyd so staan. Hy hoor die assegaai klap, klap, klap teen die lywe en die kreun van die sterwendes. Toe sê hy: „Daar is julle vyand. Dit is hy wat Dingiswayo vermoor het. Gaan en maak hom dood!” Toe stuur hy al sy regimente in en bly alleen agter saam met Isanusi. Juis in daardie dae het Tjhaka sy impi's opdrag gegee om nie met die assegaai te gooi nie, net te steek. Toe word die oorlog bloediger as ooit. Ná 'n paar oomblikke oordek lyke die aarde. Die leërs val effens terug en val toe weer aan. Toe hulle weer terugval, was dié van Zwide op die grond net soveel as dié wat leef. Die werk van Ndlebe en Malunga daardie dag! En die werk van die kort assegaai wat steek!

Teen die middag was Isanusi se hart vol. Hy laat Tjhaka alleen op die heuweltjie en haas hom na die geveg. Sy skild hou hy aan die steel vas. Pas was hy daar of die manne val en val. Sy handlangers omring hom en tesaam vernietig hulle die krygers. Teen die middel van die middag hardloop Tjhaka die geveg binne tot besieling van sy leer en soos manne veg hulle voort.

Zwide het wonderbaarlik ontsnap. Toe sit Tjhaka hom agterna tot oor die rivier. Daar laat hy hom staan. Die volgende dag volg hy hom tot by sy grootplek, by Nongoma, waar die vroue besig was om baie hout bymekaar te maak vir 'n groot fees as Zwide met die reuse buite van die Bathethwa terugkeer. En nou, toe hulle hom vluggende sien aankom met 'n klompie volgelinge, skrik hulle groot. En toe hulle Tjhaka se leërs sien, klink 'n groot weeklag op by Nongoma, die weeklag van vroue en kinders en oumense wat smee dat hulle nie agtergelaat moet word as daar gevlug word nie.

Tjhaka het Zwide met moord agtervolg. Dié vlug toe na Bopedi waar hy by sy aankoms sterwe van uitputting en vrees toe hy besef hoe sy groot stam verstrooi en uitgewis is. Tjhaka se bevel was dat almal doodgemaak moet word, mán, vróu en kind. Alleen die jong manne moet gespaar word.

Toe die oorlog daardie dag begin het, was Zwide se mense ontelbaar in getal. Tjhaka het aangeval met tien regimente, die mans en jong

manne uitgesluit. Zwide met sewentien, sonder die mans en jong manne. 'n Regiment was tweeduisend man. Toe die son ondergaan, het hy ondergegaan met die leër van Zwide almal lyke. Van Tjhaka was daar slegs drie regimente oor. Daar is dus veertigduisend mense op een dag dood!

Toe die son daardie oggend opgekom het, was daar nie 'n stam groter as Zwide s'n nie. Hy gaan onder met daardie groot stam uitgewis, weg van die aarde, die statte slegs bouvalle!

Ek twyfel of daar al 'n mens op aarde was waarvan die lewensloop so onbegryplik was as dié van Tjhaka. Dingiswayo se lewe was duister en geheimsinnig. Maar dit was verstaanbaar. Dié van Tjhaka is duister tot vandag toe. Nou die dag het die nag hom bewend gevind toe hy die doodstyding van Dingiswayo kry, sy beskermer. Hy was bevrees dat ook hy om die lewe gebring sou word, beroof van die koningskap waarvoor hy so baie verduur het. Maar hierdie nag vind hom omgewe deur sy groot raad wat hom koning en aanvoerder gemaak het. Na hom alleen het hulle opgekyk tussen die baie ander. Vandag se son gaan oor hom onder as oorwinnaar, verstrooier van volke groter as syne, as koning van konings, die volke bewende voor hom.

Want toe Matiwane hoor dat Tjhaka Zwide verslaan het, het hy opgepak en teen die Drakensberg gaan woon.

Die nuwe naam

Isanusi en sy handlangers en Tjhaka was aan die gesels oor die verloop van sy lewe toe Isanusi sê: „Jou omstandighede het vandag baie verander, Tjhaka. Jy is koning Tjhaka, nie meer daardie swerwer wat ek onder die boom opgetel het nie. Nou die dag het jy my geroep toe jy in die nood was, maar vandag is hulle vir wie jy toe bang was vir jou bang. Hulle vrees jou!”

Tjhaka: „Ek was nie net in die nood nie, sake het lelik gestaan. Daar was verwarring toe ek jou geroep het. Waar was jy toe, want jy het daardie aand nog gekom? Was jy nie ver, ver by jou tuiste nie?”

„Ek was al op pad toe jy my geroep het, want ek het reeds verneem dat jy hierdie maand – daardie dag, kan ek sê – in die moeilikheid sou wees.”

„Van wie het jy gehoor, want Ndlebe en Malunga was toe reeds by my?”

„Ek is Isanusi – onthou.”

Toe verander Tjhaka die onderwerp en praat oor iets anders. Hy sê: „Zwide was 'n lafaard om Dingiswayo dood te maak, want ek het gestuur en gepleit dat hy hom nie moet doodmaak nie, ek sou hom loskoop.” Toe sê Isanusi: „Waar sou jy die baie beste kry, jy het mos niks van jou eie nie?”

„Ek sou Dingiswayo s'n neem en hom met sy eie beste loskoop. Mense betaal ook gewoonlik groter belasting as hulle stam in die nood is en miskien hulle kaptein moet loskoop.”

„Wat het Zwide jou geantwoord?”

„Hy het my tot nou toe nog nie geantwoord nie. Toe ek by die grootplek aankom, was dit reeds bekend dat die koning vermoor is, hoewel ek verneem het dat hy op daardie tydstip nog nie dood was nie.”

Toe praat Ndlebe en Malunga tesaam en sê: „Ons het jou gesante voorgekeer. Dit was ons wat bekend gemaak het dat Dingiswayo reeds doodgemaak is, hoewel hy nog nie dood was nie.”

Tjhaka was baie verbaas om hulle so te hoor bely. Toe hy hulle die rede vir hulle optrede vra, antwoord hulle: „Onthou ons is na jou gestuur om vir jou koningskap te ywer en ons was ook begerig om ons vergoeding te kry sodat ons huis toe kan gaan. As jou gesante Zwide

bereik het, sou Dingiswayo heel waarskynlik nog geleef het, en jy sou nie vandag 'n groot koning gewees het nie. Maar nou is jy. Daar is niemand hoër as jy nie, hoewel jy nog nie die koningskap bereik het wat jy volgens Isanusi begeer nie. Maar dit is nou maklik, dit is in jou hande alleen." Toe Tjhaka dit hoor was hy verwonderd oor hoe die manne hulle vir hom opgeoffer het.

Isanusi: „Ek hoor dat jy Noliwa geneem het. Wil jy graag met haar trou?”

„Ek het haar met my hele hart lief. Ek sal haar trou. Ek is eintlik gebind om haar te trou, al wil ek ook nie, want ek het die raadsmanne van Dingiswayo beloof.”

„Maar as hulle jou nie gebind het nie, wat sou jy gemaak het?”

„Ek sou haar nogtans getrou het omdat ek haar reeds liefhet. Bowendien, hulle het gepraat asof ek haar reeds geneem het.”

„As ek jy was, sou ek nie getrou het nie. Trouery belcmmer die regering. Dit bring verdeeldheid in die huis. Dink maar aan die verdeeldheid in die huis van jou vader. In plaas van mekaar lief te hê, haat die kinders mekaar. Daar word bloed vergiet en hulle maak mekaar dood. Dit is beter dat 'n man, 'n koning veral, eers trou as hy al grys word sodat so iets soos wat met die seuns van Jobe gebeur het, nie gebeur nie: baie seuns verswak die ryk van die erfgenaam. Maar hierdie dinge is jou saak. Ons het nie daarby belang nie. Ons het slegs raad gegee.”

Isanusi het hierdie dinge skertsende gesê. Maar wat hy gesê het sou in die hart van Tjhaka groei. Wat meer is: in vroue sou hy later glad geen behae hê nie.

Toe gaan Isanusi voort en sê: „Tjhaka, ek is op pad. Ek het nie tyd nie. Daar is baie werk. Ek laat jou en my twee handlangers agter. Vertrou hulle en hulle sal jou vertrou. Bemin hulle en hulle sal jou liefhê. Ndlebe se groot taak sal wees om inligting en geheime vir jou uit te snuffel. Geen plan sal beraam of uitgevoer kan word sonder dat hy dit uitvind nie. Selfs al word daar in die hool van die towenaars teen jou saamgesweer. Malunga se taak is om jou leërs te behandel met die middels wat ek hom gegee het. Jou leërs sal nooit, nooit oorwin word nie. Maar voor ek loop, wil ek jou 'n vraag stel en jy moet mooi dink voor jy antwoord; moenie haastig wees nie. Die dag toe ek jou daar op die vlakke gekry het, het jy getreur oor die kapteinskap van jou vader wat jou ontglip het. Ten tweede het jy roem begeer. Hierdie twee dinge het ek jou besorg. Later het jy gesê jy begeer die koningskap van een soos Dingiswayo. Nou, as jy wil, kan ek jou 'n heerskappy laat bekom wat dié van Dingiswayo oortref. Ek is gereed. Ek het alles in

my vermoë gedoen om wat jy gevra het vir jou te bekom en jy hét dit verkry. My vraag is nou: is jy vandag tevrede? Of wil jy nog iets hê – groter as wat jy het?”

„Jou eerste vraag verstaan ek, Isanusi. Ek sal dit nou beantwoord. Die een wat ek nie mooi verstaan nie is die tweede een. Jy vra so asof jy nog ’n ander plan het!”

„Dit is so.”

„Sê jy jy kan dit bewerkstellig dat ek groter geluk bekom as wat ek reeds het, en groter heerskappy?” Tjhaka vra dit met verwondering, want in daardie dae was ’n heerskappy groter as syne nie bekend nie.

Toe antwoord Isanusi nie en teleurstelling is op sy gesig te lees. Hy sê uiteindelik: „Die ding wat my die seerste maak, Tjhaka, is dat ek jou reeds jare behandel en jou nog nooit bedrieg het nie; nog nooit iets beloof het wat ek nie kon uitvoer nie, maar jy praat nog steeds soos een wat my nie ken nie.”

„Vergewe my as ek jou teleurgestel het, Isanusi, ek het slegs uit verwondering gevra. Woeker dan, meester, neem my na die einde van jou wysheid en jou krag!”

„Begeer jy ’n heerskappy wat dié wat jy het oortref, en roem nog groter as wat jy besit?”

„Ja.”

„Goed, ek is gereed. Ek het gehoor. Maar verstaan mooi: my vergoeding word ál meer. Vir die regering van jou vader vra ek die hoogste vergoeding van my beroep. Vir dié wat jy nou besit, is die vergoeding twee maal soveel. Dit is drie maal soveel vir een wat groter is as dié wat jy het. Dit is ’n groot prys; alhoewel dit vir ’n koning niks is nie.”

„Vergoeding is niks. Ek sal enigiets opoffer ter wille van wat ek begeer.”

„Ek sal jou die volle waarheid vertel: aan die een kant is dit effens moeilik om aan jou begeerte te voldoen – ’n heerskappy so groot soos wat jy wil hê. Dit is effens moeilik, sê ek, want die middel wat daarvoor nodig is, moet van jou kom, nie van my nie. Miskien sal jy nie daartoe in staat wees nie. En as jy daarvoor bang is, kan ons niks daaraan doen nie.”

„Wat se middel sou dit wees wat ek, Tjhaka, sal vrees om julle te gee as ek weet hoe om dit in die hande te kry?”

„Ek sê dit is moeilik, want om so ’n heerskappy te bekom, moet jou krygers se kos gemeng word met die bloed van dié persoon wat jy die liefste van almal het; aan wie jy elke dag dink, dag en nag. Met die bloed van so iemand sal jy daardie heerskappy verwerf. Daarsonder sal ek nie in staat wees om dit vir jou te gee nie. Ek weet van ’n koning

in ons wêreld wat die poorte van sy stat versterk het met die bloed van sy enigste seun. Jy kan nou vir jousef besluit en my dan sê wat jou omstandighede en jou gedagte is."

Toe Tjhaka wou antwoord, wys Isanusi hom met die hand af en sê hy moet dit eers oordink, hy moenie haastig wees nie. Toe gaan hy van hom weg en keer ná 'n lang ruk na hom terug. Hy sê: „Het jy goed gedink?" En Tjhaka bevestig dit. „Verstaan jy wat jy doen?" Tjhaka bevestig dit. Toe sê Isanusi: „Praat dat ons hoor wat jy gedink het."

„Ek, Tjhaka, hou nie lang oorpeinsing nie. Ek het gedink aan die heerskappy waarvan jy vertel het. Dit maak glad nie saak nie. Ek weet nie of die bloed van my moeder of van ons kinders goed sal wees nie. As dit goed is, sal ek julle dit gee, sodat julle jul middels kan meng."

„Maar onder daardie kinders is daar nie een wat jy só liefhet soos wat ek pas genoem het nie. Die een wat jy baie liefhet, het jy uitgelaat. Dink tog aan haar en sê vir ons wat jou gevoel is."

„Buiten hulle is die een wat ek liefhet . . . Noliwa . . ."

„Aaa, dink goed of jy die heerskappy wat jy besit en Noliwa hoër stel as 'n groter een, maar sonder haar. Watter begeer jy? 'n Heerskappy groter as hierdie sal nie bekom kan word as jy nie Noliwa vermoor nie. Jy, Tjhaka, met jou eie hand."

Toe lag Isanusi. „Vandag leer ons jou toordery soos van diegene wat selfs hulle ouers of kinders doodmaak as dit hulle kan bevoordeel." Hy lag soos een wat 'n grap maak en sê weer dat Tjhaka die saak goed moet oordink, die hele dag lank en hom dan die aand antwoord.

In sy afsondering dink Tjhaka en neem die sake in oorweging. En hy bevind dat Noliwa 'n kleinigheid is. Verder, in so 'n groot ryk sal daar baie mooi meisies wees, baie mooier as Noliwa. Daarom besluit hy om van haar 'n medikament te maak.

Die aand toe hulle vergader, sê hy: „Om die waarheid te sê: ek begeer niks anders as heerskappy en oorlog en leërs nie. Daarom sal ek julle Noliwa gee sodat die struikelblok in die pad van my heerskappy weggeruim kan word. Ek het besluit, ek is klaar. Die middel sal met Noliwa se bloed gemeng word."

Isanusi en sy handlangers is stil. En Tjhaka het klaar gepraat. Uiteindelik sê Isanusi: „Ek neem aan jy besef dat ek jou met niks bind nie. Alles is volkome in jou hande. Ons toordokters gee die mens die middels wat hy wil hê, al het dit ook vir ander die dood tot gevolg. Ons is maar net handelaars. Vir ons maak dit nie saak nie. Ons is handelaars. Ons soek beeste met towermiddels. Die mens moet self die middel kies wat hy wil hê. Verstaan goed. Daar is geen verpligting, geen druk nie. Dit is volgens die wens van jou hart."

„Ek het goed gheoor. Jy het my die prys van daardie heerskappy meegedeel. En nou het ek gekoop. Ek het, want ek begeer dit.”

Maar ten spyte van Tjhaka se beslistheid het Isanusi gehuiwer om dadelik met die werk te begin. Hy het gesê Tjhaka het nog glad nie goed gedink nie. Toe gee hy hom 'n volle jaar om sy gevoel op die proef te stel. Dat hy nie later van opinie verander as die werk al aan die gang is en dit te laat is nie. Maar Tjhaka het gepleit dat daardie lang tyd verkort moet word. Toe het hulle op nege maande ooreengekom.

Isanusi was op die punt om te loop toe hy sê: „Ek het iets vergeet: die naam van julle stam is so lelik, Tjhaka. Hoekom verander julle dit nie? Soek vir julle 'n mooi naam, 'n aangename een wat jou en 'n stam soos jou waardig is.”

„Soos wat?”

„Soek self een. Of verwag jy dat die naam wat eintlik 'n saak vir konings is ook van die toordokters moet kom? Maar julle een gee aanstoot.” Tjhaka het saamgestem dat die bestaande een lelik is en aanstoot gee. En op daardie oomblik dreun die weer sag in die weste na die Drakensberg se kant toe waar dit reën. Tjhaka hoor dit en gee daarop ag. En Isanusi hoor dit ook. Toe kyk Tjhaka in die lug op, lag en sê: „Jy praat, Isanusi. Vandag sal ek vir myself 'n lekker naam kry. Een wat nog nooit bestaan het nie.”

„Wat sal dit wees?” vra Isanusi. Toe lag Tjhaka. Hy lag lekker. Die tranerol uit sy oë, al is hy nie een wat juis lag nie. Hy sê: „Zulu! Mazulu! (Lug. Mense-van-die-lug).” En Isanusi en sy handlangers wil hulle byna dood lag. Toe vra Isanusi: „Waarom kies jy so 'n naam?”

„Mazulu! omdat ek hoog is. So hoog soos daardie einste wolke wat pas gedreun het en deur niks gekeer kan word nie. En ek ook, as ek die volkere aankyk, beef hulle. Die een op wie ek val, sterf soos Zwide. Zulu! Mazulu!” En almal lag weer lekker, verwonderd . . . Ons wonder ook wat die omvang was van hierdie Mokone se begeertes en sy selfverheffing, dat hy homself vergelyk met die hoogheid van die hemele! „Zulu! Mazulu!” So loop Isanusi daardie woorde en herhaal. Die dag toe Tjhaka die nuwe naam aangekondig het, was die leërs bymekaar. Hy het gesê hy het 'n nuwe naam vir hulle gekry: Mazulu. Toe het die leër gejuig en hulle instemming betuig.

Ons het daarop gewys dat Tjhaka reeds by sy huis 'n slegte naam gehad het. Daar is gesê hy is nie 'n gewone mens nie, hy is deur *tikoloshe* gebaar. Om daardie rede het Senzangakhona hom saam met sy ma weggejaag. Vandag, waar hy koning is, begin die mense weer van hom praat. Maar vandag praat hulle goed van hom – oor die aan-

treklikheid van sy gesig, oor sy regop gestalte, oor sy vreeslose hart en die wyse waarop hy 'n geveg kan lei. Dit het bewys dat Tjhaka deur die voorvaders onder die mense gestuur is. Daar is gesê 'n hart soos Tjhaka s'n, 'n gees soos syne, is nie dié van 'n mens nie. Dit is die hart van Nkulunkulu en dit is sy gees.

Teen die aand van die dag waarop Tjhaka Zwide verstrooi het, het die leërs en die jong manne en die vroue gesê: „Dit kon nooit Tjhaka gewees het nie. Dié wat teen Tjhaka opruk, moet eerder eers teen die voorvaders opruk en hulle oorwin!” Ons het ook reeds van Noliwa vertel. Dié twee jong mense sou binnekort trou en van albei is gesê dat hulle van Nkulunkulu kom. Ndlebe en Malunga het dié geloof versterk. Hulle het gesê: „Tjhaka is deur Nkulunkulu gestuur om sy kinders te leer oorlog maak.” Hulle bewerings is maklik geglo, want daar was reeds so 'n vermoede in die harte van die mense. Tjhaka se assegaai het ook bygedra om dié vermoede te bevestig. Want dit was van 'n towerboom gemaak en dit was vol toordery. Dit het groot wonders verrig. Die nuwe naam het ook die vermoede bevestig dat Tjhaka nie van die aarde was nie. Hy en Noliwa is aanbid, voor hulle is gekniel en Tjhaka het lekker gekry. Maar Noliwa het getreur omdat sy net 'n gewone mens was.

Hulle huwelik het gesloer omdat daar onsekerheid was oor wie die huweliksfees moet reël en aan wie die lobola gegee moet word. Diegene aan wie dit toegekom het, was almal dood. Om hierdie rede is die huwelik vertraag. En die vertraging het Tjhaka verheug in die lig van die plan wat hy en Isanusi gehad het.

Die veranderings en organisasie van Tjhaka

Voordat ons voortgaan met besonderhede oor Tjhaka se heerskappy, moet ons vertel hoe die Bathethwa-stam daar uitgesien het toe Dingiswayo die regering van sy vader oorgeneem het en hoe dit was toe hy dood is.

Dingiswayo het die regering oorgeneem toe hulle stam in groot duisternis was. Die mans het by die huis gesit en niksdoen. Hulle het geen beeste besit nie. Hy het gekom en sake verander. Hy het die mense wat velkomberse kon brei en naaldwerk kon doen bymekaar gemaak en vir hulle 'n werkplek gebou waar hulle ook kon handel dryf. Ook vir die hout- en horingwerkers het hy 'n werkplek gemaak en hy het hulle aangemoedig deur die bestes te beloon. Hy het die volk van handel bewus gemaak. Hy het hulle aangemoedig om vlytig te wees en hard te werk. Die goeie graanboere het hy beloon en 'n roete gebou na Delagoabaai wat goeie handelsmoontlikhede gebied het. Die vroue het fluks potte gemaak, kunstige potte en met mekaar gewedywer.

Hy het ook probeer om 'n gees van menslikheid by die stam te laat posvat en hulle probeer leer om mekaar nie sommer goedsmoeds dood te maak nie. Alhoewel hy nie heeltemal geslaag het nie, het hy hulle tog opgehef. Die land was voorspoedig en gelukkig in sy era. So was dit ook toe Tjhaka die regering oorgeneem het.

Pas nadat hy die naam van sy stam verander het, maak Tjhaka die jong manne van Zwede se verstrooide stam bymekaar en van die ander wat hom onderdanig was en sê: „Waar julle vandag sonder 'n koning is en sonder stam, is julle geskik vir die dood, want julle het my meester, Dingiswayo, doodgemaak; die een wat julle baie genade betoon het. Maar ek sal julle nie sonder julle wil doodmaak nie. Ek stel aan julle 'n keuse: as julle jul *sibbe* prysgee en van julle taal afstand doen en julle in my leërs laat opneem, as julle Zulu's word, kan julle bly lewe. As julle weier, maak ek julle op die daad dood.” Dit was vir die jong manne maklik om by sy leër in te skakel, sodat hulle kon lewe. En Tjhaka het hulle tussen die Zulu's geplaas sodat hulle in hulle harte Zulu's moet word. En hy het van sy hoofmanne in Zwede se gebied aangestel om 'n oog daar te hou.

Toe Tjhaka jonger was, het hy net twee begeertes gehad: heerskappy

en roem. Vandag is hy baie beroemd en ook 'n groot heerser. Sal hy nou tevrede wees? Hoegenaamd nie! Vandag is hy verhoog, maar hy soek steeds na iets waarvan hyself nie seker is nie. Vandag kan hy 'n oorlog beplan sonder dat iets in sy weg staan. Alles was volgens sy begeerte. Hy het na die stamme in die noorde gekyk verder as wat hy kon sien en begeer dat sy heerskappy tot daar moet reik. Langs die see af het hy na die stamme in die suide gekyk, na statte en statjies en kapteins en kapteintjies – 'n land versier met statte in vrede gebou – en hy het by homself geglimlag. Hy het sy oë na die Drakensberg laat spring en weswaarts gekyk na die menigte stamme van die Basotho en die Batswana wat in vrede gewoon het, en gelag en met homself gepraat en gesê: „Hiervandaan sal my heerskappy strek en oor die aarde uitbrei tot by sy einde. Daar sal net een heerser wees en daardie heerser is ek!” So praat hy met 'n vreemde blydskap asof alles sommer op daardie oomblik kan gebeur. Sy heerskappy oorheers sy gevoelens; Noliwa is vergete.

Eerstens het Tjhaka vir hom 'n koningstat gebou wat vanweë die vreeslike mag van die heerser Mgungundlovu (Soos-'n-olifant) genoem is. Hy het sy stat aan die suidekant van die groot Umfolozi-rivier gebou, waar die Swart-Umfolozi en die Wit-Umfolozi inmekaar vloei, aan die noordekant van die Mhlathuze-rivier. Dié terrein het hy gekies as gevolg van die baie water waarmee die stat voorsien kon word. Die ruie bosse het volop dekmateriaal verskaf om hutte mee te bou. Die ligging was ook mooi.

Basotho-kapteins het gewoonlik teen die berghellings gebou naby 'n natuurlike skuiling. Tjhaka het sy stat op die vlakte gebou teen 'n effense skuinste. Dit was 'n baie groot stat, groter as enige ander sowel wat betref grootte as die getal van die inwoners; groter ook vanweë die mag van die heerser. Dit was 'n ronde stat en het só daar uitgesien: 'n Groot, breë pad het die stat van oos na wes verdeel, breed genoeg vir baie mense en diere. 'n Tweede pad het die stat van die suide na die noorde verdeel. Dit was twee reguit paaie, gemaak met verbasende kundigheid. Verskeie kleiner paadjies het die stat deurkruis.

In die middel van die stat was daar 'n groot, netjiese, gelyk plein. Daar het die impi's geoefen. Daar het hulle vergader om die koning se opdrage aan te hoor, en daar het hulle vergader as hulle van die oorlog terugkeer om die koning te groet en van hulle ekspedisie te vertel. Daar het die koning die buit deurgekyk en die verliese bereken. Daar is die groot feeste gehou en daar het Tjhaka die groot momente van sy regering beleef.

Oos van die plein, maar suid van die groot pad wat uit die ooste loop,

het die koning se gunsteling, sy raadsmannes en toordokters, gewoon. Ndlabe se hut was ook daar. Daar naby was die kraal met Tjhaka se persoonlike beeste. Sy melkbeeste en vleisbeeste en sy stoetbeeste wat vir die fees uitgesoek is. Dit was opregte beeste wat die stemme en prysliedere van hul wagters geken het.

Naby hierdie kraal was 'n groot paalomheining. Dit was die hof van die koning. Daar was twee hekke wat dag en nag bewaak is deur twee ten volle gewapende krygers. Niemand kon sonder hulle toestemming daar inkom nie, en niemand kon sonder hulle toestemming daar uit nie. As Tjhaka in die hof was, moes een wat wou ingaan 'n groet roep as hy by die hek kom; hy moet sy assegaai en kombers by die hekwagters laat en dan op sy maag die hof binneseil met sy gesig op die grond. As hy in die hof kom, moes hy die koning met die koningsgroet groet: „Bayede!” As hy klaar gegroet het, moes hy, steeds met sy gesig op die grond, wag totdat die koning sy groet erken en hom toelaat om op te staan. Eers dan kon hy sy kombers aantrek. Dit is hier waar Tjhaka konings en gesante ontvang het en hier het die groot dinge gebeur.

By die tweede hek van die hof was daar 'n hoë rots waar die wagter van die stat gebly het, die roeper. Dag en nag was daar een aan diens. Hy moes die vlaktes bespied en aankomelinge sien as hulle nog ver is en dan na die hof roep en die koning inlig: „Ek sien iemand,” of „Ek sien so en so aankom.” Dan word iemand gestuur om hulle te gaan ontmoet en te hoor wie hulle is en wat hulle wil hê. Iemand wat ongesien en ongeleid by die statspoort aankom, is sonder meer doodgemaak. As die hardloper terugkom, vertel hy die koning wie dit is en wat hulle wil hê. Dan sal aan die wagter verlof gegee word om hulle binne te laat. En dan is hulle vergesel tot by die poort van die hof.

Niemand behalwe die hardlopers en die gesante van die koning mog die stat in die nag binnekom nie. Hulle moes met fakkels op stokke 'n teken gee aan die roeper op die rots. Hy het dan die nagwagter by die hof meegedeel. Hulle gaan weer die koning inlig en hy gee toestemming dat die wagter die gesante binnelaat. Hulle wag dan in die hof totdat dit die koning behaag om hulle te woord te staan.

Van die hof af was daar nog 'n hoë omheinde gang omtrent so breed soos vier mense wat dig teen mekaar loop wat na Tjhaka se persoonlike kwartiere gelei het. Dit is Ntukulu genoem. As 'n persoon dit hier gewaag het sonder die toestemming van twee verskillende gesante, is hy doodgemartel. Ntukulu is gebou met dik stokke wat in die grond geplant is en toe gedek is. Slegs enkele mense het toestemming gehad om in die hut te kom. Dit was die koning se hut. Daarheen het niemand dit gewaag nie. Wat daar gebeur het, was aan niemand bekend nie.

Slegs Ndlebe, Malunga en Isanusi en 'n paar ander het daar gekom. In hierdie hut is die middels waarmee die koning gesalf is, bewaar en ook die simbool van die koningskap. Tien krygers het dit dag en nag bewaak of Tjhaka nou daarbinne was, of in die hof, of oorlog toe. Te alle tye is dit bewaak.

Agter die hut van die koning was 'n lang ry hutte wat vir die koning se vroue bedoel was. Maar Tjhaka het nie 'n vrou gehad nie. Hy het ook nooit getrou nie. Hy het slegs vir hom 'n groep pragtige meisies uit die volk gekies en hulle in daardie hutte laat woon. Hy het hulle sy susters genoem, m.a.w. meisies by wie hy nie kon ingaan nie. Maar hy het na hulle gegaan en ingegaan by die herfs van die volk se kinders en die vrug van hulle jeug gepluk. En die dag as hulle jeug verby was, het hy hulle aangegee na sy handlangers – dié meisies wat dan nog geleef het. Oor hoe baie van hulle aan hulle einde gekom het, sal ons later vertel.

Die tweede en derde gedeeltes van die stat was vir die mense wat saam met hom gewoon het. Die vierde gedeelte was vir die leërs en die koningswag opsy gesit.

Die groot stat was met 'n paalomheining omring en by elke poort was daar krygers wat geweier het om mense sonder die koning se toestemming in te laat of te laat uitgaan.

Toe sy regering al goed gevestig was, het Tjhaka nie meer gereeld elke oggend vroeg na die impi's gegaan soos vroeër nie. Saans was hy gewoon om deur die stat te loop om te sien of die wagte aan diens is en eers teen die oggend het hy na sy kwartiere teruggekeer. As die son warm word, het hy na die hof gegaan, begelei deur Mpophu en 'n geleide. As die raadsmanne die koning hoor aankom, het hulle opgestaan en Tjhaka met die koningsgroet gegroet en op hulle aangesigte gaan lê totdat hy die groet erken het.

Van die hof gaan hy teen melktyd na die kraal. Teen daardie tyd was die kalwers nog nie by hulle moeders nie en hulle het angstig geblêr terwyl die wagers lofliedere opsê. Juis om die beste angstig te maak het die wagers hulle partykeer nie die vorige aand gemelk nie. Wanneer die koning aankom, is vir die kalwers oopgemaak en te midde van die geblêr van die kalwers, boklammers en skaaplammers het die hoofwager die koning geprys:

*Bees, moeeel jy-wat-vir-die-koning-bulk,
As hy bulk in die statjies is dit nie van pas nie . . .
God-met-die-nat-neus,
vader-wat-die-volke-verenig.*

En dan sal hy afsluit:

*Gegroet, koning!
Die beeste van Zululand prys jou.
Hulle groet jou. Jy,
gees wat reën en weiding bring,
die skaap en bok van Zululand prys jou.
Jy, Zulu vir wie hulle hier is,
alles wat in Zululand leef, prys jou.
Vir jou bulk die beeste – tot jou eer.*

En Tjhaka se hart was gewoonlik bly. Volkome dankbaar was hy dat selfs die diere van die veld hom loof.

Van die kraal gaan hy na die plein om die impi's te groet – of liewer – om deur hulle gegroet te word. Die seremonie op die plein was gewoonlik baie aanskoulik en baie mense het daarna gaan kyk.

Daarna gaan hy na die Ntombazi, die kwartiere van sy susters. Mooier as al die ander was die groet by hierdie gedeelte van die stat, want dié groet was een van liefde en hulle woorde was liefkosend:

*Mooi-kind, Groot-mooie!
See van die vroue van Nomgabi (die Trotse),
wat gestreel word terwyl hulle vertoef in die
rustigheid van 'n tevrede hart.*

Voordat ons dié gedeelte afsluit, kan ons vertel hoe Tjhaka hier geëer is. Op versoek van sy susters het Tjhaka hier ongekleed geloop met slegs 'n leervoorskoot aan. Hulle het hulle oë dan gevoed met die prag van sy liggaam. Tjhaka was 'n baie mooi man. Hy was lank, langer as enige ander man, maar sy lengte was versier met sy swaar lyf. Maer was hy nie. Van sy voete tot sy kop was hy sonder letsel. Hy was 'n meerdere in alle opsigte.

In die oorlog was die laaste wens van baie van sy soldate wat gesneuwel het dat die koning moet ontklee dat hulle hom vir oulaas kon bewonder en in vrede kon sterwe. Dan het hy aan hulle versoeke voldoen.

Tot op hierdie oomblik dat ons die geskiedenis van Tjhaka skryf, was daar waarlik geen koning op aarde wat so bemin was soos hy nie. Dit was 'n wet dat die koning op stamfeesdae moet ontklee voor die mense uitmekaar gaan sodat die volk die liggaam van hulle meester kon bewonder.

Vir sy leërs het Tjhaka baie statjies gebou, want vanweë hulle getalle

kon hy hulle nie op een plek huisves nie. Hy het Dingiswayo se impi's hulle ontslag gegee en gesê: „Ek het julle geleer. Gaan rus. Ek sal julle oproep as ek aanval.” Die ander het hy intensief opgelei; geleer om aan te val, terug te val en om kortom te spring. Hy het hulle geleer om mooi te dans, in gelid te marsjeer, te draai, te koes. Aanskoulike spele het hy hulle geleer en gehoorsaamheid. As 'n bevel gegee word, moet hulle nie teenpraat of rede vra nie. Hulle moet maak soos hulle beveel is. Verder het hy baie mooi oorlogsliedere en prysliedere gemaak wat die impi's geroer het. Dit het 'n vreemde gees oor hulle vaardig laat word.

Vroeër het hy elke dag vroeg opgestaan en voor die hoenders van hulle stokke afklim, was hy gewoonlik al by die leërs. Ook Malunga het vroeg opgestaan en toegesien dat die impi goed kos kry, want Tjhaka het nie 'n vrou gehad nie. Malunga het die beste gekies wat vir hulle geslag moes word. Hy het hulle kos gemeng met middels wat hulle onvoorwaardelik gehoorsaam gemaak het aan hulle aanvoerders en genadeloos teenoor die vyand.

Tweedens het Tjhaka inisiasieseremonies uitgeroei. Dit het geen nut nie, het hy gesê. Dit is alleen 'n vermorsing van tyd wat vir militêre opleiding gebruik kan word. Hy het twee soorte impi's gehad: opgeleide skilddraers wat in die oorlog gebruik is en jong seuns wat vir oorlog opgelei word. As 'n seun sterk begin word, is hy na die leër geneem. Daar het hy ware manlikheid geleer. So een het sy ouers nie meer gereeld gesien nie, want van vroeg tot laat was hulle net met een ding besig. Hulle taal was oorlog, oorlog hulle gesprekke. Hulle liedere en gedigte was van oorlog, hulle spel van oorlog – oorlog was hulle kos. Alles wat hulle gehoor het, alles wat hulle gesien het, alles wat hulle gedoen het, het in die teken van oorlog gestaan. Niks anders het hulle gesien as die assegaai, die byl en die knopkierie nie – selfs hulle versierings was dié van 'n soldaat. So is al die seuns van Zululand grootgemaak om 'n sterk hart te hê. Die groot ding was bloed. Die een wat goed kon moor, is as 'n man beskou. Met groot verwagting het die seuns uitgesien na die dag dat hulle ingestuur word. Die dag as hulle aanval, sal hulle harte op loop sit soos 'n hond wat iets in het, maar vasgehou word en dan, uiteindelik losgelaat word en dier en selfs mens verskeur. So was hulle. Hulle het nie geweet hoe om 'n man van 'n vrou of 'n kind van 'n ouer te onderskei nie. Dit was die tweede verandering van Tjhaka.

Derdens het hy sy impi die huwelik ontsê. Trou is vir dié wat al oud is, het hy gesê. 'n Kryger wat aan vrou en kind gebind is, slaan in 'n groot geveg gewoonlik op vlug en bring skande oor die stam. Die on-

getroude veg vir sy lewe en maai die vyand af sodat hy deur die jong mcisies besing kan word. Maar Tjhaka het hulle nie ten volle geweier nie. Hy het beloof dat die krygers wat hulle in die geveg onderskei uit hulle ongetroude staat verlos sal word – selfs al was hulle nie lank daarin nie. Boonop sou hy self vir hulle die troubeeste verskaf. Maar as daar nie een is wat beter as die ander is nie, sal hulle volgens rangvolgorde vrygestel word wanneer dit die koning behaag. Maar dan moes hulle self die troubeeste verskaf.

As 'n kryger die ander in sy regiment uitstof, word hy na die volgende bevorder. As hy homself besonder onderskei, kan hy 'n aanvoerder word of van diensplig vrygestel word. Dit het beteken dat 'n kryger nie 'n bepaalde tyd hoef uit te dien nie. Hy word volgens sy diens vergoed. En in een jaar kon hy sy pad van die laagste regiment tot die eerste oopveg. Dan word hy deur die koning uit sy ongetroude staat verlos en beeste gegee om te trou sodat hy 'n waardige lewe kan voer. Laat die leser onthou dat onder die swartmense niks met die huwelik vergelyk kan word nie. Die huwelik is lewe. En daarom is dit begryplik hoe die krygers van Tjhaka vir die huwelik geveg het. Om 'n voorbeeld vir sy leërs te stel, het Tjhaka ongetroud gebly tot die dag van sy dood. Dit was Tjhaka se derde verandering.

Die vierde verandering: Toe Tjhaka die regering oorgeneem het, het 'n kryger 'n hele paar assegaai gehad, assegaai met lang stele waarmee die vyand gegooi is. Boonop het sommige oorlogsbyle gehad of knopkeries. Tjhaka het al hierdie dinge tot niet gemaak. Elke kryger het slegs een assegaai gekry – 'n kort, breë een waarmee nie gegooi kon word nie. En hulle is uitdruklik beveel om nie te gooi nie. Dié assegaai is gemaak om mee te steek. 'n Kryger was verplig om sy assegaai na afloop van 'n oorlog huis toe te bring saam met dié van sy slagoffer. Die assegaai van dié wat in die geveg gesterf het, is bewaar om die jong seuns daarmee op te lei. En elke assegaai het eers deur die hande van Malunga gegaan. Hy het dit deeglik behandel met 'n middel wat van slangbinnegoed gemaak was.

Nadat hy vir sy stam 'n geskikte naam gekry het, het Tjhaka ook 'n mooi groet gesoek wat by dié naam pas. Eendag roep hy die volk toe bymekaar en sê: „My kinders, vannag in my slaap het Nkulunkulu van sy groot gesante na my gestuur. Hulle het gesê ek moet die volk van die Mazulu 'n mooi, welluidende groet leer. 'n Groet van respek wat die koning waardig is, dié koning wat Nkulunkulu aangestel het as koning van konings om oor die hele aarde en al die volke onder die son te regeer. Julle, my kinders, sal saam met my groot wees, julle sal saam met my regeer, julle sal deur al die stamme gerespekteer word

soos julle my respekteer. As julle na my luister met ware gehoorsaamheid en my bevele ten volle hou, sal julle kinders groter dinge sien as julle, sê Nkulunkulu. En wanneer julle sterwe, sal hy die *Nkosazana yezulu* stuur om julle na hom persoonlik te vergesel. Daar sal julle saam met hom regeer, julle wat goed na my bevele geluister het. Die groet wat ek julle moet leer, is ‚Bayede‘. Met hierdie groet moet julle my allcen groet, geen ander mens nie. Julle moet nie die groet in julle grappe gebruik nie, of ‚Bayede‘ aan ’n gewone mens sê nie. Om dit te doen beteken die dood. Nkulunkulu sê, as julle die groet nie respekteer nie, sal die leeus julle verskeur, julle beeste sal nie kalf nie, julle vrouens nie baar nie, julle lande nie oeste gee nie, die reën sal wegbly en die vyand sal julle oorweldig.”

„Ek sê dus, my kinders, respekteer hierdie bevel van Nkulunkulu. En ‚Bayede‘ beteken ‚dit wat tussen God en die mense is‘, met ander woorde, ‚ek sien jou, klein god deur wie die groot God die konings en volke van die aarde regeer.’ ”

Tjhaka het ook aandag gegee aan die drag en versierings van sy regimente. Hy wou sy regimente netjies hê. Hulle moes eenders aantrek en ’n regiment moes aan sy drag uitgeken kon word. In daardie dae het die krygers sandale gedra. Tjhaka het dit tot niet gemaak omdat dit hulle verhinder het om vinnig te hardloop. Daarbenewens het hy sy volk respek en ’n beleefde manier van praat geleer. Selfs die raadsmanne is behoorlik opgelei, alhoewel hy hulle nooit geraadpleeg het nie. Soggens vroeg het die raadsmanne opgestaan en na die hof gegaan om die koning te groet. Voor hy nog daar was, was hulle op die been. Dan het Mbopha gesê: „Die koning is bly, ons sal voorspoedig wees.” Gelyk het hulle dan die koning gegroet: „Bayede, Nkosi! Jy wie se warmte is soos dié van die son wat die gesaaides laat groei. Gegroet, ons son!” Of Mbopha sê: „Die hemele is oordek vandag, die koning is nie bly nie”, en die raad sal antwoord: „Ons is bly, want hy bring vir ons geluk en reën.” Daarmee het hulle bedoel dat baie mense binnekort gaan sterf.

As die jong meisies, die koning se ‚susters‘ hom groet, het hulle gesing en gcsê:

Ons sien jou, Mooi-kind, gegroet, Groot-mooie,

Of hulle het gesing:

*Gegroet, Koning,
see van die vroue van Nomgabi (die Trotse),*

*wat gestreel word terwyl hulle vertoef
in die rustigheid van 'n tevrede hart.
Gegroet, Zulu!*

Maar Tjhaka se belang was net by een saak. Selfs in sy gesprekke het dit vir hom net om een ding gegaan. So het die goeie werk van Dingiswayo op die grond geval en tot niet geraak, want al die mans was in die leër en die vrouens het vir die leërs gewerk.

Die dood van Noliwa

Die periode wat Isanusi Tjhaka gegee het om te besluit, het verloop sonder dat sy gedagte verander het. Steeds het hy by sy vorige besluit gebly. Soos ons reeds gesê het, is die huwelik verdraag, onder meer as gevolg van onsekerheid aan wie die troubeeste gegee moes word. En Tjhaka wou Noliwa nie soos 'n slegte vrou vat nie. Maar ten spyte daarvan het hy na Noliwa gegaan en homself aangebied. Toe sy swanger was, het sy na hom gehunker en werklik gehuil as sy hom nie sien nie.

Ook het hy baie van haar gehou. Ons glo sy was die enigste persoon wat hy ooit werklik liefgehad het. As hy ooit iets moois of gaafs van 'n vrou ontvang het, was dit van haar. Maar ten spyte daarvan het hy moord teen haar beplan. En hoewel sy gewete hom nie met rus gelaat het nie, het hy dit onderdruk en voortgegaan met die dood op sy skouers.

Aan die manier waarop Ndlebe en Malunga te werk gegaan het, kon hy sien dat dit hom inderdaad na sy heerskappy sou voer en hy het die klip ingesluk en sy hart sterk gehou.

Toe deel Malunga hom mee dat die tyd wat Isanusi hom gegee het om te besin nou verloop het. En Tjhaka het gesê: „Maar Isanusi se getalm sal my in die moeilikheid laat beland. Ek wou al lankal weer aangeval het. Lank sit ons al en niks doen. Ons assegaai sal roes.”

Malunga: „Maar op grond van die voorbereidings wat ek reeds gedoen het, kan ons nou niks doen voor ons nie die bloed het van die persoon wat jy liefhet nie. Dit is die werk van Isanusi, ek kan daaraan niks doen nie. Selfs al sou jy onwillig wees om Noliwa op te offer, kan ek niks doen nie. Slegs Isanusi kan my werk ongedaan maak. Hy het die vermoë om voort te gaan of om te draai, om te doen of te ont- doen.”

Toe maak Tjhaka die afleiding dat daar in werklikheid nog tyd is om Noliwa te begenadig, en hy was hewig ontsteld. Teen die aand verskyn Isanusi en vra: „Hoe staan sake, Tjhaka? Het jy besluit om Noliwa as vrou te neem soos Dingiswayo en die volk gereël het, of het jy op heerskappy besluit?”

„Ek, Tjhaka, praat nie twee dinge met dieselfde mond nie. Wat ek

gesê het, het ek gesê, Isanusi." Toe swyg Isanusi 'n lang ruk terwyl hy op die grond uitgestrek lê. Uiteindelik lig hy sy kop en sê: „Hmm, dag, my broers! Hoe gaan dit, Malunga? Het jy die voorbereiding gedoen?"

„Ek het gewerk. Ek is klaar, Isanusi. Ons wag net vir jou, jy wat die begin en die einde is."

Isanusi: „Is die krygers al versterk?"

„Hulle is, Isanusi."

Isanusi: „Het jy die jong manne se assegaaië behoorlik behandel soos dié van die krygers?"

„Hulle is reg, Isanusi. Alles wat jy beveel het, het ek gedoen. Ek is klaar." Toe keer Isanusi hom na Ndlebe en sê: „Ndlebe, wat het jy gedoen sedert ek weg is?"

„Ek het die mense se gemocdere voorberei dat hulle met alles wat Tjhaka doen, genoeg sal neem; hy wat deur die voorvadergeeste onder die mense gestuur is. Ek het hulle ook 'n middel ingegee wat enige agterdog wat by hulle mag ontstaan, sal verwyder, en dat hulle Tjhaka moet bejeën soos hulle Nkulunkulu bejeën."

Toe glimlag Isanusi en sê: „Jy het goed gewerk." Hy vra Tjhaka toe weer die vraag wat hy pas gevra het. Tjhaka gee hom dieselfde antwoord. Toe swyg hy weer 'n lang ruk, soos 'n regter wat 'n moeilike vonnis moet vel, en beseft dat as dit gevel is, dit nie ongedaan gemaak kan word nie. Later sê hy: „Dink daaraan, Tjhaka, wat my handlangers gedoen het, kan nog ongedaan gemaak word, maar wat ek gaan doen met die bloed van jou vrou, Noliwa, kan glad nie ongedaan gemaak word nie. Daarom is dit nodig dat jy goed besin, sodat jy nie later spyt kry wanneer dit te laat is nie. Die dag toe ek weg is, het ek gesê dat ons jou nou groot toordery leer. En dit is so. Ons is towenaars en selfs meer as dit. As jy op heerskappy besluit, sal jy 'n ander tipe word. Jy sal word soos die konings by ons tuiste. Ek vra jou weer – en jy moet die waarheid van jou hart praat; moenie bang wees nie: wat kies jy, Noliwa of heerskappy?"

Tjhaka: „Heerskappy."

Skielik, in 'n oogwink, verhelder Isanusi se gesig. Die bietjie leed wat daarop was, is weg. Hy sê: „Jy het soos 'n man geantwoord. Van sulke mense hou ek. 'n Twyfelaar verstaan ek nie. Ek het jou met opset met dié vroeë bestoek om die diepte van jou gemoed te peil. Ek sien jy is 'n man. As jy gepraat het, het jy gepraat. Vandag weet ek wie jy is; ek sal jou dien met 'n wit hart – meer as vroeër, omdat ek jou ideale ken. Deur die dood van Noliwa sal baie dinge algaande vir jou duidelik word. Jy sal agterkom dat daar geen dood is nie. As 'n mens sterf, sterf hy nie eintlik nie. Hy verander maar net. Die gees verlaat slegs

daardie droë vel van vleis. Hy gaan na 'n ander wêreld wat blinker is as die son. Daar leef hy voort; hy bly nog hy – soos jy self kan getuig, want jy het die stem van jou vader gehoor toe hy met jou gepraat het. Vir diegene wat goed gewerk het op aarde, wag daar 'n groot oes. Dié wat hier niks gedoen het nie, sal daar niks kry nie. As 'n mens sterf, gaan hy met al sy goed na daardie stat van die lewendes wat ons die dood noem. Daar sal sy goed vir hom wag en vermeerder soos beeste wat elke jaar kalf. Maar diegene wat min uitgerig het, se besitting sal verminder. Jy is nou op die punt om toe te tree tot die geleedere van die helde, wat, soos ek gesien het, omring is met die glans van hulle arbeid; manne wat gesweet het toe dit tyd was om te sweet. Jy is op die punt om by die geleedere van die konings van ons plek gevoeg te word.” Toe kom daar berusting in die hart van Isanusi en hy swyg, want pas het hy die geheime van die aarde en van anderkant die graf openbaar. Tjhaka het met sterk verlange geluister en was gretig om gou die begeerde heerskappy te bekom.

Ná 'n ruk sê Isanusi weer: „Jy is 'n wyse man, Tjhaka. Daar is werklik nie baie wat hulle tyd so goed kies nie. In elke mens se lewe kom daar 'n tyd van beslissing. Die een wat die regte besluit neem, vind geluk, wat hom nooit weer ontglip nie. So 'n tyd was die dag toe ek jou onder die boom aangetref het. As jy nie besluit het om manlik op te tree nie, waar sou jy vandag gewees het?”

„Waar sou ek vandag gewees het, ja?” dink Tjhaka.

„Jou grootheid en glans sal tien maal groter wees as dié van jou vaders, en ewigdurend, want dood is daar nie.” Toe bly Isanusi weer 'n hele ruk stil. Hy neem Tjhaka na buite, slaan sy oë op na die hemel en wys na die sterre. „Jou impi's is op die punt om die getal van die sterre wat jy daar sien, te oortref. Jy sal onder die volk skyn soos 'n son wat nooit agter wolke verdwyn nie en waarvoor die sterre wyk as hy opkom. As jy verskyn, sal die volke neerval. Noliwa se bloed sal vir jou wonderlike geluk bring.” Die leser kan self dink hoe Tjhaka oor hierdie beloftes gevoel het – veral waar dit gemaak is deur iemand wat die waarheid praat. Maar ten spyte daarvan het die aangeleentheid enkele dae gesloer om vir Tjhaka se rituele baddag te wag.

Toe Tjhaka die volgende dag van die regimente se oefening terugkom, was Isanusi en sy handlangers weg om medikamente in die bos te gaan haal. Toe gaan hy in die hut van Noliwa waar hy haar aantref in die geselskap van haar diensmeisie. Sy was pragtig, ligbruin soos 'n volryp daggablaar en opgeruimd, haar skoonheid ongeskonde. Sag en bruin was haar oë. Haar sagte stem het hom die oorlogsliedere en prysliedere wat hy vroeër as mooi beskou het, laat vergeet. Skoon, helder,

sag en opreg was dit. Lis en bedrog was daar nie. En tussen al hierdie dinge, haar oë! Hulle het gesê: „Ek is joune met alles, Tjhaka. Ek is joue in lewe en dood.” Haar skoonheid het hom stom gemaak. Magtelooos het hy gestaan en anderpad gekyk. En toe hy weer na haar kyk, was sy nog mooier, mooi soos die beminde van Nkulunkulu, wat deur hom uitgekies is om die mens volmaakte skoonheid te leer. Toe steek daar 'n storm in sy gemoed op, 'n warrelwind wat hom uit die hut dryf.

Toe daag Isanusi op en voordat Tjhaka kon praat, sê hy: „Jy is 'n man, Tjhaka. Ek het gesien hoe verward jy was toe jy Noliwa sien. Jy het jou soos 'n man gedra, soos 'n koning, want 'n koning verander nie sy mening sommer so nie.”

Toe Tjhaka se dag nader kom, word Noliwa siek, siek van haar swangerskap. Die aand voor sy baddag gaan hy toe na Noliwa met 'n naald wat gebruik word om graanmandjies te maak. Hy vind haar alleen met haar diensmeisie. Toe hy inkom, gaan dié uit. Daar was 'n vuur wat die ingang van die hut mooi verlig het.

Hy beweeg toe nader aan haar. Hy liefkoos en soen haar, en vra waar sy sleg voel. Sy sê toe: „Tjhaka, my meester, jou gesig is lelik geplooi. Die klank van jou stem maak my seer. Wat makeer?” Maar Tjhaka sê hy makeer niks. 'n Vabond het hom maar net ontstel toe die krygers geoefen het. Aangenaam gesels hulle toe verder. En hulle het mekaar gesoen. Toe, skielik, druk hy Noliwa se mond toe en steek haar met die naald onder die armolte. Hy rol haar om en lig haar op dat die bloed kan uitloop. Toe sy op die punt was om te sterwe, knip sy haar oë twee of drie maal en sê: „Tjhaka, my geliefde, jy wat reeds my vader is, jy Jobe, jy Dingiswayo, jy . . .” Toe flikker die klein lig van haar lewe uit en haar rein siel vlieg uit en gaan na Dingiswayo in die ewigheid. Vreesbevange maak Tjhaka sy oë toe, toe hy haar sien sterf. Hy beef. En toe sy dood is, hoor hy binne in haar 'n geluid soos van 'n swaar, vallende klip wat op haar hart gaan sit en sink. Hy vlug na buite waar sy oë swart word en hy niks anders kan sien nie as die gesig van Noliwa toe sy haar oë gesluit het. Sy ore is doof. Al wat hy hoor, is Noliwa se laaste woorde.

Toe hy tot verhaal kom, vind hy Isanusi by hom, besig om hom te prys en sê: „Jou naam is nou reeds onder die konings van ons huis, onder die verhewe grotes.”

Noliwa se diensmeisie is doodgemaak omdat sy, so is gesê, nie laat weet het dat Noliwa siek was nie. Sy is dood sonder dat iemand van haar siekte geweet het. Ndllebe het die nuus versprei dat sy Noliwa getoor het. En Isanusi het sy benodigdhede uit Noliwa gehaal soos hy alleen weet. Vroeg die volgende môre is hy saam met Tjhaka na die

rivier waar Ntlebe en Malunga reeds was. En daarvandaan is hy terug na sy tuiste.

. . . So was die dood van Noliwa, dogter van Jobe, die suster van Dingiswayo, die vrou van Tjhaka.

Moord op die lafaards

Ná die dood van Noliwa het Tjhaka sowel uiterlik as innerlik ten kwade verander. Eers het die klein bietjie menslikheid wat nog in hom oorgebly het, uitgevlam en sy hart in vreeslike duisternis agtergelaat. Die vermoë om oorlog van moord te onderskei het vir altyd verdwyn. Alles het vir hom eners geword. Toe het sy persoonlikheid gesterf en dierlikheid het ten volle oorgeneem. Want al was hy voorheen 'n eerste-rangse wreedaard, was hy nog mens, sy wreedhede nog menslike wreedhede. Maar wanneer iemand edeler bloed as sy eie vergiet, het dit vir hom gelyk geword aan die bloed van die diere wat hy slag. Hierdie was die grootste enkele daad wat Tjhaka gepleeg het om sy heerskappy te verwerf. Met die bloed van Noliwa het hy homself verseël met 'n seël wat nie uitgewis kan word nie. Nandi se droefheid toe sy die doodsberig van Noliwa kry! Ons kan dit nie beskryf nie, want sy was baie lief vir haar en het haar as 'n skoondogter beskou.

Ná groot voorbereidings val Tjhaka die stammetjies van die Buthelezi en die Qwabe aan om sy krag en sy jong impi's te toets. Met 'n leër twee maal so groot soos dié van Dingiswayo het hy aangeval. Op daardie stadium was daar vrede oral in Bokone. Die land was rustig en die stamme het gelukkig gewoon toe hy in die pad geval het . . . om die vrede op aarde tot niet te maak.

Dit is te verstane dat daar in daardie twee oorloë van die krygers was wat weggehardloop het; wat hulle assegaaië verloor het; wat daarmee gegooi het in plaas van te steek, en wat sonder hulle assegaaië teruggekeer het. So is dit onder alle volke. Daar word oor en weer doodgemaak en oor en weer gebuit. In hierdie twee oorloë het Tjhaka alleen die nuwe impi gebruik; die oues het hy teruggehou. Onder die nuwe impi het slegs een regiment tot die einde bly staan.

Juis in dié regiment was daar 'n jong man wat Tjhaka se oog gevang het. As hulle ingestuur is, was hý in die middel, sy oë skrefies, sy assegaai na agter, sy bors so effe na vore soos 'n voël as hy swem. En as hulle die vyand ontmoet, het daardie skraal jong man verander. Dan bring hy sy skild na vore, sy assegaai in die lug. Sy vertoning in daardie twee oorloë was baie soos dié van Tjhaka toe hy nog 'n jong man was. Sy naam was Moselekatse.

Toe Tjhaka met sy leërs terug was, roep hy die hele stam na sy grootplek by Mgungundlovu en hulle vergader buite die statsmuur. Begelei deur Mbopha, die hoof van die koning se raad, gaan Tjhaka toe daarheen gevolg deur die impi wat in die oorlog presteer het. Terwyl hulle daarheen op pad is, loop Mbopha die lof van die koning onderlangs en mompel en vertel van sy wysheid en die toepaslikheid van sy strawwe. Toe Tjhaka by die skare kom, lig hy sy klein towerassegaai en die skare word doodstil. Toe roep hy al die regimente eenkant toe. Toe sê hy elke kryger moet die assegaai en skild wat hy gebuit het, toon. Toe hou hulle dit uit. Dié wat nie gehad het nie, moet eenkant staan. Ook dié wat sonder hulle eie assegaai teruggekom het, is van die res uitgesonder. Toe roep hy dié wat op vlug geslaan het. Ook hulle moet eenkant staan. Dié wat gegooi het in plaas van te steek, word geroep en hy laat hulle eenkant staan.

Nou kom die aanvoeders en omring die koning om sy opdragte te hoor. Toe lig Tjhaka sy assegaai. Dit word doodstil. Toe sê hy: „Laat die regimente van Nkandle en Myozi verbykom.” Haastig gaan hulle aanvoeders hulle haal en laat hulle onder die skare plaasneem. Tjhaka verhef toe sy stem en sê: „Julle, almal wat hier is, neig julle ore en hoor. Open julle oë en kyk. Wees getuies van wat ek gaan doen en van die voorbeeld wat ek van hierdie klomp maak. Sien julle daardie klomp?”

Skare: „Ons sien, koning.”

Tjhaka: „Dit is die lafaards wat van die oorlog gevlug het, ten spyte daarvan dat ek hulle uitdruklik beveel het om dit nie te doen nie. Want die een wat weghardloop, bevlek ons mooi naam. Dit is 'n teken dat die Mazulu se krag verswak. Hulle kom 'n baie swaar straf toe.”

Toe spring Malunga eenkant toe en sê: „Die bevel van die koning moet deur elke kryger gehoor en gehoorsaam word. Wie die koning se bevel nie gehoorsaam nie, gehoorsaam nie die bevel van Nkulunkulu nie – die een wat die koning gestuur het om sy kinders, die Zulu's, oorlog te leer en hulle van hulle vyande te verlos.” Terwyl hy gepraat het, het Tjhaka voortdurend omgedraai en rondgekyk. En die mense het gebewe, want as Tjhaka kwaad was, was hy 'n ware dier. Toe kyk hy na die twee regimente in die skare en wys met sy assegaai na dié wat wegghardloop het. Hy beduie sonder om te praat. En skielik val die regiment op dié wat skuldig was; soos wildehonde wat onder skape invlie, spring hulle onder hulle in. Dié wat val, sterf en word kos vir die aasvoëls . . . En hulle val by hulle huis, nie op die slagveld nie; voor die oë van hulle ouers, ten aanskoue van hulle geliefdes, voor die kinders val hulle soos opperste lafaards.

Nou is dit weer doodstil. En Tjhaka was kwaad. Daar was skuim om sy mond. Toe sê die raadsmanne, die manne wat uitgesoek was om die koning te adviseer: „Ao, sy wysheid! Met hierdie daad het hy die lafaards in Zululand uitgeroei. Geen kryger sal weer sy rug op die vyand draai nie!”

So gesê, gaan hulle op die grond lê om hulle verbasing oor die koning se wysheid te wys. Toe sowat twintig van Zwide se mense sien hoe die impi's onder lafaards inspring, gaan hulle aan die huil – oor hulle kinders en broers. En toe sê Tjhaka dat hulle na hom gebring moet word sodat hy hulle kan troos.

Toe die dooies uit die skare gesleep is, gee hy bevel dat die regimente van Dinare en Dilepe moet aanmeld. Toe besef almal dat die moord nog nie verby is nie. Hulle skrik groot, want so 'n afrekening het hulle nog nie gesien nie. En Ndlebe het tussen die skare beweeg en die treurendes bymekaargemaak en na die koning gebring om deur hom getroos te word.

„Daardie wat julle daar sien, is net sulke lafaards soos die ander. Dit is hulle wat hulle assegaai weggegooi het, die assegaai wat ek met soveel moeite gemaak en met die kruie van Zululand behandel het.” Toe roep iemand iewers en sê: „Dit is te verstane dat hulle hulle assegaai sou weggegooi as hulle vlug.” Dit moes hy nie gesê het nie. Tjhaka trap rond en kyk en kyk en hef sy assegaai driftig omhoog en wys na dié wat stilswyend daar staan. En die aasvoëls het hulle werk gehad om die lyke wat vir hulle gegooi is, op te vreet!

Die koningsraad sê: „Sy wysheid darem! Die assegaai van Zululand sal nie weer weggegooi word nie en die koning sal hom nie meer hoef te bekommer oor assegaai wat moedswillig weggegooi word nie.”

'n Derde maal gaan sy assegaai op en toe die mense dit sien, word hulle bleek van vrees. Hy sê toe: „Dié wat julle daar sien, is dié wat van die oorlog teruggekeer het sonder 'n enkele assegaai wat gebuit is. Hulle het dus nie een doodgemaak nie.” Toe roep 'n stem uit die skare: „As hulle nie doodgemaak het nie, het hulle slegs lawaai gemaak. Hulle was bang vir die hewigheid van die geveg. Hulle is lafaards.”

Toe sê twee of drie van die verstrooide stamme: „Stadig tog, moenie kwaad wees nie, koning. Die assegaai het genoeg doodgemaak. Wees hulle tog hierdie keer genadig.” Die koning vererg hom toe bloedig en gee bevel dat dié pleitbesorgers na hom gebring moet word. En die aasvoëls het op die lyke toegesak, van dié wat nie assegaai gebuit het nie – hoewel hulle eintlik al versadig was en dit toe maar laat staan het vir die wolf . . . En die wolf vreet nie as die son skyn nie.

Die raad: „O, sy wysheid! Dit is 'n kuil van onpeilbare diepte. In die leërs van Zululand sal daar nie weer 'n kryger wees wat in die oorlog net lawaai maak nie!” Hulle knik vir mekaar dat die koning kan sien dat hulle regtig verbaas is oor sy onvergelyklike wysheid.

Toe verhef Tjhaka weer sy assegaai en fluister vir sy aanvoerders. Nog twee regimente verskyn tussen die skare. Toe kon die mense sterf van vrees. „Hierdie is dié wat die vyand met die assegaai van Zululand gegooi het in plaas van om daarmee te steek. So het hulle die bevele verontagsaam . . .” Terwyl hy nog so praat, kom Nandi skielik en werp haarself aan sy voete en sê: „O, meester, luister asseblief tog na my. Stadig tog, Zulu. Dit is die eerste keer dat hulle teen jou sondig en hulle het hulle fout gesien. Hulle sal hulself regruk en jou oorloë veg, vader.” Toe swyg Tjhaka terwyl Nandi op die grond bly lê. Toe sê hy: „Alleen om my moeder se ontwil, vergewe ek julle. Julle moet dit nooit weer doen nie.”

Toe Nandi weg is, skreeu Tjhaka en sê: „Die veroordelings is afgehandel. Ek het gesê julle moet julle ore neig en hoor, julle oë oopmaak en kyk. Julle het gehoor en gesien, Julle, almal wat hier teenwoordig is, en julle, seuns, weet dat wie ook al een van hierdie oortredinge pleeg, se straf die dood is. Ek het julle groep sodat julle self kon sien. Laat my wet ten volle gehandhaaf word – ook in die harte; want wie dit slegs uit plig nakom, hom sal ek ook daarheen stuur,” en hy wys na waar die lyke versamel lê. „Ek eindig deur te sê: Neig weer julle ore en hoor. Maak julle oë oop en kyk! Kyk goed. Dié wat julle sien huil het – hulle gehuil beteken dat ek 'n fout begaan het. Dit is 'n groot oortreding om te sê ek, Tjhaka, het verkeerd gehandel. Verder, daardie gehuil sal die harte van my krygers in die geveg sag maak. Nou sal ek hulle leer om behoorlik oor hulle kinders te treur. Ek sal hulle vertrous sodat hulle die dood waaroor hulle treur, kan vergeet.” Toe spits die aanvoerders hulle ore en hy sê: „Steek uit die oë van dié wat vol tranes is, dat ek kan sien of hulle hulle kinders kan vergeet.” In 'n oogwink is hulle oë uitgesteek en hulle is buite die skare gelei. „Laat hulle na hulle tuistes terugkeer as hulle kan,” het hy gesê. „En laat dié wat oor die afgronde stort, maar val.”

En die raad sê: „As daar nog ander konings is, sal daar sekerlik nie een wees waarvan die strawwe soos syne is nie! Hy bevestig sy woorde dat hy deur Nkulunkulu gestuur is met die daad!”

Toe lig hy vir laas sy assegaai en sê: „Dié wat julle daar sien, is dié wat met hulle tonge pleit. Julle het hulle gehoor. Hulle sal my krygers lafhartig maak. Ruk hulle pleitende tonge uit. Ruk dit uit tot by die wortel. Moet dit nie afsny nie, dit sal weer groei. Dan sal hulle vergeet

om in te meng as die koning sy oordele vel." In 'n oogwenk word hulle tonge uitgeruk en hulle sterwe.

Die raad sê: „Ons dank jou, ons prys jou, Zulu! Jou strawwe is reg. Jou strawwe is regverdig. Jou oë kyk binne-in, in die bors van die mens; hulle kyk waar niemand anders kan sien nie! Jou ore hoor die planne van die mens se hart! Alles aan jou getuig daarvan, Zulu, dat jy nie 'n mens is nie. Jy is 'n handlanger van Nkulunkulu. Jy is Zulu wat bo ons almal is." Eintlik was die raadsmanne verplig om die koning so te prys, want een wat dit sou waag om dit nie te doen nie, is doodgemaak. Toe skreeu Tjhaka uiteindelik: „Laat dié wat gesien het, sien en dié wat gehoor het, hoor.”

. . . Aan die regiment wat nie gevlug het nie, is die hele buit van Qwabe en Buthelezi gegee. Die beeste sou hulle rykdom wees, nie hulle kos nie. Bowendien is daardie regiment gou bevorder. Die tyd vir hulle ontslag en troue was dus naby. Moselekatse is tot leier van daardie regiment bevorder. Hy kon vir hom honderd beeste uit die koning se kraal kies – bulle ook. So het Tjhaka sy dapperes behandel.

Daardie dag het tienduisend mense gesterf. So was Tjhaka se afrekening met die lafaards van Zululand. Van daardie dag af het die krygers die spreuk verstaan wat lui: „'n Seun, 'n os van die aasvoëls.” En hulle het verstaan dat kinders nie aan hulle ouers behoort nie, maar aan die koning. Daarom het hulle hulle voorgeneem om te wen, of net daar in die veld te sterf – in plaas daarvan om tuis soos 'n hond doodgemaak te word voor die oë van die vroue. En so het een Zulukryger gelyk geword aan tien van die vyand. Toe Tjhaka sy leër weer 'n keer uitstuur, het hy gesê: „Gaan, my kinders, en werk en sorg dat julle as oorwinnaars terugkom en bring die buit saam. As julle nie kan nie, moet julle nie terugkom nie.”

Hierdie was maar die begin van Tjhaka se baie moorde. Diegene wat daardie dag beleef het, het snags slapeloos gelê en maer geword, want dit was die eerste keer dat hulle so iets gesien het.

Tjhaka val suidwaarts aan; Moselekatse

Ná die afrekening met die lafaards het Tjhaka gou suidwaarts aangeval. Hy het die Maqwabe uitgewis en geveg teen die Mafuze, Bathembu, Mchunu. Hulle was die eerste wat hy met sy verenigde leër verstrooi het. Genadeloos het hy hulle doodgemaak, hulle statte en gesaaides afgebrand. In plaas daarvan om met sy groot buit terug te keer huis toe, het hy etlike maande vertoef. Terwyl hy daar gelaer was, het hy die stamme met moord uitgewis. Die jonges het hy steeds by sy leërs ingeskakel.

Verder suid oor die Tugela verstrooi hy die Mabomvu en die Bakwamachibisa. Hulle kleinvee jaag hy terug, maar hyself trek voort. Teen daardie tyd het hy nie eers meer geveg nie. Die mense het hom so gevrees dat, as hulle sy leërs sien aankom, hulle al op vlug geslaan het. Later was slegs die hoor van sy naam genoeg. Dan het hulle die stat net so gelaat en gevlug. Onder die mans was Tjhaka die onderwerp van bespreking en in die huise onder die vroue en onder die wagters in die veld.

Die stamme wat voor hom uitgevlug het, het die kleineres wat in hulle pad was, oorrompel en hulle beeste en graansorghums weggevee. Die stamme wat nie van hom geweet het nie, het weerstand probeer bied en die vluggende stamme voorgekeer. So is die vlugtendes van twee kante aangeval: van agter deur Tjhaka en van voor deur die stamme wat in hul pad was. En soos hy gevorder het, het sy mag gegroei. Later het die kleiner stammetjies mekaar begin uitroei. Deurmekaar het hulle suidwaarts geskarrel. In hulle geskarrel het hulle so bloed vergiet dat hulle daarin geplas het. Teen die tyd dat Tjhaka op die toneel kom, was die finale oorrompeling maklik. Sy slagting was groter as dié van die vlugtendes. Dit was die begin van die *difaqane*, die uitdelgingsoorloë, en die troostelose swerwe oor die land. Tjhaka het dit begin.

In hierdie oorloë het hy almal wat op die punt was om te trou, omgebring. Ook al die getroudes, ou mense en kinders. Hulle sou nie meer ware Zulu's kon word nie. Die kinders het hy doodgemaak omdat hulle teenwoordigheid moontlik 'n genadigheid sou kon veroorsaak het. Al die jeugdiges is die lewe ontnem. Die jong meisies is slawe

gemaak wat vir die leërs moes werk. Later kon die krygers wat van diensplig vrygestel word, vroue uit hulle geleedere kies. Sy spoor was 'n rookwolk. 'n Rookwolk bo afgebrande stante sodat daar vir niemand toevlug is nie; en 'n rookwolk op afgebrande graanlande sodat die vlugtendes van honger moet sterwe. Nogtans het enkeles ontkom. In sy woede het hy hul honde doodgemaak sodat hulle nie vir die vlugtendes wilde diere kon vang nie. Hulle moes uitgewis word van die aarde – van honger of deur die assegaai, maar sterwe moes hulle.

Voor sy leërs uit was die land nog skoon, versier met bloeiende stante en landerye. Maar die spoor wat hy agtergelaat het, was swart. Troppe hiënas en wolwe het hom gevolg, wetende dat hulle kos sal kry. Die land het verbleek. Hongersnood het gevolg. Dood het op die aarde gestink. Waar vroeër stante was, het ruïnes oorgebly, gevaarlike spelonke.

Dit was onder hierdie omstandighede dat mense mekaar begin eet het. Soos diere het hulle mekaar gejaag en mekaar geëet. Uit honger het hulle dit begin doen, uit gewoonte het hulle dit later gedoen – kannibalisme het 'n kultus geword. Die eerste mensvreter was 'n Mokone met die naam van Ndava. Hy het naby die teenswoordige Durban gewoon. Ná enkele jare het die verskrikking en ellende van die ooste oor die Drakensberg gekruip tot in Lesotho waar die honger mensvreters gebaar het. Hierdie is die aakligste van al die aaklighede van daardie tyd. Dit het deur Tjhaka ontstaan, skepper-van-alle-aaklighede.

By Mathuli het Tjhaka omgedraai. Hy maak toe die beeste bymekaar en plaas hulle in veeposte in daardie land sonder inwoners. Vir die swart beeste het hy 'n veepost gemaak, vir die swartbontes hulle s'n. So ook vir die gees, die witbontes en die rooibontes. Toe hy tuis kom, ontslaan hy die jong manne en gee hulle geleentheid om te trou. Hy gee hulle beeste en vroue uit dié wat hy weggevoer het. So het hy sy woord gestand gedoen.

Waar was die stammetjies van die Maqwabe, Mafuze, Bathembu, Machunu, Makuze, Bakwamachibisa, Mabomvu en Bathuli toe Tjhaka uit die suide terugkeer? Hulle was uitgedelg onder die son. Hulle het die weg van Zwede se stam gegaan. Toe hy terugkeer, was daar slegs diere op die velde; die mense was weg.

Toe Tjhaka uit die suide terugkeer, kom gesante van Moshweshwe by hom aan en bring geskenke. By monde van sy gesante het Moshweshwe verklaar dat hy homself as onderdaan van Tjhaka beskou. Daar is geen ander koning nie. En Tjhaka het sy eerbetoon met blydschap aanvaar en die gedagte om hom aan te val, laat vaar. Hy het dit oorweeg om Moshweshwe een van sy prinse te maak, waar sy leer kon

vertoef as hulle anderkant die Drakensberg veg. Toe val Tjhaka weer die Mangwane van Matiwane aan waar hulle teen die Drakensberg gewoon het. Hy het hulle maklik verstrooi, in werklikheid het hulle al gevlug toe hy nog in aantog was. In hulle vlug val hulle die Amahlubi aan en dié vlug ylings oor die Drakensberg. Die Amahlubi en die Mangwane het die uitdelgingsoorloë in Lesotho begin.

Ná hierdie oorlog het Tjhaka nie meer self met die leërs uitgegaan nie. Moselekatse het die hele leër aangevoer en is bygestaan deur Manukuza. Al die buit is gereeld vir die koning gebring. Hoewel Tjhaka baie van Moselekatse gedink het, het hy nie van hom gehou nie. Moselekatse het nie daarvan gehou om geregeer te word nie. Hy wou nie na iemand anders se pype dans of vir iemand anders buit versamel en vir 'n ander se eer ywer nie. Hy het gevoel dat hy tevergeefs werk. Verder was hy reeds 'n volwasse man en begerig om te trou. Om hierdie redes het hy planne gehad om sy eie regering tot stand te bring waar hy na sy eie wense kon handel.

Op 'n dag word hy weer na die noorde gestuur om kleiner kapteins te gaan verstrooi en hulle beeste te buit. Dit het hy gedoen, maar terselfdertyd die geleentheid aangegryp om met die krygers te praat. „Manne, wat baat dit ons om Tjhaka so ywerig te dien en onself vir hom op te offer? Hy sal ons nie koning maak nie. Hy vergoed ons nie behoorlik nie. Met ons bloed buit ons vir hom beeste terwyl hy met sy baie vroue by die huis sit. As ons by die huis aankom, sal hy die swakste beeste uitsoek en dit vir ons gee. Die goeies sal hy vir hom hou. Ons begin al grys word en nog word ons nie toegelaat om te trou nie. Teen die tyd dat ons ontslaan word, is ons nie meer mense nie en trou nie meer lekker nie. Bowendien, Tjhaka stel die hoogste eise aan ons. Maar hy is maar 'n gewone mens nes ons. Wat hy doen, kan ons ook doen. Hy is geen god nie. Hy het ons oorlog geleer. Dit is goed, maar vandag sal ons ons eie pad loop. Ons sal die juk van diensknegskap afgooi en ons eie regering stig waar ons self konings en prinse kan wees. Wat dink julle?”

Toe beaam die krygers dit, want hulle was gedaan van onophoudelike oorloë voer. Maar ten spyte daarvan sê hulle: „As Tjhaka hoor wat ons beplan, sal ons gou-gou kos vir die hiënas wees. As ons dus 'n plan het, moet ons nie weer teruggaan nie.”

Maar Moselekatse wys hulle daarop en sê: „Eerstens moet ons vroue hê, Zulu's. Daarom moet ons die jong meisies uit ons slaaphutte gaan haal. Ons kan nie met die ander se honde trou nie. En ons meisies is volwasse en gretig om te trou. Hulle sal besef dat ons van hulle mense maak en hulle uit hul ledigheid verlos. Wat Tjhaka se woede

betref, onthou, ek voer sy grootste regiment aan. Sy krygers sal kom, maar hulle kans om te wen, is skraal. Hulle ken my goed. Verder weet ek dat die juk vir Manukuza ook swaar is."

Toe Moselekatse Zululand nader, stuur hy manne in die geheim om van die jong meisies te gaan wegvoer en hy stuur 'n paar gesante na Tjhaka met 'n pragtige geel bul om hom mee te deel dat hulle naby is, maar stadig vorder as gevolg van die groot buit. Ndlebe vertel toe aan Tjhaka dat dit 'n leuen is; Moselekatse is besig om hom te verraa. In sy woede stuur Tjhaka toe 'n groot leër onder leiding van Manukuza om Moselekatse en almal wat by hom is te gaan doodmaak. Maar Manukuza het die geleentheid benut om te ontvlug. Hy vlug tot oor die Zambesi waar hy sy eie ryk van die Machakana stig. Manukuza was die vader van Gungunyani.

Toe die jong meisies van Moselekatse se plan hoor, het hulle gejubel en gesê: „Ons het al lankal gewonder wanneer so 'n held sal kom om ons te verlos. Ons ly onder Tjhaka. Ons word oud. Trou ken ons nie."

Toe klim hulle oor die Drakensberg na waar die Basotho, die Batswana en die Bapedi met hulle swak assegaaitjies rustig gewoon het. Moselekatse het hulle met die sterkes van Bokone uit die pad geveeg. Wanneer hy by 'n stat gekom het, het hy man, vrou en kind doodgemaak. Die jonges het hy in die leër opgeneem. So ver as wat hy gaan, verbrand hy die stamme en die graanlande sodat die impi's van Tjhaka wat hom agterna sit, van honger omkom. Niks word agtergelaat nie – nie mens nie, of dier, of bees, of graansorghumkorrel of mielie nie.

So het Moselekatse gevlug tot by Kuruman, waar hy die Masarwa en die Bakgothu platgeloop het, stamme waarvan Tjhaka alleen maar die naam geken het. So het hy geplunder tot in Bulawayo, Inyati; so is Tjhaka se verwoestingswerk deur Moselekatse oor die Drakensberg gedra. Niks het op die vlaktes oorgebly nie. Mokone en Mosotho het saam gesterf. En so ook bees en leeu.

Toe Tjhaka se leërs onverrichter sake terugkeer en hy hoor dat Manukuza ook gevlug het, het hy woedend kwaad geword. Die aanvoerders wat Moselekatse agtervolg het, is lewend op 'n groot vuur verbrand. Dit is die dood wat hulle verdien, het hy gesê; want hulle het sy vyand moedswillig vry laat kom.

Oor Nongogo en Mnyamana

Toe Tjhaka besef hoe Moselekatse en Munukuza hom verraai het, was sy gemoedswêreld in die war; sy woede het hom tot aan die grense van die waansin gebring. Van dié dag af het die assegaai Zulu en vyand sonder onderskeid doodgemaak. Van toe af het hy nie meer 'n permanente aanvoerder vir sy leërs gehad nie. Vir elke volgende aanval het hy 'n ander aanvoerder aangewys. Hy het niemand meer vertrou nie en van die leiers onskuldig doodgemaak, onder die voorwendsel dat hulle daardie twee verraaiers sou navolg.

In daardie dae het hulle assegaaië gemaak van 'n seldsame ysterklip wat moeilik bekombaar was. Toe 'n besondere soort klip juis in daardie tyd naby die Zambesi gevind word, het dit hom geleentheid gegee om onskuldige krygers ongemerk om die lewe te bring.

Onder sy heel dapperes was daar 'n kryger met die naam van Nongogo wat hom met 'n opregte hart gedien het. Die leër was ook baie lief vir hom. Toe Tjhaka dit opmerk, word hy baie jaloers. Daarop roep hy eendag vir Nongogo. Nongogo het gekom en sy assegaai, soos dit hoort, by die hek van die hof gelaat en Tjhaka met 'n pryslied gelooft:

Gegroet, koning van die konings!

Gegroet, groot heer!

Gegroet, Zulu!

Hy werp homself op die grond en seil op sy maag na Tjhaka, soos dit die gebruik was. Toe staan hy op, gereed om enigiets te doen wat sy koning hom sou beveel. Tjhaka sê toe: „Vat tweehonderd man en gaan waarheen ek jou stuur. Ek hoor in die noorde is daar 'n onbekende land waar yster maklik bekombaar is. Ek stuur jou nou om te gaan spioeneer. Gaan kyk of dit werklik so is, bring van die klip saam en leer hoe dit gedelf en verwerk word.”

Aan die manier waarop die koning gepraat het, kon Nongogo aflei dat hy hom met 'n slinkse plan wou laat doodmaak. Hy dink toe dat iemand hom by Tjhaka in onguns gebring het, en hy gaan van die koning af weg met 'n baie seer hart. Hy gaan om sy opdrag uit te voer, alhoewel hy nie juis geweet het waarheen om te gaan nie. Hy was be-

kommerd omdat die manne wat hy moes saamneem so min was. Op pad het hy kwaai slae op die lyf geloop en sy getalle het so verminder dat hy versterking van Tjhaka laat vra. Maar dié het geweier en gesê hy het genoeg by hom.

So het Nongogo gegaan en uiteindelik van daardie klip in die hande gekry. Op pad terug raak hy eendag in 'n geweldige geveg betrokke. Die Zulu's het rug aan rug soos manne geveg en toe die son laag was, was die dooies meer as die lewendes. Van Nongogo het slegs tien man oorgebly en toe hulle sien dat dit niks sal baat om verder te veg nie, het hulle gevlug.

Bang om met dieselfde pad terug te keer as wat hulle gekom het, swerwe Nongogo en sy tien man weswaarts om uit die vyand se pad te bly. Deur die woestyn swerf hulle, waar agt man van ontbering sterwe, en met geswelde voete, gewonde liggame en verswak deur honger en dors, sit Nongogo en sy maat hul gedoemde terugtog voort. Slegs hulle sterk harte hou hulle aan die gang. Nongogo was vasbeslote om hom aan sy koning te gaan toon. Voetseer en verflenter kom hulle uiteindelik in Zululand aan. Baie mense het hulle nie herken nie. Selfs die roofdiere het vir hul neus opgetrek; die leeu het gekom, geruik en verbygegaan en die hiëna het gesnuif en verbygegaan. Hulle was nie meer mense nie, net bene.

Toe hulle die koningstat nader, sien hulle van ver die impi's oefen. Hulle sien die jonges, die sterkes, en 'n droefheid kom sit in hulle hart – oor hul liefde vir Tjhaka wat hy nie erken het nie, oor hul vergane jeug, hul mislukte tog, oor die manne wat gesneuwel het. Die son het ondergegaan en nog 'n nag slaap hulle in die veld. Nongogo se maat het vir goed gaan slaap. Toe die son die volgende môre opkom, staan Nongogo sukkelend op en skud die ryp van hom af. Toe merk hy dat sy maat dood is, met ryp op sy ooglede en ryp op sy mond, sy gesig na Mgungundlovu gekeer. Toe val al die leed van hulle tog in Nongogo se hart. Dit word swart voor sy oë, sy ore slaan toe, sy kop steek soos sy hart en sy bene bewe. Loop kan hy amper nie.

Eers toe die skaduwees lank begin word, kom hy by die stat. By die statspoort gaan hy in sonder dat iemand hom voorkeer. Hy gaan na die koningshuis voor die hof, vra om die koning te sien en word binne-gelaat. Toe hy Tjhaka sien, prewel hy iets onhoorbaars, want sy kakebene was styf. Hy seil op sy maag tot voor die koning. Toe Tjhaka hom sien, pak 'n geweldige vrees hom, want Nongogo het net soos die *tikoloshe* gelyk wat hy eendag by die rivier gesien het, en hy wonder wat hom nou na hom toe bring.

Steierend staan Nongogo voor Tjhaka wat sy assegaai as dié van

Zululand erken. Hy kyk na Nongogo wat verflenter voor hom staan met etterende wonde en bloeiende voete. Toe gee hy sy assegaai aan Tjhaka en haal daarop die klip uit wat hy saamgebring het en gee dit swyend aan hom. Hy trek sy klere uit en Tjhaka en die raad sien sy geskende liggaam.

Hy prewel: „Ek het jou bevele probeer uitvoer, koning.”

Tjhaka: „Nongogo! Is dit jy, Nongogo?”

Nongogo: „Dit is ek, jou dienskneg, koning!”

Almal swyg, verstom oor die gesonde, slank Nongogo wat nou voor hulle staan soos 'n ding wat reeds dood is.

Tjhaka: „Waar is jou mense?” Kwaad vra hy dit, want hy het nie verwag dat Nongogo ooit sou terugkom nie. Toe vertel Nongogo van sy reis. Tjhaka sê: „Neem weg hierdie hond en steek hom dood! Hy het my mense doodgemaak en nou lieg hy ook nog. Verder het ek gesê hy moet baie klip saambring waarmee ons assegaai kan maak, en hy kom alleen hier aan!” Toe die laksmanne naderstaan, praat Nongogo weer, en met 'n helder stem. „Tjhaka,” sê hy, nie koning nie, „dit is bekend dat jy nie 'n mens is nie. Vandag glo ek dit. Ek het jou moeilike bevele uitgevoer en die dank wat ek daarvoor kry is die dood. Maar . . .” Sy sin het hy nooit voltooi nie. In sy woede steek Tjhaka een van die laksmanne dood omdat hulle talm om die bevel uit te voer. Toe gryp die ander hom en lei hom weg en toe hulle kom waar die teregstellings plaasvind, vind hulle dat hy reeds dood is.

Oorkom deur medelye met Nongogo vergeet sommige van die raadsmanne toe om die wysheid en regverdigheid van die koning se veroordelings te loof, en hulle word ook doodgemaak. Met hulle swye het hulle die koning se optrede veroordeel, het Tjhaka gesê.

So was dan die einde van Nongogo se spioenasietog.

Toe Nongogo in die noorde was, het Tjhake nog een van sy aanvoerders, Mnyamana, begin wantrou. Hy sê toe vir hom: „Gaan haal my gesteelde beeste in Swaziland. Vat jou regiment en gaan. Loop!” Toe hy Tjhaka so hoor praat, het Mnyamana geweet wat vir hom voorlê.

Hy het gegaan en gewonder hoe hy te werk moet gaan. Gelukkig vir hulle was die Swazi's in die noorde met 'n aanval besig en hy slaag daarin om al die beeste weg te voer. Toe die Swazi-leërs dit agterkom, spring hulle om, maar die Zulu's was reeds buite hulle gebied en in ruie bosse waar een Zulukryger gelyk is aan vyf ander. So word die Swazi's verslaan en hulle gee die beeste prys, alhoewel een van Mnyamana se oë uitgesteek is.

In die koningstat word hy met vreugde begroet. Maar Tjhaka was

teleurgesteld omdat hy die beeste so maklik weggevoer het – iets wat hy met sy volle leër nie kon regkry nie.

Toe sê hy: „Mnyamana, is jy terug?”

„Ja, koning.”

„Waar is die beeste?”

„Hulle is hier, koning.”

„Waar is jou mense?”

„Hulle is hier, koning, by die beeste.”

Tjhaka swyg 'n lang ruk en hy dink aan 'n manier om Mnyamana aan die man te bring.

„Hoe het jy hulle in die hande gekry?”

Toe vertel Mnyamana.

„Jou hond! Jy het die beeste van die Swazi's gesteel. Ek het jou nie opdrag gegee om dit te steel nie; ek het gesê jy moet dit in 'n geveg buit. Steek hom dood! Hierdie dief was te bang om die vyand in die oë te kyk. Hy het my naam beklad. Die volke sal sê ek lewe van steel, nie deur my kennis van oorlog nie!” Toe neem die laksmanne hom en lei hom weg.

Met hierdie soort vergelding het Tjhaka met sy aanvoeders afge- reken. Die dood van Nongogo en Mnyamana het die aanvoeders en die impi's geweldig ontstel, want die koning het nie onderskeid gemaak tussen aanvoerder en ondergeskikte nie. Die mense se harte het teen Tjhaka verbitterd geraak – veral ook toe hulle sien dat die assegaai selfs nie eers die heel getroues verbygaan nie. Dingana en Mhlangana het die gevoel onder die mense opgemerk, al was dit nog aan die begin – en in plaas van dit te kalm, het hulle die ontevredenheid aangblaas.

Die dood van Nandi

Tjhaka stuur toe 'n groot impi ver na die noorde, verby St. Luciabaai, om kapteins te gaan verstrooi en beeste weg te voer. Maar 'n vreeslike pes het die leërs oorval en duisende het gesterf. Hulle moes omdraai. Tjhaka was van plan om 'n tweede regiment te stuur om aan te val as hulle aan die land gewoon was, maar voordat hy dit kon doen, moes hy hulle suidwaarts laat haas waar die Maphoto onverwags toegeslaan het. Maar Maphoto het hulle afgemaai en hulle moes omdraai.

Tjhaka was woedend toe die verslane leër terugkom. Hy gryp die aanvoerders en brand hulle oë uit met 'n rooiwarm yster. Hulle oë het geen nut in hulle koppe nie, het hy gesê. Waar het hulle gekyk dat Maphoto hulle so maklik in 'n hinderlaag kon lei? Die bevelvoerder is lewend verbrand voor die oë van die impi. Toe alles verby was, laat hy dieselfde impi terug na die noorde haas.

Moeg het hulle voortgestrompel. Die pes in die noorderland het hulle afgemaai en dertigduisend man het daar omgekom. Toe sy leër verslae huiswaarts keer, vra Tjhaka Malunga wat die oorsaak van sy mislukkings is. Toe sê Malunga: „Ek dink dit is omdat jy, Zulu, nog nie daaraan gewoon is om Zulu's te sien sterf nie. Jou arm is ook nie meer gewoon om dood te maak nie. Jy doen dit net wanneer jy aangesê word om dit te doen. As 'n hond die jag ontsê word, verskeur hy later bokke en mense. Met iemand wat met sulke sterk middels behandel is soos jy, is dit net so: as hy nie doodmaak nie, draai dit teen hom om hom dood te maak.”

Vir Tjhaka, die bloeddorstige, moes hy dit nie gesê het nie! Hy laat al die vroue wat in die oorloë buitgemaak is, bymekaarmaak, ook die vroue van die manne wat in die noorde gesterf het, en sê: „Die toordokters sê dit is oor julle toordery dat die leërs leë hande terugkom en dat so baie gesterf het.” Op sy bevel word al die vroue om die lewe gebring.

Vir homself het Tjhaka die mooiste meisies onder die volk gekies, die opvallendstes met die mooiste kleur en houding. Vir hulle het hy huise gebou en vleis gevoer en hulle het mooier geword. En hy het onder hulle ingegaan, en hulle jeug gepluk en toe hulle begin verwag, het hy hulle vir sy vertroulinge gegee. Ndlebe het streng opdrag gekry

om elke kind wat by daardie meisies gebore word, nog op die dag van hul geboorte dood te maak. Geen kind van Tjhaka mog bly leef nie. Toe daardie vroue dit hoor en begin huil, sê Tjhaka: „Dit is reg dat 'n moeder oor haar kind huil en omdat dit pynlik vir 'n moeder is om van haar suigeling te skei, sal ek julle toelaat om na julle kinders te gaan.” So laat hy hulle almal ook doodmaak. Ander vroue sal die leed van daardie moederharte verstaan. Ndlebe se groot ore het hom gehelp om die opdrag stiptelik uit te voer.

Tjhaka se moeder, Nandi, het sterk daarop aangedring dat hy 'n vrou moes hê wat vir hom kinders en erfename kon gee, maar hy was daarvoor nie te vinde nie. Hy wou nie kinders hê nie. Toe steel Nandi een van daardie jong meisies, die dogter van Qwabe, en steek haar weg totdat sy geboorte gee. Die dag toe die vrou na Tjhaka se plek terugkeer, word die kind by Qwabe se plek agtergelaat.

Vanweë haar begeerte om Tjhaka se kind te sien, laat Nandi hom haal. Ndlebe het dit gou te wete gekom en Tjhaka gaan vertel. Tjhaka het na sy ma gegaan en gesien dat sy die kind baie liefhet. Hy kom eendag weer by haar waar sy met die kind speel en vra haar wat sy met die kind te doen het. Sy antwoord dat sy hom maar net geneem het. Hy sê toe sy moet hom in die middel van die hut neersit en hy staan toe nader. Toe sy skaduwee op die kind val, sterf die kind skielik. So het hy vasgestel dat die kind inderdaad syne was.

Hy was woedend. Teen die aand gaan hy haar vra waarom sy hom kinders wil gee, terwyl hy dit nie wil hê nie. Toe maak hy haar dood net soos hy Noliwa doodgemaak het. Toe Nandi sterf, hoor hy iets binne haar bors val soos 'n klip, soos dit ook die geval met Noliwa was.

Toe dit teen die oggend bekend word dat Nandi dood is, gooi Tjhaka stof op sy hoof en weeklag en sê: „Jo, jo, my moeder is dood! Jo, jo, by ander huise brand die vure, ons vuur is dood!”

Tjhaka het daardie dag alle grense oorskry. Hy stuur Ndlebe deur die koningstat om te kyk wie nie saam met die koning treur nie. Toe sê hy: „As hulle nie huil nie, is dit duidelik dat hulle my moeder getoor het, want 'n ramp kom alleen as iemand dit met towery veroorsaak het.” Uit vrees het sommige mense tabak en stof in die oë gegooi, dat die trane loop en die assegaai by hulle verbygaan. Hy roep krygers op en plaas hulle op al die roetes wat na die koningstat lei om dié te vang wat nie as teken van roubeklag stadig loop nie. Hulle almal laat hy na 'n klofie bring. Toe slag hy sowat tien beeste en bied dit aan die mense. Almal wat geëet het, is ook na die klofie gebring, omdat hulle geëet het in plaas van saam met die koning te rou. Toe is die leërs wat

Moselekatse agterna gesit het, laat haal. Daar is gesê dat die rampe by hulle begin het, want hulle het nie die bevel gehoorsaam nie. Ook hulle is in die kloof met die assegaai ontvang.

Toe gee hy bevel dat Nongogo se hele huis gebring moes word, want die dag toe hy dood is, het hy sleg van die koning gepraat. En Nandi se maats is gehaal. Nou was die kloof byna vol. Maar hy laat toe ook al Moselekatse se volgelinge haal, dit wil sê al Zwide se mense wat oorgebly het. Toe beveel hy die leër om almal in die kloof dood te maak sodat die vloek oor sy volk kan verdwyn. Toe die slagting begin, het 'n jammerlike weeklag onder die sterwendes opgeklank. Party het gesmeek om begenadig te word en ander het vloekend gesterf, omdat hulle niks verkeerds gedoen het nie. Terwyl die slagting aan die gang was, het Tjhaka na die kloof gekom om die moord te sien. Dit het hom behaag. Daardie dag het die aasvoëls gevreet tot hulle siek was. Die hiënas het gevreet en gaan lê. Maar dit het gelyk of hulle niks geëet het nie. 'n Stank het opgestyg en gestink! Die lyke is in 'n sloot naby die kloof weggegooi en die sloot is Donga lukaTatijana genoem. Daarna het Tjhaka gesê, hy meen sy moeder behoort nou tevrede te wees, want hy het baie mense met haar saamgestuur; hy het hulle 'n rusplek by haar gegee waar hulle vir haar baie vure kan maak.

Die sloot van Donga lukaTatijana is daardie dag twee maal volgemaak met die lyke van mense wat Tjhaka doodgemaak het. Hierdie moorde wat selfs die wilde diere verskrik het, het die Zulu's in die harnas gejaag omdat die assegaai nou die huismense aangeval het in plaas van die vyand. Hulle harte het geheel en al teen Tjhaka gedraai. Ook die aanvoerders was baie ontevrede. Hy het homself as onmens bewys, net soos Nongogo gesê het.

'n Paar dae later kom Isanusi by Tjhaka aan, alhoewel hy nie na hom op pad was nie; hy het slegs by hom aangedoen. Toe vertel Tjhaka vir Isanusi hoe sy heerskappy gegroei het en dat daar net een heerser op aarde is. Sy krygers is so baie soos die sterre. Isanusi sê hy is bly om te hoor dat sake so staan. Hy sê verder dat Tjhaka moet sterk wees en voortgaan. „Ek het vir jou al die begeertes van jou hart bekom. Nou moet jy gereed maak om my en my handlangers ons beloning te gee, die dag as ek terugkom.” Toe Tjhaka vra wanneer hy terugkom, sê hy, hy kan nie met sekerheid sê nie; die pad van 'n toordokter kan nie vooraf bereken word nie. Maar hy sal gou maak.

Nadat hy van Isanusi afskeid geneem het, gaan Tjhaka sy beste deurkyk en hy kies vir Isanusi die bestes en die meeste wat 'n toordokter nog ooit ontvang het. Hy het hulle eenkant gehou om te wag vir hul baas.

Die onversadigbare dors

Tjhaka se lewe was vol aangrypende momente en geheimenisse. Omdat dit nie ons doel is om al die momente volledig te beskrywe nie, kies ons slegs enkele wat vir ons doel geskik is. En nou, as ons afsluit, herinner ons die leser aan wat verby is.

Met die assegaai wat Isanusi vir hom gemaak het, het Tjhaka genadeloos doodgemaak. Hy was gou beroemd en daarmee het hy groot heerskappy verwerf. Met die leërs van sy groot ryk het hy suidwaarts aangeval, alles omvergewerp en verwoes. Dié wat ontkom het, was veel minder as dié wat omgekom het. Ook in die noorde was dit so. As ons die mense tel wat deur Matiwane gedood is in sy vlug voor Tjhaka uit en dié wat deur die Batlokwa van Sekonyela gedood is, dié wat Moselekatse afgemaai het, en dié wat Tjhaka tuis in Zululand doodgemaak het, saam met die suigeling wat op sy bevel om die lewe gebring is, vind ons dat die getal werklik groot is. As ons die dood van Noliwa, Nongogo en Mnyamana en van Nandi en sy vroue byvoeg, vind ons 'n skrikwekkende getal. Dit was omtrent gelyk aan die Basotho.

Deur Tjhaka het die *difaqane* ontstaan, waar mense mekaar geëet en mekaar beroof het. Ook die hawelose swerwe oor die vlaktes was nie vroeër bekend nie. Deur hom het die mensvreter ontstaan, die aakligste van alle aaklighede. Hulle het mekaar gejag om mekaar te eet.

In daardie dae, toe koning Tjhaka in sy middeljare was, die tyd wanneer die lewe baie aangenaam is, wanneer die hardwerkende mens die vrug op sy arbeid begin geniet – as hy die beeste en bokkies van sy handewerk sien vermeerder, en die kinders wat hy voortgebring het sien speel – in daardie dae word koning Tjhaka baie onrustig. Hy raak verward ten spyte daarvan dat hy koning is. In plaas van bly te wees oor sy magtige heerskappy, sy baie rykdom, raak hy ontevrede. Koning van konings was hy. Die groottes van die aarde het hom gevrees, voor hom gekniel, op hulle maag voor hom geseil met nederige gesigte. Waar hy gesit het, het 'n dienskneg altyd vir hom skaduwee gemaak met 'n groot skild; die raadsmanne het hom mompelend geloof en begroet met eervolle uitinge. Die getal van sy krygers was soos die sterre aan die hemel. Geen koning het ooit soveel gehad nie. Hulle was bowendien onoorwinlik; hulle het geveg met 'n gees van stormwinde.

Maar te midde van al sy rykdom en glans raak hy gekwel en onvergenoeg in sy gemoed. Wat sal ons dan sê, wás die begeerte van sy hart? Waarna sôú hy so naarstiglik dors? Hy was 'n kryger. Met bloed het hy groot geword en baie het hy vergiet. Vandag, noudat hy nie meer saam met sy leërs uittrek nie, hunker hy daarna om mense te sien sterf. Dit is die ding wat hom siek maak omdat hy dit nie meer gereeld sien nie. Hy wou dat sy leërs bloed vergiet terwyl hy vir hulle sit en kyk; hy wou hom in die bloed verdrink.

Om die gevreesde in sy hart tot bedaring te bring, hou hy 'n groot fees en terwyl daar feesgevier word, laat hy sy oë oor die skare gaan om te soek wie hy kan verdelg. Sommige is net daar op die fees doodgemaak. Daar is gesê hulle is vrot sangers wat die koning se fees bederf. Ander het, uit vrees dat hulle doodgemaak sou word, nie aan die sang deelgeneem nie. Maar toe was hulle swye die oorsaak daarvan dat hulle doodgemaak is, omdat hulle die koning se fees laat misluk. Ander was so meegevoer deur die impi se spel dat hulle daarvoor geween het.

Toe sê die koning: „Dit is snaaks dat julle oor my spelende impi huil en nie oor my nie; ek, wat 'n wonder is, wat al dié dinge gemaak het. Julle huil nie oor my menslikheid nie, julle huil oor mooi klere; maar dit is nie dié wat dit dra nie, dit is die een wat dit gemaak het, wat die eer toekom – ek.” Toe hy dit gesê het, gaan sy assegaai op en wys na die huilendes. En hulle word doodgemaak terwyl hulle in hulle waan nog glo dat die koning bly sou wees as hulle oor sy skouspelagtige fees huil. Toe is ook die goeie sangers doodgemaak, omdat hulle die mense laat huil en die koning sy glorie ontnem.

Teen middernag, toe die mense by hulle huise aankom, neem Tjhaka sy leërs en vermoor die meerderheid van die mense wat na die fees gekom het onder die voorwendsel dat hulle teen hom saamgesweer het. Selfs die diensknegte by die koningshuis is om die lewe gebring en honderde het eenvoudig in die nag verdwyn. Toe het sy hart tot bedaring gekom. Kos was weer eetbaar en die dors het bedaar; hy het weer soos 'n mens gevoel.

Pynlike drome

Van daardie dag af was Tjhaka nooit weer gelukkig nie. Hy het slegte drome begin kry wat hom snags laat wakker skrik het. Maar as hy wakker word, het hy gewoonlik die droom vergeet. Enkele dae ná die fees kry hy hierdie droom: hy droom van sy lewe – van sy kinderdae tot by die ontmoeting met Isanusi – en word dan wakker. Drie maal droom hy dié droom, van 'n sekere tyd tot 'n onsekere tyd, en wat verbasend is, is dat hy elke keer wakker word by sy ontmoeting met Isanusi – alhoewel ons selfs vandag nog nie weet wat hom van Isanusi gepla het nie, want hulle was tog boesemvriende.

Toe hy die derde maal wakker word en nie weer aan die slaap kon raak nie, staan hy op. Maar as hy opstaan, het hy die droom vergeet en hou hy slegs die pyn daarvan oor. Teen dagbreek is hy verlep, sy hart swaar. Hy wil niks hê nie en vererg hom as mense met hom praat, hom groet. Die volgende nag lê hy pas, toe hy weer dié pynlike droom kry. Toe staan hy op en gaan uit na die hut van sy grootste geliefde – 'n mooi jong meisie, geneem uit die room van Zululand se meisies. Toe Tjhaka daar ingaan, vind hy haar hoendervel en nie mollig soos gewoonlik nie. Haar stem is skor en steek pynlik in sy ore. Hy gaan weg van haar die nag in sonder om die rus te vind waarna hy soek. As hy na haar terugkeer, vind hy haar nog dieselfde en weer gaan hy uit en neem hom voor om daardie selfde nag nog die ander jong meisies dood te maak omdat hulle nie in staat is om sy lydende hart te kalmeer nie. Omdat hy gedink het dat sy onrus die gevolg van toordery is, beraam hy 'n plan om sy tuiste te verlaat en na 'n plek te gaan waar kan hy vertoef tot Isanusi terugkeer en hom en sy stat kan behandel.

Iets wat ons verbaas, is dat Tjhaka nooit daaraan gedink het om sy pynlike drome aan Malunga en Ndlebe te vertel nie – hulle was die hele tyd by hom.

Toe gaan Tjhaka weg met twee van sy regimente, die Ma-Tjhaka en die Dinotshi. Hy gaan na die suide en vertoef daar. Hy laat nog 'n regiment, die Dukuza, kom. Onder die voorwendsel dat hy sy regimente vergesel, het hy soontoe gegaan, maar hy het geweet dat hy vlug; dat sy hart ontsteld is en hom geen rus of duurte gee nie.

Maar die eerste nag droom hy dat hy homself sien slaap en hoe 'n

assegaai hom in die hart steek. Verskrik spring hy op en gryp sy assegaai en skild, maar vind alles rustig. Toe gaan hy weer lê, want sy oë was swaar van baie slapelose nagte. En weer, toe hy slaap, sien hy hoe 'n Zulu-assegaai hom in die hart steek. Verskrik spring hy op en kyk rond, maar hy vind alles rustig stil. Daar is geen geluid nie, die mense slaap, snork. En toe hy nie kon slaap nie, dwaal hy rond, maar met 'n groot vrees. Hy het gebewe. Uiteindelik hurk hy op die grond om sy knakkende knieë te laat rus. Maar nog voor hy hurk, tjank 'n jakkals iewers ver van hulle af. Hy spring op met die gedagte dat dit die gille is van mense wat hom agtervolg. Weer dwaal hy deur die nag. Iewers tjank 'n hiëna. Hy ril as dit deur sy hart sny soos die assegaai van dié een wat hom in die droom gestek het. Toe vererg Tjhaka hom omdat die ander lê en slaap terwyl hy in doodsbenoudheid verkeer, en hy maak nege van hulle in die slaap dood.

In hierdie gebied het hy sy oorloë begin. Hier het hy genadeloos doodgemaak en hier het die wildehonde in troppe gejaag en die lyke verskeur. Van die statte het slegs bouvalle oorgebly. Terwyl hy sy dade so oordink en die naggeluide hoor, skrik hy groot en huil! Maar in plaas daarvan dat die huil sy hart tot bedaring bring, neem die ontstelling toe. Toe staan hy op, dwaal willoos in sirkels rond, ylend deur die nag. Eers teen die oggend, toe party manne al begin opstaan, val hy in 'n kort, swaar kopseerslaap.

Toe staan hy op om Malunga van sy pynlike drome te gaan vertel, hoewel hy selfs daardie dag sy drome vergeet het . . . Maar Malunga was weg. En niemand het geweet waar hy is nie, hoewel hy teen sonop nog daar was. Toe roep hy na Ndlebe. Maar hy was ook weg. Van die manne wat hom sien loop het, vertel hy het gesê hy gaan terug na die vleispotte en na die jong meisies van die koning. Nou was Tjhaka in die verleentheid. Hy kon stik van woede, want hoe verdwyn hulle dan juis op die dag dat hy hulle nodig het?

Daardie son gaan onder en laat hom alleen en sonder duurte in sy kwellinge. Hy dwaal angstig rond asof voortgejaag deur water wat kook in sy maag. Sy oë verklein, sak terug in hul kasse, kom dan weer uit asof hulle wil uitpeul, hang soos dié van 'n dronkaard. Swak word hulle, dof, getuies van sy kwellinge. Sy kop word duiselig. Reekse gebeure fladder deur sy siel. Hy sien dit, sien dit in die skemer. Die duidelikste sien hy bloed. Nou is hy nat van die sweet, dan weer verkluiim. Hy warrel rond soos een wat op soek is na genade, soos 'n perd met papiesiekte wat rigtingloos oor die vlaktes hol, soos die malperd van die Zambesi wat deur die pes verteer word. 'n Voorwerp van bejammering word hy. Dié wat hom sien, oordeel dat hy siek is.

Toe die son heeltemal onder is, neem hy tien van sy dapperste en betroubaarste manne en gaan eenkant met hulle slaap, sodat hy weg kan wees van baie mensevoete.

Op sy bevel was sy twee jonger broers, Dingana en Mhlangana, in die noorde op 'n sending. Maar halfpad het hulle omgedraai en gesê dat hulle siek is. Toe hulle by die koningstat kom, was Tjhaka reeds weg. Hulle stuur toe hulle groete en laat die koning weet waarom hulle omgedraai het. Toe Tjhaka dit verneem, stuur hy haastig hardlopers agterna om hulle te gaan haal, met die hoop dat hulle moontlik vir hom vertroosting kon bring. Die son gaan onder terwyl hy sy oë steeds op die pad gerig hou met die hoop dat hy hulle ver sou sien aankom. Maar Dingana en Mhlangana het lankal reeds opgemerk dat die volk gebuk gaan onder Tjhaka se heerskappy. Daarom het hulle omgedraai om Tjhaka dood te maak as die geleentheid hom voordoen, en die heerskappy vir hulleself te verwerf. So het Tjhaka hulle dan verwag – sonder dat hy van hulle plan geweet het.

25
Donga lukaTatiyana

Die son gaan onder, die skaduwees kom en die nag sak toe. Hulle gaan slaap. Ook Tjhaka val in 'n diep slaap, want hy was gedaan. In sy diep slaap kom die pynlike drome soos kwelgeeste erger as *tikoloshe*. Daardie nag brei sy drome uit. Hy sien sy koning Dingiswayo en sy prysenswaardige daade. Hoe hy probeer het om 'n gees van menslikheid onder sy volk te bring. Hy sien homself daardie mooi werk vernietig. Gekwel staan hy op en strompel rond om die slaap te verdryf, terwyl hy dikwels kyk of hy sy broers nie dalk sien aankom nie. Sy moeë knieë dwing hom om te gaan sit. Skaars sit hy of hy word deur die slaap oorval en hy droom.

In hierdie droom sien hy homself van sy ontmoeting met Isanusi tot die dag dat hy koning word. Al sy daade gaan stadig in sy droom verby, alhoewel hy gehoop het dat dit gou moet verbygaan. Al sy oorloë sien hy, sien dit beter as in die dae toe hy daar midde-in was. Hy sien hoe dié wat hy doodgemaak het, sterf; hy sien hoe die stamme wat hy verstrooi het voor hom uit vlug en mekaar opvreet. Al die arbeid van sy heerskappy sien hy. Nongogo se reis en al die ellende daarvan, sy dood, én dié van Mnyamana; die moord op baie onskuldige vroue en dié op die suigeling, sien hy duidelik.

By die moord op die vroue begin hy benoud voel en probeer opstaan, maar kan nie. Hy wil skreeu, maar kan nie skreeu nie. Iets druk hom op die grond vas. Uiteindelik is daar genoeg krag om hom orent te kry, hy gryp sy assegaai en gaan staan gereed, kyk heen en weer . . . maar vind alles rustig, sy manne slapend. Drie wagte draai eenkant rond.

Nou besef Tjhaka dat sy einde naby is. Hy gee homself oor, in die veld, ver van sy mense. Die dood wat hy begeer, kan hy nie sterf nie. Maar ten spyte daarvan beplan hy nog 'n wandaad. Hy gaan na die wagte en sê: „Hoe laat is dit in die nag, wagte?”

Hulle sê: „Dit is middernag.” Toe vertel hy hulle van die dood wat hom dreig en hy sê hy is getoor deur Dukuza se regiment. Hulle moet hulle gaan doodmaak. Toe laat hy een van die impi's haal. Hy verdeel hulle in twee groepe: die eerste stuur hy na die statjies naby die Mvotirivier om al daardie mense te gaan ombring; hulle moet nie een oorslaan nie, hulle het hom getoor. Die oorblywende groep verdeel hy

ook in twee en gee hulle opdrag om die mense wat van die statjies ontsnap, dood te maak. Toe roep hy die Ma-Tjhaka – toe die ander weg is – en stuur hulle om elk van hierdie groepe te gaan doodmaak. Dit kon hulle maklik regkry, want die groepe was klein. So het hy Zulu Zulu laat doodmaak sonder dat hulle dit besef het.

Toe die groep wat na die statte gestuur is, terugkeer, maak die Ma-Tjhaka hulle dood. Terwyl die geveg nog aan die gang is, stuur hy die Dinotshi in en sê die vyand het gekom. Maar hierdie groep het agtergekom dat dit Zulu's is en het opgehou voor hulle begin het.

Aangenaam is dit vir 'n mens om homself 'n edel daad te sien doen.

Aaklig is dit vir 'n bedrieër om homself bedrog te sien pleeg. As 'n mens aan sy wandade dink en hom dit veral self sien doen, kan die pynlikheid daarvan nie beskryf word nie. Daarom kan ons nie die lyding wat Tjhaka deur sy drome ervaar het, beskryf nie.

Ons het gesê, hy het op die grond gaan sit om sy moeë liggaam te laat rus. Gou was hy weer aan die slaap en hy droom. Hy sien homself by Mgungundlovu bokant die kloof van Donga lukaTatiana. Hy hoor 'n sterk wind soos van 'n storm, gevolg deur 'n groot geraas van mense. Skielik sien hy in daardie kloof al die mense wat hy doodgemaak het, deurmekaar van woede. Ander staar hom jammerlik aan sonder om iets te sê. Hy sien *Hili* daar woedend rondskarrel en sê: „Tjhaka! Tjhaka! Tjhaka! „ terwyl hy op sy tande kners. Hy sien al die geeste van bedrog daar versamel en sy vriend, die koning van die swart dieptes – hulle almal kyk hom aan.

Terwyl Tjhaka nog so kyk in sy droom, sien hy Isanusi en sy handlangers kom, al drie doodstil en bly soos 'n mens bly is oor sy vyand wat hy oorwin het en greeed om hom dood te maak. Soos mense wat bly is dat dié dag aangebreek het, was hulle. Toe sê Isanusi: „Tjhaka, vandag het ek gekom om my beloning te haal. Die dag toe ek hier verby is, het ek jou gesê jy moet gereed maak; daar moet nie gesloer word nie; gee my wat my toekom, en sonder geredekawel.”

Alhoewel hierdie woorde nie lelik was nie, was die pyn wat hulle Tjhaka besorg het, geweldig. Toe die woorde hom tref, spring hy op en oorval 'n wag en maak hom dood. Toe word hy wakker, kyk verskrik rond, en sien dat die nag aan die opklaar is.

Toe die son uit is, rig hy homself moeisam op en praat met van die mense. Maar sy praat was nie soos van die Tjhaka wat hulle geken het nie. Toe staan hy op, die leeu van die Zululandse bosse, die vreeslose dier. Maar hy staan van sy krag ontnem, nie in staat om sy maanhaar te laat rys nie. Toe staan die groot olifant, maar steierend staan hy, van sy krag ontnem, sugtend soos 'n brandsiek bees, die oë neergeslaan.

Die mooi houding, die breë skouers, die swaar lyf was sonder beheer. Steierend staan hy terwyl hy hom verbeel hoe iemand op hom toeloop, hom skielik omslaan en hy gapend sterf soos 'n voël. Dood, die bulkalf! Dit gryp hom, maar hy sien dit nie. Dit het gekom, maar hy kan daarvan nie wegvlug nie. Hy kan dit nie beveg nie. Die dood in die dae van sy glorie, in die dae van sy selfverheerliking toc hy gemeen het dat die leërs van Zululand selfs die dood oorwin.

Toe daardie son opkom, kom hy op met die regiment van Dukuza dood, dié van Ma-Tjhaka ook. Slegs dié van Dinotshi het nog gelewe. Aan hulle gee hy toe geleentheid om vir hulle van sy beste te kies. So, sê hy, wil hy hulle beloon vir hulle voortreflike diens. Maar terwyl hulle nog besig was om uit te soek, stuur hy 'n groep jong manne om hulle te gaan doodmaak. Hulle het hom getoor en noudat hy siek is, lê hulle op sy beste beslag, het hy gesê . . . Maar dood was hy nog nie.

Die einde van Tjhaka

Die son het opgekom en toe die beeste by die weivelde aankom, het Dingana en Mhlangana opgedaag. Tjhaka was buite homself van blydschap. Hy het opgespring asof hy hulle die eerste keer sien en dit het vir hom gevoel na koel water wat sy lyding verlig. Toe die lyding en die pyn bedaar, gee dit hom kans om met hulle te praat. Die grootste deel van die dag praat hy met hulle. Oor hulle ekspedisie vra hy hulle uit en hulle gee hom die antwoorde wat hy verlang. Toe Dingana sien dat hy werklik swak is, maak hy hom gereed om sy lelike plan sonder versuim uit te voer.

Tjhaka se pyne keer teen die middag terug, en toe die aandskaduwees toeneem, pak dit hom met vreeslike geweld en verhinder hom om met sy broers te praat. Op daardie oomblik kom daar gesante van Moshweshwe met geskenke van bloukraanvoëlvere om sy impi's mee te versier. Hy neem en bewonder dit, maar die pyne word vir hom te veel. Weer gaan sy dade voor hom verby. Tussen almal wat hy uitgewis het, sien hy Noliwa, hoor hy haar laaste woorde: „Tjhaka, my geliefde, jy wat my vader is, jy, Jobe, jy, Dingiswayo, jy . . .” En toe hy daardie woorde hoor, sien hy haar weer. Sy kop duisel, sy liggaam nat van die sweet. Hy hoor Isanusi sê: „Vandag word jou naam gevoeg by die konings van ons plek,” en nou verstaan hy dit beter as wat hy dit toe verstaan het.

Toe Noliwa verdwyn, verskyn Nandi en toe hulle oë mekaar vind, begin hy huil, maar hy uit geen geluid. Hy plaas die vere van die bloukraanvoël op sy oë asof hy daarna kyk, maar sien kan hy nie. Nandi is daar – waar hy haar seun om die lewe bring, en tussendeur die stem van Noliwa. Weer sien hy Donga lukaTatiyana en die mense wat hy uitgewis het. Nandi aan die een kant en Noliwa aan die ander. Nog kyk hy na hulle toe Isanusi daar ver verskyn met sy handlangers. Hy hoor 'n stem wat hom bo almal uitlag en sê: „Tjhaka, moordenaar van jou kinders, bloed van jou vader! Moordenaar van jou vrou, die boesemvriend van jou hart! Moordenaar van jou moeder, geboortegeër aan jou!”

Toe sien Dingana dat Tjhaka weer droom en met sy oog wink hy Mbopha nader: hulle tyd het gekom. Hy kyk om na Mhlangana wat

ook nader kom. Soos iemand wat die vere wil bewonder, kom Dingana nader na Tjhaka en skielik steek hy hom – die assegaai verdwyn en kom ander kant uit. Van agter steek Mhlangana hom en voor kom dit uit. Mbopha s'n kom aan die sy uit. In sy maag ontmoet hulle assegaie . . . En op dié moment kom Isanusi om sy beloning te vra.

Toe hy die assegaie in sy lyf voel, draai Tjhaka stadig om asof uit die middagdroom gewek. Maar hy verdedig hom nie. Sy pyne bedaar en sy gesig verhelder. Toe slaan Dingana en Mhlangana op vlug, want hulle het hom geken. Toe sê Tjhaka: „Julle maak my dood met die hoop dat julle konings sal word as ek weg is, maar julle maak 'n fout. Die *umlungu* (witman) kom en dit is hy wat julle sal regeer! ”

Verwond sterf Tjhaka ver van sy huis.

Toe die son ondergaan, word sy lyk die wildernis in gesleep om deur die roofdiere opgevrete te word. Vroeg die volgende môre haas die mense hulle daarheen om te gaan kyk wat die roofdiere laat oorbly het. Hulle tref sy lyk ongeskonde aan net soos hulle dit gelaat het, net groen soos alge. Hulle sien baie spore rondom die lyk op die grond en uitermate is hulle verbaas dat die hiëna wat vraatsiger as 'n vark is, dit nie die nag geëet het nie. Hulle gaan toe vir Dingana sê en hy gaan met hulle na die liggaam kyk. Toe hulle nader kom, sien hulle die kraaie daarvan opvlieg en hulle meen dat sy oë uitgepik is. Maar al twee vind hulle nog daar. Toe oorval 'n groot vrees hulle en hulle bewo. En Dingana gee bevel dat die lyk haastig begrawe moet word sodat dit nie dalk weer uit die dood opstaan nie.

So was die dood van Tjhaka, die seun van Senzangakhona.

Selfs vandag nog as die Mazulu dink hoe die mense geleef het in Tjhaka se tyd, hoe stamme teen mekaar opgestaan het, en dink aan hul ryke wat geval het, dan kom daar trane in hul oë en hulle sê: „Dit kook en word still! Selfs die groot damme droog op – selfs die groot ryke kom tot 'n val! ”

TJHAKA THOMAS MOFOLO

896
397
7231
MOFO